
HOOFSTUK 2

Aan die taalbeheersing in die sin van die gebruik van die uitsluitlik korrekte vorme skort daar by die meeste taalgebruikers heelwat, ondanks hulle vermoë om effektiewe kommunikasie tot stand te bring.

Steyn (1970)

SEMANTIESE HERHALING - TEORETIESE ASPEKTE

	Bladsy
2.1	INLEIDING 50
2.2	DIE TRADISIONELE BENADERING 52
2.2.1	Inleiding 52
2.2.2	Analogie 54
2.2.3	Kontaminasie 55
2.2.4	Redundansie 59
2.2.5	Toutologie 59
2.2.6	Pleonasme 62
2.2.7	Stapelvorm 63
2.2.8	Cliché 63
2.2.9	Stoplap 65
2.2.10	Stylfigure 66
2.2.11	Samevatting 68
2.3	KONSEPTUELE OORVLEUELING 69
2.3.1	Inleiding 69
2.3.2	Sinonimie 69
2.3.2.1	Volkome sinonimie 74
2.3.2.2	Gedeeltelike sinonimie 83
2.3.3	Hiponimie 100
2.3.4	Polisemie 106
2.3.5	Gemerktheid 113
2.4	GESPREKSREËLS 117
2.4.1	Inleiding 117
2.4.2	Seleksiebeperkings en betekenissenmerke 117
2.4.3	Relevansie van verdere kontekstuele inligting 130
2.4.4	Diskoersreëls 136
2.5	SAMEVATTING 148

2.1 INLEIDING

Semantiese herhaling steun per definisie op die begrip semantiese oorvleueling. Hierdie begrip is egter problematies, aangesien semantiese oorvleueling kenmerkend is van 'n hele aantal semantiese betrekkings. Dit is dus die doel van hierdie hoofstuk om aandag te gee aan betekenisgelykheid en -oorvleueling wat kenmerkend is van verskillende konsepte in die linguistiek.

Die paradigmatische betekenisrelasies soos **sinonimie** (volkome of gedeeltelik), **polisemie**, **hiponimie**, **gemerktheid**, **gradering** en **semantiese vaagheid** word derhalwe in hierdie hoofstuk behandel. Verder word aandag gegee aan die sintagmatiese **betekenisrelasies** wat van belang is vir semantiese herhaling. **Seleksiebeperkings** en **betekeniskenmerke**, en **diskoersreëls** word ook bespreek.

Alvorens oorgegaan word tot die uiteensetting van bogaande teoretiese aspekte, word noukeurige aandag gegee aan die tradisionele grammatiese beskouing van semantiese herhaling. Daar word in die tradisionele grammatika 'n hele aantal fasette van semantiese herhaling onderskei wat elk as 'n afsonderlike taalverskynsel behandel word; die bekendstes van die verskynsels is die volgende: **pleonasme**, **toutologie**, **reduplikasie** (in hierdie navorsing genoem **duplikasie**) en **stapelvorm**. **Kontaminasie** en **analogie** word as oorkoepelende terme gebruik (vergelyk die skematiese uiteensetting onder 2.2).

Al hierdie 'taalverskynsels' vorm onderafdelings van die geheel: **semantiese herhaling**. In die tradisionele beskouing van semantiese herhaling word daar wel 'n onderskeid getref tussen die diachroniese en die sinchroniese semantiese ooreenkomste of verskille (vergelyk pleonasme en toutologie).

Binne die sinchroniese ooreenkoms maak die tradisionele beskouing egter nie voorsiening vir onvasthede in betekenis nie. Hierdie onvasthede in betekenis bestaan juis vanweë die realiteit van semantiese variasie en verskuiwing binne die semantiese sisteem. Taal is dinamies en dit is voortdurend aan 'n proses van betekenisverandering, -verskuiwing en -verbleking onderworpe. Vergelyk die volgende voorbeeld in hierdie lig:

[2-1a]

(A = B)

Pappa, hoor hoe pragtig klink die *hout-xilo*-foon

Semantiese herhaling vind plaas met die stel van sowel hout- as -xilo- in xilofoon. Die woordeboekdefinisie toon die volgende:

xilofoon: "slaginstrument met 'n ry houtplaatjies wat in lengte wissel, wat deur houthammers bespeel word; houtharmonika"
(HAT)

Die spreker is 'n kind wie se ensiklopediese kennis nog beperk is - hy dra ook nie kennis van etimologiese gegewens, naamlik dat xilo- inderdaad "hout" beteken nie. Dit is ook kenmerkend van kindertaal dat soveel moontlik van die beskikbare semantiese gegewens gebruik word ter bevestiging van 'n bepaalde saak.

Hierdie spesifisering van xilofoon as 'n houtinstrument is nie vreemd vir 'n jong kind van die tagtiger-/negentigerjare nie; vroeër sou die stel van hout- redundante herhaling gewees het, maar omdat daar deesdae op die kinderspeelgoedmark ook xilofone van aluminium gekry word, is hierdie spesifisering nodig.

Vergelyk ook die volgende:

[2-1b] (B + A)
Boeta, moenie in die *glasbottel* trap nie.

Vroeër sou die stel van glas- redundant wees, maar deesdae word bottels ook van plastiek en ander materiaalsoorte vervaardig.


Uit die betrokke voorbeelde is dit duidelik dat semantiese herhaling (redundant/nieredundant) verskuivende grense het na gelang van veranderinge in die sosiale en tydsmilieu, en die taalgebruiker se kennis van die wêreld/werklikheid. Ensiklopediese kennis is ook van kardinale belang in die gebruik al dan nie van semanties herhalende gegewens. Ten opsigte van die begrip **ensiklopediese kennis** skryf Sperber en Wilson (1986: 92) die volgende: "encyclopaedic entries are sets of assumptions: that is, representations with logical forms" en verder: "Encyclopaedic entries typically vary across speakers and times" (ibid.: 88). Hierdie bewering regverdig weer eens die gebruik van konstruksies soos houtxilofoon.

Verder word daardie gegewens wat as semantiese herhaling beskou word, bepaal deur die stilistiese reëls wat geld in Afrikaans. Die volgende aanhaling uit Steyn (1970: 10) sluit hierby aan: "Die taalgebruik is nl. koöperatief: dit is gerig op samehandeling, kontak, verstandhouding, of hoe mens ook al die oordrag van informasie wil noem wat geskied deur die gebruik van taaltekens wat volgens bepaalde reëls saam met mekaar gebruik word. Hierdie taalreëls is 'n kollektiewe besit van die gemeenskap wat die taal praat".

Die tradisionele beskouing van semantiese herhaling is dat dít wat 'oortollig' is in 'n uiting (hetsy in spraak of op skrif) afgekeur moet word. Sowel konstruksies wat elemente van SHNR bevat, as konstruksies wat elemente van SHR bevat, is afgekeur. Hierdie beskouing sluit aan by die ekstreme houding ten opsigte van die gebruik van 'korrekte taal' waar die volgende houding geld: "Sekere taaluitinge is aanvaarbaar omdat hulle voldoen aan norme wat vir korrekte taalgebruik gestel word. Die res is afwykinge van die norm" (Steyn, 1970: 8).

Dit is belangrik om daarop te let dat die gewenstheid of die mate van semantiese herhaling in taalgebruik, 'n relatiewe norm is. Semantiese herhaling behoort eerder gedefinieer te word in terme van 'n stilistiese norm of 'n gespreksreël. Die term **stilistiek/styl** wat in hierdie studie aanvaar word, sluit aan by die beskrywing van Steyn (1970: 17): "'Styl' moet ons hier dan opvat in die betekenis wat hy in die omgangstaal het, nl. 'manier van doen', en nie in sy gespesialiseerde literatuurwetenskaplike betekenis van 'waardevolle manier van doen' nie".

Ekonomie en redundansie vorm in sulke reëlsisteme twee pole van 'n maatstaf vir semantiese herhaling:



SHR: semantiese herhaling, redundant

SHNR: semantiese herhaling, niredundant

In taalgebruik staan ekonomie teenoor semantiese herhaling wat as die semantiese volvorm geld met die onderskeid SHNR en SHR. Die beginsel van ekonomie wat reeds in hoofstuk 1 bespreek is, kom in die loop van die navorsingstuk weer ter sprake (vergelyk veral hoofstuk 5).

2.2 TRADISIONELE BENADERING

2.2.1 INLEIDING

Volgens die tradisionele beskouing is semantiese herhaling sinoniem aan semantiese redundansie. Die tradisionele grammatici spreek net die helfte van die verskynsel aan, naamlik SHR-konstruksies en soos reeds gesien, verleen hulle nie erkenning aan SHNR-konstruksies as positiewe, normatief- en konvensioneel-aanvaarbare herhaling nie (buiten aan herhaling as stylmiddel binne literêre tekste).

Die bespreking van die lemma **herhaling** wat in hoofstuk 1 aangehaal word, kom nie uit 'n grammatikaboek nie, maar uit die WAT (vergelyk ook **iteratief** in hoofstuk 3 en **hendiadis** in hoofstuk 4). Die positiewe waarde van semantiese herhaling soos wat dit beskryf word in die definisie van die begrippe **iteratief**, **reduplikasie** en **hendiadis** word nie aangetoon nie. Hierdie begrippe word op verskillende plekke binne die tradisionele grammatikabeskrywings (indien enigsins) aangeroe, maar die onderskeie verskynsels word nie met mekaar in verband gebring as synde subkategorieë binne 'n groot/groter SH-geheel nie. Die volgende linguistiese verskynsels ressorteer onder SHNR:

- * Semantiese herhaling op woordvlak: iteratiwiteit, duplikasie en herhalingsamestellings
- * Semantiese herhaling op sinsvlak: hendiadis
- * Semantiese herhaling binne diskoers- en teksanalise as sintagmatiese betekenisrelasie (waaronder stylfigure)

Die tradisionele beskouing van semantiese herhaling in watter linguistiese verband ook al, word beskou as semantiese oortolligheid en sentreer veral om die verskynsels **toutologie**, **pleonasme**, **stapelvorm** en **kontaminasie**. In die Engelse literatuur word onder andere ook verwys na "redundancy" en "overlapping". Soos dit sal blyk uit 'n uiteensetting van die tradisionele benadering tot semantiese herhaling, word die verskynsel van (woord)oortolligheid byna deur die bank afgekeur. Daar is heelwat ander taalverskynsels

onder andere **analogievorme** en **cliché**, wat ook handel oor sekere aspekte van SH-elemente, en wat van belang is in hierdie navorsing.

In die meeste geraadpleegde bronne word die tradisionele onderskeid wat getref word tussen die verskillende verskynsels nie altyd duidelik omlyn nie. Heel dikwels word een verskynsel, byvoorbeeld toutologie met 'n tweede, byvoorbeeld pleonasme vergelyk sonder dat daar duidelik aangetoon word wat die verskille of ooreenkomste tussen die betrokke verskynsels is. Iewers tussenin of in dieselfde sin word moontlik verwys na stapelvorm, kontaminasie of analogie sonder om 'n besliste verbandlegging tussen die onderskeie begrippe daar te stel. In die veldwerk wat ten opsigte van die onderhawige navorsing gedoen is, is baie voorbeelde opgeteken wat dui op onder andere taalslordigheid; dit kom nie net in die spreektaal voor nie, maar ook in skryftaal. Hiemstra (1980: 117) noem dit **taalinflasie**: "In versorgde styl verskyn geen oorbodige woorde nie. Dis 'n ou en bekende verskynsel dat mense wat min te sê het baie woorde gebruik om dit te sê" en verder: "Armoede aan gedagtes kan vir iemand wat nie fyn oplet nie, weggesteek word onder 'n dekmantel van woorderykdom. Wanneer jy iets geskryf het, gaan dit na met die pen in die hand en skrap al die onnodige woorde, wat dikwels herhaling van 'n reeds uitgesproke gedagte is. Dit dui nie op herhaling as stylmiddel nie, opsetlik aangewend om sterker nadruk op iets te lê."

Hierdie rigiede, taalnormatiewe beskouing van die tradisionele grammatici sluit aan by wat Steyn (1970: 8) as 'n ekstreme houding ten opsigte van taalgebruik voorhou en wat impliseer dat 'n taaluiting aanvaarbaar is omdat dit voldoen aan die korrekte taalgebruiksnorme; enige ander uiting is 'n afwyking van die norm en derhalwe onaanvaarbaar.


Volgens Combrink en Oosthuizen (1983: 5) kan taalslordigheid (as 'n uiters negatiewe verskynsel in taalgebruik) op die volgende manier hok geslaan word: "Van die begin af aan en deurentyd sal leerlinge gelei moet word, gepoog moet word om behoorlik TE DINK VOOR HULLE PRAAT OF SKRYF en dan TE LET OP HOE HULLE GEDAGTES IN TAALVORM GESTALTE KRY."

Hierdie is tipiese kenmerke van taalgebruiksvaardigheid. Vergelyk Aitchison (1983: 164) in die verband: "..... another important fact about language: collections of utterances must be treated with caution. They are full of false starts and slips of the tongue. And they constitute only a small subset of all possible utterances. In linguistic terms, a speaker's **performance** is likely to be a random sample bespattered with errors, and does not necessarily provide a very good guide to his **competence**, the internalized set of rules which underlie them". In aansluiting by Aitchison beweer Steyn (1970: 12) die volgende: "Wanneer iemand in 'n gewone taalgebruikssituasie 'n taaluiting interpreteer en op die interpretasie reageer, impliseer dit nie dat die taaluiting ook vormlik korrek was nie". Die taalwerklikheid soos deur albei hierdie navorsers beskryf, is duidelik rigtinggewend oor hoe semantiese herhaling in taalgebruik benader behoort te word.

Die tradisionele benadering werk ook met 'n hoogs vereenvoudigde en op teoreties implisiete wyse met die semantiese relasie tussen die elemente A en B in die SH-konstruksies. Binne die tradisionele benadering word ook nie genoeg aandag gegee aan stilistiese en breër pragmatiese aspekte van taalgebruik nie. Probleme soos hierdie noodsaak 'n pragmatiese benadering tot die verskynsel van semantiese herhaling en redundante semantiese herhaling binne die konteks van pragmatiese modelle waarvan die kernpunte in hierdie hoofstuk

aangetoon word.

Alvorens daar oorgegaan word tot 'n bespreking van en kritiek op die onderskeie tradisionele beskrywings van SH-taalverskynsels, word aandag gegee aan die invloed van analogie en kontaminasie op die vorming van SH-konstruksies; vergelyk die volgende uiteensetting:



2.2.2 ANALOGIE

Analogie verskil van die res van die taalverskynsels, want dit is die basis of meganisme op grond waarvan daar geskep word, of waartoe daar tot semantiese herhaling aanleiding gegee word. Analogie word soos volg gedefinieer: "Die vorming van woorde, uitdrukkings, sinne, grammatiese vorme onder invloed van en na die voorbeeld van bestaande woorde, uitdrukkings, ens. waarmee hulle ooreenstemming vertoon in betekenis, grammatiese funksie of klanke" (WAT, Deel I: 192).

Analogie, "a vital factor in linguistic change" (Waterman, 1963: 51), is van kardinale belang in hierdie proses van oorweging en aanwending van SH-inligting. Analogie wat neerkom op linguistiese assosiasie, speel 'n uiters belangrike rol oor die hele SH-spektrum: in navolging van die bestaande patroon word 'n volgende patroon met 'n ekstra sinonieme element geskep, want ".....(an) analogy consists in making things that are alike more alike" (ibid.).

In hierdie ondersoek na semantiese herhaling in die grammatika van Afrikaans gebeur dit deurgaans dat die verskillende taalverskynsels die basis vorm vir die werking van analogie in taalgebruik, afgesien daarvan of hierdie vorme 'n 'aanwinst' of 'n 'taalslordigheid' is.

Die volgende is 'n uiteensetting van analogie as sodanig soos wat dit beskryf word deur die tradisionele grammatikas. So word veral op woordvlak formasies soos die volgende gevorm: na analogie van die vorm meisietjie (waar die -ie in meisie 'n diachroniese diminutiefmorfem is) ontstaan rokkietjie (met twee sinchroniese diminutiefmorfeme); na

analogie van meisietjie en ander lede van hierdie groot paradigma word 'n leenwoord soos baadjoe fonologies aangepas tot baadjie met die diminutief baadjietjie. Hier is dus drie vorms wat elkeen 'n ander ontstaansmotivering het ten opsigte van die skynbare diminutief=herhaling met 'n tweede diminutiefmorfeem om in die fonologiese patroon te pas; vergelyk:

[2-2] (B+A)

<i>meisietjie</i>	([erfvorm + diachr. <u>dim.</u>] + diminutiefmorfeem)
<i>rokkietjie</i>	(analogie: sinchr. eievorm + twee diminutiefmorfeme)
<i>baadjietjie</i>	(leenvorm + 1 diminutiefmorfeem)

Die erkende meervoudsvorme beddens, vrouens, ens. gee op hul beurt aanleiding tot die vorming en gebruik van sogenaamde 'foutiewe' analogievorme soos vliegtuiens en roboddens (vorme wat veral in kindertaal voorkom). Hierdie soort analogievorme lê op sinchroniese vlak en is nog nie vasgelê en word nog nie erken as deel van die aanvaarde Afrikaanse leksikon nie. Daarom word dit beskryf as synde 'foutief'. In aansluiting hierby word WAT aangehaal wat verwys na 'valse analogie' as analogie wat ontstaan deur 'n verkeerde voorbeeld te volg; heelwat sodanige gevalle bevat semanties redundante inligting wat as fout oorgedra word na die volgende verwante geval.

Van Dale (1982:163) skryf: "analogie is een levende vormkracht in iedere taal" en Le Roux (soos aangehaal in die WAT, Deel I: 192) beweer: "Analogie is 'n belangrike taalvormende en taalskeppende faktor: dit stel ons in staat om oorgelewerde taalvorme te bewaar en nuwes na die voorbeeld daarvan te skep". Van der Merwe (1969: 189-194) brei uit op Le Roux se verdeling en noem "die taalvormende mag" (waarvolgens 'n bestaande taalsisteem aangeleer word), "die taalskeppende mag" (die skepping van nuwe taalvorme na die voorbeeld van die bestaande) asook "die taalwysigende mag van analogie".

Die taalskeppende en taalwysigende krag van analogie speel 'n baie belangrike rol in die skepping, oordrag en wysiging van bepaalde morfologiese en sintaktiese SH-patrone soos duidelik (sal) blyk uit die beskrywing en bespreking van semantiese herhaling in Afrikaans in hierdie studie.

2.2.3 KONTAMINASIE

Kontaminasie speel 'n uiters belangrike rol in die vorming van SH-konstruksies (in hoofstuk 4 word van die verskynsel verder bespreek). Vergelyk Aitchison (1983: 239) in hierdie verband: "Such mixes are also known as **contaminations** since the two words involved 'contaminate' one another. Often, in this kind of mistake, both the items chosen are equally appropriate. It is just the speaker seems to have accidentally picked two together - or rather failed to choose between two equally appropriate words in time. He has not so much picked the wrong word, as not decided which of the right ones he needed."

In kontaminasievorme soos die volgende is daar drie elemente aanwesig, naamlik A as kontaminant, B as kontaminant en C as eindproduk; hier is dus sprake van drie alternatiewe stelwyses van dieselfde semantiese inligting:

[2-3a]

(B + A)

- C: Die rommel is *opwaarts opgehys*
 < Die rommel is *opwaarts gehys* (kontaminant A)
 + Die rommel is *opgehys* (kontaminant B)

Die volgende is verdere voorbeelde van kontaminasie:

[2-3b]

(A + B)

- C: Die Sjiniese studente het 'n *heldeontvangs ontvang*
 < het 'n *heldeontvangs gehad*
 + is *ontvang soos helde*

[2-3c]

(A + B)

- C: Dertig persent van *die produksie* wat ons land *produseer*,
 voer ons uit
 < ... van dit *wat ons land produseer*
 + *ons land se produksie*

Vergelyk die kontaminasie van twee (slegs in enkele gevalle drie) konstruksies waar gedeeltes van A en B (en C) gebruik word vir die kontaminante (vergeyk C) teenoor stukke wat volledig langs mekaar in 'n sin geplaas word:

[2-3d]

(A = B)

Hy lag *agteraf* = *in sy vuus* vir ons

Kontaminasie lei dikwels tot die voorkoms van ooreenstemmende klankgroepe. Die aanwesigheid van sulke fonologies identieke stukke word teengestaan; 'n spreker probeer dikwels die klanklike herhaling ophef deur te herkonstrueer of 'n vorm met betekenis-ooreenkoms te gebruik, solank die klankooreenkoms minder opvallend (indien enigsins) aanwesig is.

Die volgende voorbeeld waar klanklike ooreenkoms voorkom, bestaan uit drie kontaminante en 'n eindproduk (D):

[2-3e]

- D: Die vlamlelie is ook *inheems binne in ons landsgrense*
 A: < Die *vlamlelie is ook inheems*
 B: + Die vlamlelie kom voor *binne ons landsgrense*
 C: + Die vlamlelie *groei in ons land*

'n Motivering vir die kontaminasieproduk kan moontlik in die gebruik van die woord inheems lê; die betekenis van inheems word sekerlik nie etimologies ontleed deur die

spreker nie en word ook nie met die antonieme element uitheems in verband gebring nie:

in- x uit-

-heems < heem "woonplek, erf"

Die element in- hoef egter nie fonologies in verband gebring te word met die voorkoms van in in binne en in (ons landsgrense) nie.

Kontaminasie kom ook op woordvlak voor, soos in die geval van die intensiefvorm papsopwaternat, waar die volgende as kontaminante geïdentifiseer word:

[2-3f]

papnat + sopnat + waternat

papnat + sopnat > papsopnat

papsopnat + waternat > papsopwaternat

Die eerste gedeelte van die samestelling word behou en gebruik om die intensiteit telkens te vergroot, terwyl die foneties en semanties identieke en gemeenskaplike adjektief as kernelement behou word.

Die bronne¹ beskryf kontaminasie as die vermenging/ineensmelting van (twee) betekenisverwante woorde, woorddele of uitdrukings tot 'n nuwe (soms verkeerde) geheel. Die outeurs gee toe dat daar kontaminasievorme is wat burgerreg verkry indien sodanige vorm lank genoeg gebruik word om erken en aanvaar te word en deel van die woordeskat word. Van der Merwe en Ponelis (1982: 110) beweer: "So kan per ongeluk beskou word as erfgoed uit Nederlands, en dis al so ingeburger dat by ongeluk vandag vir ons vreemd klink. Ook is die woordjie soos versink (vergaan + sink, gesê van 'n skip wat met opset tot sink gebring is) 'n mooi aanwinst".

Scholtz (8ste druk: 103) wat 'n heel positiewe gesindheid ten opsigte van kontaminasie openbaar, skryf die volgende: "Kontaminasie of versmelting ontstaan dus wanneer twee woorde of uitdrukkinge met min of meer verwante betekenis gelyktydig opdoem en mekaar kruis in ons bewussyn. Wanneer dit twee woorde is wat versmelt, dan bestaan die kontaminasievorm uit 'n gedeelte van elk of uit een van die twee woorde en 'n gedeelte van die ander koggelmander bestaan uit koggelmannetjie en klipsalmander". Verder beweer hy dat kontaminasie spontaan en onopsetlik ontstaan: "Wanneer so 'n kontaminasie-vorm baie lelik en opvallend is, sal die spreker - onder die indruk dat hy hom verspreek het - sy fout herstel. Hoe meer ooreenkoms daar egter bestaan tussen die twee woorde of uitdrukkinge, hoe minder kans dat hy sy fout sal ontdek. Ander persone kan dit herhaal, sodat dit later heeltemal gebruiklik word in die taal. Talle woorde en uitdrukkinge wat vandag algemeen erken en gebruik word, het hul ontstaan te danke aan kontaminasie of versmelting."

Aitchison (1983: 239) beskryf blending (wat aansluit by kontaminasie) soos volg: "The third

¹ **Kontaminasie** as taalverskynsel word behandel/gedefinieer deur onder andere Terblanche (1966), Van der Merwe (1969), Van der Merwe en Ponelis (1982), Senekal (1972), Hiemstra (1980) en Scholtz (8ste druk).


type of selection error, so-called **blends**, are an extension and variation of semantic errors. They are fairly rare, and occur when two words are 'blended' together to form one new one. For example NOT IN THE SLEAST contains a mixture of 'slightest and least'. And PLEASE EXPLAND THAT is a mixture of 'explain and expand'."

Die tradisionele grammatici is van mening dat kontaminasie meestal 'n verkeerde geheel, foutkoppeling, versprekings, foutiewe uitdrukkings, slordigheid en verwarde denke is. Hierdie beskrywing dui op kontaminasie as 'n stilistiese wanpraktyk wat geweer sou moes word.

Die bewering word gemaak deur Senekal (1972: 363) dat kontaminasie ontstaan by 'n haastige spreker. Dit impliseer dus ondeurdragtheid tydens uiting omdat daar nie genoeg tyd gewy word aan formulering nie. Vergelyk Aitchison (1983: 164, 239) ten opsigte van die performance-probleem.

Uit die bronne blyk dat 'n kontaminasievorm óf 'n aanwins is óf uitloop op 'n nuwe verkeerde geheel. Talle van die voorbeelde wat benoem word as sogenaamde verkeerde koppeling is reeds opgeneem in die gebruikswoordeskate. Die voorbeelde wat vervolgens gegroepeer word, is gedoen volgens die huidige ingeburgerdheid van die kontaminasievorme. Die kontaminasieproses het in hierdie gevalle reeds afgeloop: daar bestaan dus twee kontaminante en 'n eindproduk en hierdie drie kontaminante is reeds opgeneem in Afrikaans-taalgebruik; vergelyk:

[2-3g]



Hiemstra (1980: 67) se stelling: "kontaminasievorme is egter byna altyd foutief" en "dat hulle niks bydra om die bedoeling weer te gee nie" is nie korrek nie. Talle van die kontaminasiegevalle wat veral op woord- en stukvlak voorkom, is 'n semanties leksikale aanwins. Soos blyk uit die voorbeelde van die ingeburgerde vorms, is kontaminasie in baie gevalle verrykend vir die leksikon. As deel van die taalsisteem skep kontaminasievorme die basis vir analogievorme in taalgebruik.

2.2.4 REDUNDANSIE

Onder hierdie term groepeer Gowers (1985), Fletcher (-), Webster en die Reader's Digest (1971) 'n hele aantal taalverskynsels, naamlik **overlapping, repetition, padding, pleonasm** en **redundancy**. Die gemene deler van hierdie beskrywings is die kenmerk: "unnecessary repetition" van 'n woord, woorde of sindele. Fletcher (30 - 31) voeg hierby: "The precise classification of redundancies is not important; what is important is to recognize them, and to avoid them".

Die skrywers huldig almal die mening dat redundansie 'n afkeurenswaardige taalpraktyk is wat ten alle koste vermy behoort te word. Hulle het in die besonder die geskrewe woord in gedagte. Hierdie stilisties retoriese kriterium staan dus op die voorgrond.

In hierdie 'definisies' word nie altyd definisies verskaf nie, maar dikwels net 'n stilistiese reël. Vergelyk Gowers (1985: 99): "..... if it (redundancy) can be avoided it should" en verder: " an over-staccato style is as irritating as an over-sostenuto one" en Fletcher (- : 31): "..... what is important is to recognize them (redundancies), and to avoid them".

Die outeurs van die Reader's Digest (1971) tref 'n onderskeid tussen redundansie (wat tot bepaalde voorbeelde beperk is) en pleonasmes. Onder redundansie groepeer hulle **tautology, padding, overlapping, repetition, verbosity** en **periphrasis**.

Geeneen sien in nie dat dié redundansie/herhaling in baie gevalle semantiese herhaling is wat ook 'n positiewe bydrae te lewer het vanweë die funksionele aspek daarvan. Verder is die ontleding van baie van die verskynsels beperk tot 'n enkele definiërende stelling met enkele toeliggende voorbeelde. Daar is eintlik geen in-diepte-bespreking/-ontleding van relevante taalkundige vrae rondom die verskynsel nie.

In hierdie studie word 'n duidelike onderskeid getref tussen semantiese redundansie en semantiese herhaling. In sommige gevalle (veral waar intensivering ter sprake is) kan sommige op-die-oog-af redundante vorme gemotiveer word as synde SH-konstruksies.

2.2.5 TOUTOLOGIE

Hierdie taalverskynsel word in 'n hele klomp bronne bespreek ². Van Dale (1982) noem die voorbeeld: ik was blij en verheugd (wat as 'n hendiadisvorm bekend staan maar in hoofstuk 4 as idiomatiese woordpaar gekategoriseer en bespreek word). Hiemstra (1980: 95) noem die voorbeeld: skoolhoof van 'n skool (wat in hierdie studie as 'n kontaminasievorm beskou word en wat in hoofstuk 1 en later in hierdie hoofstuk bespreek word).

Van der Merwe (o.a. 1968: 127, 135-136) en Senekal (1972: 363) beperk toutologie tot woordvlak. Hulle tref egter nie een die onderskeid affiksherhaling en stamherhaling nie (soos in hoofstuk 3 van die studie gedoen word). Albei bronne wys op twee groepe geykte toutologieë, naamlik:

² Van Dale, HAT, Terblanche, Hiemstra en Webster beskou **toutologie** as 'n verskynsel op sinsvlak.

- (1) samestelling: vroeër geykte vorme (Van der Merwe, 1968)
2 sinonieme komponente (Senekal, 1972)

bv. *windhond*, *lintwurm*, *tortelduif*, ens.

- (2) historiese herhalingselemente
'meervoude': -er in *kinders*, *kalwers* (Van der Merwe)
-s in *kinders*, *kalwers* (Senekal)

Uit die vergelyking in (1) en (2) blyk die verskil in beskouing ten opsigte van toutologie. Van der Merwe (1967) belig die historiese dimensie, maar gaan nie in diepte hierop in nie. Hy sien met ander woorde nie dat semantiese verbleking 'n proses is wat met verloop van tyd voltrek word en dat dit sinchronies bepaalde implikasies vir semantiese herhaling het nie.

Senekal (1972: 363) beweer aan die een kant: "toutologieë is samestellings" maar beweer aan die ander kant: "Ook historiese gegewens is toutologies." (ibid.) Hy gee nie self uitsluitel oor die bewering nie. Van der Merwe (1969: 200-201) beskou toutologie en stapelvorm as sinonieme begrippe.

Van al die taalverskynsels waar semantiese herhaling betrokke is, bestaan daar oor die aard en wese van die toutologie die grootste verwarring by die tradisionele grammatici.

Die skrywers kan op grond van hulle standpunte in twee groepe verdeel word:

- (a) diegene wat toutologie as algemene (universele?) taalverskynsel beskryf en wat negatief staan teenoor die gebruik daarvan (o.a. Hiemstra, 1980);
- (b) diegene
 - (i) wat toutologie sterk koppel aan etimologies redundante vorme (sinonimie op woordvlak, bv. *tortel* (*tortel* = *duif* + *duif*) wat spesifiek in Afrikaans voorkom (Senekal 1972, Van der Merwe 1968)
 - (ii) wat nie soseer negatief daarteenoor staan nie, maar wel die pleonasme as die sondaar brandmerk (dit is van die skrywers oor die Afrikaanse Taalkunde, o.a. Hiemstra, 1980)

'n Paar skrywers uit groep (b) stel toutologie ook gelyk aan stapelvorm. Volgens Senekal (1972: 363) is toutologieë (slegs) samestellings. Hierdie groep Afrikaans-taalbeskrywers verskil radikaal van Hiemstra (1980: 69) wat toutologie beskou as "die ergste vorm van pleonasme". (Eintlik sien Hiemstra toutologie as 'n subgeval van pleonasme en pleonasme as 'n subgeval van taalinflasie.)

In die tradisionele literatuur bestaan dus nie eenstemmigheid oor dit waarna die term toutologie verwys nie. Die meeste skryf van die opeenvolging van **woorde** wat min of meer dieselfde begrip uitdruk, maar dan gebruik hulle voorbeelde wat oor die hele spektrum van die SH-skaal kan beweeg, byvoorbeeld [2-4a] en [2-4b]:

[2-4a]

Op semanties-morfologiese vlak:*lintwurm* (diachroniese element + sinchroniese element wat sinoniem is)*brokstuk* (twee sinchroniese elemente wat sinoniem is)*kinders, liedere* (twee meervoude: 1 diachronies, 1 sinchronies)*bulldoghond* (vreemdewoord-element sinoniem eiewoord-element)

[2-4b]

Op stuk- en sinsvlak: (A/B + B/A)Idiomatiese woordpaar: *bly en verheug*

(B + A)

SH op stukvlak: *oor herhaal*

In hierdie navorsingstuk word slegs voorbeelde op woordvlak soos genoem in [2-4a] beskou as toutologieë. Dié wat in die bronne genoem word op stuk- en sinsvlak ([2-4b]) ressorteer nie in die studie onder toutologie nie.

Volgens die tradisionele beskouing is produktiwiteit van toutologiese vorme beperk; dit is egter in 'n sekere mate waar net ten opsigte van daardie samestellings met diachroniese elemente, soos byvoorbeeld winkelhaak en walvis. Volgens Van der Merwe (1968: 135) speel toutologie 'n betreklik onproduktiewe rol in die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat; hy noem enkele geykte vorme onder andere walvis, winkelhaak en tortelduif. Toutologiese samestellings op sinchroniese vlak soos byvoorbeeld brokstuk, gee aanleiding tot nuutskappings, veral in kindertaal:

[2-4c]

(B + A)

Die vuurpyl se *agterstert* brand.

(B + A)

Die *agterbak* van die *kar* is oop.

Wyd gestel beteken toutologie vir die tradisionele grammatici woorde of uitdrukkings met dieselfde betekenis wat saam gebruik word; die helfte van die bronne voeg "onnodige herhaling" by. Senekal (1972: 363) 'beperk' die omvang van die toutologie-terrein deur dit te beperk tot samestellings wat bestaan uit twee komponente wat vroeër of tans sinoniem was/is.

'n Stilistiese kriterium is ter sake in die tradisionele beskrywings, wanneer die versoek gerig word dat die volgende soort voorbeelde vermy moet word:

[2-4d] (A + B)

*bly en verheug***met 'n vrou trou*waar *trou* $\supset$ tradisionele norm: "man met vrou"

Eersgenoemde voorbeeld is 'n semantiese woordpaar wat bekend staan as 'n hendiadisvorm (vergelyk hoofstuk 4). Laasgenoemde voorbeeld mag ongeveer 'n dekade of twee gelede nog neergekom het op redundante semantiese herhaling, maar vanweë veranderde en

veranderende sosiale omstandighede waar homoseksuele en lesbiese huwelike voltrek word, is dit hedendaags nie meer 'n vorm wat kan opgaan as synde 'n voorbeeld van semantiese redundansie nie.

Die tradisionele grammatika beskou die voorbeelde in isolasie en die noodsaak vir 'n perspektief in 'n breër konteks (van onderskeidinge) word nie in aanmerking geneem nie.

2.2.6 PLEONASME

Die tradisionele bronne beskou **pleonasme** as 'n verskynsel wat op sins- en stukvlak voorkom.³ In die geval van 'n pleonastiese konstruksie is gedeeltelike sinonimie ter sprake: "waar die betekenis van die tweede woord reeds opgesluit lê in die eerste" (Van der Merwe, 1968: 136). Senekal (1972: 363) noem 'n voorbeeld soos die idiomatiese woordpaar stukkies en brokkies "onnodige herhaling", terwyl 'n blinde man wat nie kan sien nie moontlik 'n fout-analogiegeval is wat afkomstig is van "niemand is so blind soos hy wat nie wil sien nie". Hiemstra (1980: 95) sien wel in dat 'n pleonasme ook positiewe waarde kan hê en beweer die volgende: "So 'n oorsêery kan wel bewus wees met die bedoeling om die gedagte te beklemtoon juis deur dit te behaal".

Volgens die bronne kan die pleonasme soos volg opgesom word:

- * Dit kan positief of negatief as stylmiddel aangewend word.
- * Dit kan versterkend of beklemtoond aangewend word.
- * Dit kan op woordoortolligheid dui.

Die meerderheid skrywers beskou 'n pleonasme as slordige taalgebruik en 'n uitdrukking met oortollige dele. Van der Merwe (1968: 135-136) raak hier aan die semantiese aspek deur te onderskei tussen toutologie as verteenwoordigend van volkome sinonimie en pleonasme as verteenwoordigend van gedeeltelike sinonimie. Die verskynsel word nie semanties linguisties aangespreek nie.

Die gekykte voorbeelde laat min reg geskied aan die belangrikheid van die verskynsel, en die ontleding van die verskynsel in linguistiese terme laat veel te wense oor. Daar is ongeveer tien gemeenskaplike voorbeelde wat gebruik word, hoewel hulle onderling tot verskillende kategorieë behoort; vergelyk:

[2-5a] *ronde sirkel* (sirkel $\supset$ rondheid)

[2-5b] *mede-volksgenote* (genote $\supset$ mede-)

[2-5c] *kondisies en toestande* (A = B)

[2-5d] *gebiedend noodsaaklik* (bw. B bepaal adjektief A)

Die rol van die pleonasme as 'n stylmiddel word slegs genoem, terwyl die oordeel daaroor as slordige styl uitgesonder word, hoewel Hiemstra (1980) en Van Dale (1982) insien dat die pleonasme as stylmiddel (ter versterking) gebruik kan word. Versterking/beklemtoning word dus genoem, maar geensins bespreek of met voorbeelde toegelig nie. Indien dit wel gedoen

³ Vergelyk Van Dale, HAT, Terblanche, Webster, Van der Merwe (1967, 1968), Van der Merwe en Ponelis (1982), Senekal (1972) en Hiemstra (1980).

is, sou met die geykte voorbeeld ou grysaard aangetoon kon word dat beklemtoning hier funksioneel is: grysaard impliseer primêr 'n persoon wie se hare grys is en wat bejaard is; ou grysaard kon impliseer dat bejaarde X (baie) ouer is as bejaarde Y wat ook grys is, of ou sou kon aantoon dat die betrokke grysaard 'n ouer lid in die **klas grysaard** is. Hier is ou grysaard dus nie net 'n gewone neutrale manier van spreke nie, maar (veral met die uitspraakkleem op ou) dra dit 'n bepaalde semantiese gewig van beklemtoning/versterking. (Vergelyk hoofstuk 4 vir 'n bespreking van hierdie soort SH-konstruksies.)

2.2.7 STAPELVORM

Vir HAT (1979), Terblanche (1966) en Van der Merwe (1968) beteken **stapelvorm** dubbelsegging op woord-/morfeemvlak (Van der Merwe, 1968: 135). Combrink en Oosthuizen (1983) erken stapelvorme op sowel woordvlak as stuk-/sinvlak en kategoriseer die erkende hendiadisvorme fyn en flenters en enkel en alleen ook as stapelvorme. Daar word nie onderskei tussen die diachroniese elemente (soos in kalwers), die sinchroniese analogievorme (soos grafes van grafe +s) of die affektiewe waarde van 'n mooi ronde sirkel nie.

Smith (1962: 217) skryf die volgende: "Versmeltings- en stapelvorme kom in alle tale voor en verskaf 'n interessante bewys van die onlogiese van die taal. Die taal is immers nie volgens logiese wette opgebou nie, maar is in die meeste opsigte 'n weerspieëling van die menslike gees en sy werking". Hierdie bewering sluit aan by Steyn (1970: 12) se opmerking: "Aan die taalbeheersing in die sin van die gebruik van die uitsluitlik korrekte vorme skort daar by die meeste taalgebruikers heelwat, ondanks hulle vermoë om effektiewe kommunikasie tot stand te bring".

Die skrywers verwys eenvormig na stapelvorm as dubbele vorm/dubbelsegging wat voorkom as etimologiese redundansie in die vorming van die meervoud en verkleining in Afrikaans, met ander woorde hulle beperk dit tot die tipe diachroniese morfematiese herhaling. As daar volgens die voorbeeldmateriaal geoordeel word, verwys die term stapelvorm in die meerderheid besprekings na toutologiese vorme. Die meeste voorbeelde lê op die morfologiese vlak.

Vir Van der Merwe (1968: 135-136) is toutologie, dubbelsegging en stapelvorm dieselfde, en toutologieë soos windhond, bastervorme soos bulldoghond en meervoudsvorme soos kinders ressorteer hieronder.

Vir Combrink (1983) is stapelvorm die oorkoepelende term vir pleonasmes en toutologie, waarvan sommige erkende en dus toelaatbare geykte vorme is en ander vermy moet word. Hy stel die moontlikheid van toelaatbare inburgering.

Die beskrywings/definisies van die verskynsel is oor die algemeen vaag. Dit lyk asof die stapelvorm beperk word tot die leksikale vlak. Sekere grammatici beperk dit tot daardie tipe waar die eerste diachroniese lid semanties verdof het. Stapelvorm as term word nie gebruik in hierdie studie nie; in stede daarvan word toutologie en pleonasme gebruik.

2.2.8 CLICHÉ

Die term **cliché** verwys in die eerste plek nie na semantiese herhaling nie maar na afgeslete uitdrukkings, wat deur herhaaldelike gebruik hulle seggingskrag/trefkrag verloor het. Die herhaling wat ter sake is, verwys dus na frekwensie van gebruik en nie na 'n bepaalde SH-konstruksietipe nie.

Die enigste tradisionele bronne wat die cliché as taalverskynsel aan semantiese herhaling koppel, is Van der Merwe (1967) en Van der Merwe en Ponelis (1982). Die waarskuwing van Van der Merwe (1967) verwys na die stilistiese aanvaarbaarheid en/of wenslikheid van clichés.

Die voorbeelde wat Van der Merwe en Ponelis (1982: 39) gee, is nie almal gevalle van semantiese herhaling nie. Vir hulle verwys clichés onder meer na "vaste uitdrukkings met oortollige dele" (ibid.) byvoorbeeld met raad en daad, herder en leraar, en na adjektiefkombinasies van die soort bly en verheug, en dom en onnosel. As geheel is laasgenoemde konstruksie 'n intensiewe uitdrukking: adjektief 1 is telkens die neutrale vorm wat kombineer met adjektief 2 as intensief - hierdie en soortgelyke konstruksies is nie semanties redundant en derhalwe onaanvaarbaar nie. Die elemente van die kombinasie is nie onversoenbaar nie, want daar bestaan wel semantiese verskille tussen hulle.

Die voorbeelde wat as ongewenste clichés aangegee word, is al so ingeburger dat hulle nie opval as redundant nie, maar dat B vir A bepaal:

[2-6a]

(B	+	A)
<i>spoorloos</i>		<i>verdwyn</i>
<i>wreed</i>		<i>ontnugter</i>

Die voorbeeld spoorloos verdwyn vertoon semantiese herhaling indien spoorloos 'n implikasie van verdwyn is. In die kombinasie wreed ontnugter is wreed in sy bywoordelike funksie semanties versterkend ten opsigte van ontnugter.

Die bepaalde voorbeelde wat Van der Merwe, en Van der Merwe en Ponelis wel gebruik om cliché mee te belig, is voorbeelde van gedeeltelike semantiese herhaling. Die woordeboekverklarings staaf hierdie bewering:

verdwyn: "onsigbaar word, wegraak, weggaan" (HAT)
spoorloos: "sonder om 'n spoor agter te laat (HAT)

Binne hierdie konstruksie beteken spoorloos "heeltemal verdwyn" -in omgangstaal sou 'n mens kon sê: "baie weg!"

In Carstens (1992: (10:1) 1-11) se bespreking van **kollokasies**⁴ word daar onder leksikale

⁴ Vergelyk Cruse (1986: 40): "The term **collocation** will be used to refer to sequences of lexical items which habitually co- occur, but which are nonetheless fully transparent in the sense that each lexical constituent is also a semantic constituent."

kollokasie verwys na die adjektief + werkwoord-kategorie waar semanties dieselfde gebeur as in voorgaande gevalle: "In 'n aantal Afrikaanse kollokasies druk 'n adjektief die verhouding 'van die hoogste graad' ten opsigte van die daaropvolgende naamwoord uit" (ibid: 7). Die volgende voorbeelde word genoem, naamlik:

[2-6b]

geswore vyande: "baie groot vyande"
onberekenbare skade: "baie groot skade/
 skade te groot om te bereken"
verwoestende brand: "baie groot brand/
 brand wat alles verwoes het"

Carstens (ibid.: 8) skryf verder: "Die volgende kollokasies kom in Afrikaans hoofsaaklik in formele taalgebruik voor (sommige het reeds 'n formuleagtige karakter en word dikwels as clichés beskou" (my onderstreping):

[2-6c]

ww. + nw.: *opper 'n beswaar*
adj. + nw.: *kragdadige bekering*

Hierdie voorbeelde vorm almal deel van aanvaarbare taalgebruik en word vanweë hulle begrensing van vaste en idiomatiese uitdrukkings nie as semanties redundant beskou nie.

2.2.9 STOPLAP

Van der Merwe en Ponelis (1982: 184) is die enigste bron wat dié term gebruik: "**Stoplappe** is woorde of uitdrukkings wat deur herhaalde gebruik in 'n teks onfunksioneel word. Van die bekendstes is: as sodanig/sulks, basies, dan ook en natuurlik. Wanneer hierdie elemente spaarsaam en met oorleg gebruik word, is hulle waardevol, maar sodra 'n taalgebruiker, soos so dikwels gebeur, in die loop van 'n redelike kort gesprek meer as tien of twintig keer natuurlik of basies sê, het hy 'n lelike taalaanwensel aangeleer."

Die herhaling wat ter sake is, het nie wesentlik met semantiese herhaling te make in die sin van 'n konstruksietipe (soos wat behandel word in hoofstuk 3 en 4) waarin daar semantiese herhaling van gegewens op woord-, stuk- en sinsvlak voorkom nie. Die herhaling waarvan hier sprake is, lê op die teksvlak, en word in hoofstuk 5 bespreek as een van die middele om teksbinding te bewerkstellig.

Stoplap is dus die enigste van die tradisionele terme wat verwys na semantiese herhaling op teksvlak. Die ander terme verwys na semantiese herhaling op woord- of sinsvlak. Die volgende is bekende sins- en tydsvallers:

- [2-7a] *Ek sien.*
 [2-7b] *Jy weet, /, jy weet.*
 [2-7c] *Aan die einde van die dag*

Die gespreksdoelwit met die gebruik van sulke vullers is om 'n gemeensame/gemoedelike geselstrant te handhaaf. Die spreker skep deur die gebruik hiervan 'n bepaalde informele register. Indien 'n spreker sodanige vullers egter as aanwensel herhaal, kom dit neer op redundante semantiese herhaling.

Wat hier van belang is, is dat die sogenaamde stoplappe funksioneel aangewend kan word as bindingselemente binne 'n teks. (Hierdie soort semantiese herhaling word bespreek in hoofstuk 5.)

2.2.10 STYLFIGURE

Semantiese herhaling as stylmiddel binne literêre tekste word ten volle in die tradisionele beskouing aanvaar. Die begrip **herhaling** asook die stylfiguur wat met semantiese herhaling te doen het, word sonder beswaar gereserveer vir die hantering van semantiese herhaling binne die literêre milieu.

Die volgende stylfiguur is as literêre verskynsels van belang ten opsigte van semantiese herhaling. Die hoofstuk waarin die betrokke stylfiguur bespreek en geïnkorporeer word as voorbeeld van semantiese herhaling op spreektaal- en skryftaalvlak, word tussen hakies aangegee:

Herhaling van klanke: **alliterasie** (hoofstuk 1) (vergelyk semanties vormlik identieke herhaling)

Herhaling van woorde: **repetisie** (hoofstuk 1-5), **anafoor** (hoofstuk 5), **epifoor** (hoofstuk 5), **antanaklasis** (hoofstuk 4), **epizeuxis**, **anadiplosis** (onderhawige hoofstuk)

Herhaling ter wille van nadruk: **palilogie** (hoofstuk 5), **pleonasme** (hoofstuk 1-5), **hendiadis** (hoofstuk 1, 4), **parallelisme** (hoofstuk 5), **epiteton** (hoofstuk 4)

Die ander stylfiguur, naamlik epizeuxis en anadiplosis word ter wille van volledigheid vervolgens kortliks bespreek.

Epizeuxis word deur Van Dale (1976: Deel I: 638) gedefinieer as 'n "stijlfiguur der opeenstapeling" en noem die voorbeeld:

[2-8a] (A = B)
Leiden, Leiden is ontzet
 (C.P. Hooft)

Deur pleknaamduplicasie word semantiese klem bewerk.

Vergelyk ook die volgende aanhaling uit 'n gedig van C.P. Hoogenhout waarin die opeenstapeling van SH-elemente maksimum semantiese intensivering bewerk:

[2-8b] A = B = C =

Engels! Engels! Alles Engels!

D

Engels wat jy sien en hoor;

In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal vermoor.

(Nienaber, 1975: 182)

Die normale sinstruktuur lees: Jy sien en hoor Engels. Deur die vooropplasing en semantiese herhaling van die s.nw. Engels word nadruk baie suksesvol bereik. Deur semanties en vormlik identieke herhaling, uiteindelik kwadruplikasie, word die beoogde intensivering bewerkstellig.

Anadiplosis is die stylfiguur wat bestaan in die herhaling van die laaste woord of sinryke woord in 'n sin, sinsdeel of reël, aan die begin van die volgende. Vergelyk die volgende aanhaling:

[2-8c]

Net

'n jong soldaat

alleen.

Alleen

met die wêreld van lief en leed

(Uys Krige: Die soldaat)

Vergelyk die volgende semantiese rekonstruksie van bogaande konstruksie tot die semantiese volvorm:

Sin 1: 'n Jong soldaat is *alleen*

Sin 2: ('n Jong soldaat is) *alleen* met die wêreld van lief en leed

Deur die naplasing van die adjektief alleen in sin 1 en die voorplasing en herhaling van dieselfde adjektief in sin 2 word die alleenheid van die jong man sterk beklemtoon. Die adjektief word uitgelig en geniet voorrang bo die struktureel dominante s.nw. soldaat. Die woorde net en alleen val binne dieselfde semantiese sfeer as gedeeltelike sinonieme, terwyl die duplikasie van alleen ook bydra tot semantiese klem.

Die groot aantal stylfigure wat in hierdie studie ondersoek is, is betrek omdat hulle ten opsigte van die grammatiese verskynsel van semantiese herhaling belangrik is. Hoewel hierdie stylfigure in die literatuur gebruik word om 'n bepaalde literêre funksie te vervul, kan die verwysingsraamwerk waarbinne hulle optree egter ook gebruik word vir wyer en algemener toepassing in die grammatika van Afrikaans. Die SH-verskynsels wat as stylfigure benoem word, kom in die eerste plek in algemene taalgebruik voor, waarna dit in die skryftaal bevestig en toegepas word.

2.2.11 SAMEVATTING

Die volgende blyk uit die ontleding van die tradisionele beskouing oor semantiese herhaling: Die argumente berus op die semantiese relasie van sinonimie, veral op gedeeltelike sinonimie (betekenisoorvleueling). Waar daar in die onderhawige navorsing besliste regverdiging vir die gebruik van SHNR gevind is, beskryf die tradisionele grammatici semantiese herhaling oor die algemeen as SHR. Gevolglik keur hulle hierdie konstruksies af.

Daar word onderskei tussen diachroniese (onder andere toutologiese) en sinchroniese (onder andere pleonastiese) elemente. Die diachroniese elemente is 'n geïnstitusioneeliseerde deel van die betrokke leksikale items en is as sodanig aanvaarbaar. Die analogievorme op die voorgaande patroon word egter afgekeur as voorbeelde van swak taalgebruik. 'n Term soos stapelvorm is op sigself redundant aangesien dit net nog 'n term is waarmee dieselfde verskynsel, naamlik semantiese herhaling benoem word.

Die oorgrote hoeveelheid ander voorbeelde (die analogievorme) op sinchroniese vlak word ook afgekeur as synde verteenwoordigend van swak taalgebruik. Die tradisionele grammatici neem die primêre betekenis van die betrokke leksikale items as uitgangspunt en op grond daarvan is sodanige voorbeelde af te keur as 'n taalslordigheid. (Die voorbeelde word dan ook in isolasie beskou en nie kontekstueel nie.) Die sekondêre betekenis wat aanvaarbaar binne konteks is, word nie in ag geneem nie.

Hier en daar is wel erkenning in die bronne dat daar vorme is wat 'n 'aanwins' is. Die tradisionele beskouing maak veral van voorbeelde op woord- en sinsvlak gebruik om hulle veroordeling van semantiese herhaling te lug.

In die tradisionele beskouing word die stilistiese en kontekstuele faktore wat ter sprake is ten opsigte van SH-konstruksies, nie voldoende verreken nie; slegs enkele bronne noem dat semantiese herhaling aangewend kan word vanweë stilistiese redes. Daar word hoogstens verwys na die aanvaarbaarheid van sekere sodanige konstruksies binne literêre tekste. Daar word egter nie verwys na die belangrike rol wat semantiese herhaling as bindingsmiddel speel binne die teks as geheel nie. Die nodigheid en motiveerbaarheid in die gebruik van SH-konstruksies binne diskoers en teks word nie aangetoon nie.

Semantiese herhaling word nie op 'n strukturele wyse ontleed nie; sintaktiese groeperings soos adjektief + s.nw., adjektief + adjektief, s.nw. + s.nw., s.nw. + ww., ens. word nêrens genoem nie. Wat die betekenisrelasie tussen die twee sinoniemelemente is, word nie genoem/ontleed nie. Die rol wat seleksiebeperkings speel binne SH-konstruksies word nie aangetoon nie.

'n Kernaspek van al die verskynsels is semantiese herhaling/-oorvleueling, en dié vra dus om 'n duidelike uiteensetting. In die lig hiervan word daar in die res van hierdie hoofstuk aandag gegee aan die verskillende betekenisrelasies wat ter sprake is in hierdie SH-studie.

2.3 KONSEPTUELE OORVLEUELING

2.3.1 INLEIDING

Noukeurige bestudering van die verskillende vlakke van betekenisinsluiting en die implikasies daarvan in die grammatika van Afrikaans is kardinale aspekte in die navorsing oor semantiese herhaling.

In hierdie studie vorm **konseptuele/inhoudelike oorvleueling** tussen element A en B die kernpunt. Konseptuele oorvleueling word tradisioneel paradigmatis in terme van sinonimie geanaliseer. Al die voorbeelde van semantiese herhaling val egter onder konseptuele/inhoudelike oorvleueling as oorkoepelende verskynsel. Die doel (en probleem) van hierdie afdeling is om duidelikheid oor die begrip semantiese herhaling te verskaf, aangesien semantiese ooreenkoms ter sake is en die basis vorm van verskillende tradisionele leksikale betrekkings, onder andere **sinonimie**, **hiponimie** en **polisemie** (vergelyk Lyons, 1977).

Betekenisgelykheid (onder andere volkome sinonimie) en **betekenisoorvleueling** (onder andere gedeeltelike sinonimie) vorm die kern van die SH-konsep.

2.3.2 SINONIMIE

Sinonimie word deur Lyons (1969) in terme van bilaterale/wedersydse implikasie/ekwivalensie gedefinieer:

Wanneer element A/sin A element B/sin B impliseer en
 element B/sin B element A/sin A impliseer,
 dan is element/sin A ekwivalent aan element B/sin B

$$\begin{array}{rcl}
 A \supset B & \text{en} & B \supset A \\
 (SA \rightarrow SB) & \text{en} & (SB \rightarrow SA) \\
 \text{dan is} & & A \equiv B \\
 & & (SA) \equiv (SB)
 \end{array}$$

Sinonimie word allerweë beskou as 'n betekenisrelasie wat bestaan tussen leksikale items. Hierdie term kan egter ook verwys na groepe leksikale items wat byeengebring word in sowel 'n bepaalde sintagmatiese konstruksie as enkele leksikale items.


Lyons (1969: 452) maak die bewering dat sinonieme onttrek sou kon word uit 'n woordeskat sonder dat so 'n taal sal ophou bestaan, hoewel daar minder moontlikhede vir stilistiese variasie sou wees. Hierteenoor word daar juis deur hierdie studie gepoog om aan te toon watter belangrike rol betekenisoorvleueling en -insluiting, waarby sinonimie inbegrepe is, wel in taalgebruik speel.

Die term **sinonimie** geld as koepelterm vir die twee subgevalle wat van uiterste belang is, naamlik:

- (a) volkome sinonimie en
- (b) gedeeltelike sinonimie.

Daar word uitgegaan van die standpunt dat sinonieme gradeerbaar is en dat leksikale items gegroepeer kan word met behulp van 'n gradeerbaarheidskaal. Volkome sinonimie vorm die kriterium van een punt van die graderingskaal; al die ander gevalle van betekenissooreenkoms/-oorvleueling is punte weg van die pool van volkome sinonimie. Aan die eindpunt van die skaal staan antonieme leksikale items.

Vergelyk:




Daar bestaan twee semantiese intuïesies wat voorgaande bevestig, naamlik:

- (1) tussen sekere pare/groepe leksikale items bestaan daar 'n spesiale soort semantiese verwantskap (vergelyk Carstens 1992 (10:1), en
- (2) sommige pare sinonieme is meer sinoniem as ander pare (vergelyk Lyons 1969: 447-8)

Hierdie twee intuïesies dui ook op die genoemde sinonimieskaal. Betekenissooreenkoms word as kriterium gebruik, met volkome sinonimie as een punt van die skaal.

Die volgende word onderskei:



Ten opsigte van die vergelyking van die konseptuele inhoude moet elke betekenisgeheel as 'n deelbare entiteit gesien word, met ander woorde verdeelbaar is kleiner semantiese eenhede.


Die semantiese relasie tussen elemente soos die volgende asook die betekenissooreenkoms tussen hulle word ondersoek:

[2-9a]

brok en stuk
algehele en totale
bly en verheug
corgi en corgihond

Sowel betekenisgelykheid as betekenisoorvleueling kan aan die hand van die Venn-diagram uiteengesit word. Vergelyk die voorstelling van die mate van betekenissooreenkoms tussen element A en B in die volgende voorbeelde:

[2-9b]



⁵ Vergelyk Schutte (1977) ten opsigte van skynkongruensie.

Let op die volgende: Binne hierdie samestelling is A en B, wat sinchroniese elemente is, volkome sinonieme. Die s.nw. stuk het egter buite hierdie samestelling 'n wyer gebruiksveld as brok, hoewel brok en sy dimunitief ook weer 'n ander gebruiksveld kan betree wat stuk nie kan doen nie.⁶


[2-9c]

	brood	beskuit	materiaal	grond	nuus
stuk	↓	↓	↓	↓	x
brok	↓	↓	x	x	x
brokkie	↓	↓	x	x	↓

Hoewel stuk semanties nie met nuus kombineer nie, is die volgende wel moontlik: ('n) stuk inligting wat (baie) groter/omvattender is as 'n brokkie nuus.

Vergelyk hierteenoor die idiomatiese woordpaar wik en weeg met die betekenisrelasie wat geld:

[2-9d] (B = A)
wik en weeg



Aan die hand van die woordeboekinskrywings van die elemente van hierdie woordpaar kom interessante aspekte na vore:

wik: "(1) (w.g.) (lett.) op die hand weeg

(2) (fig.) oorweeg, oordink"

Lank oor 'n saak wik (dink)

Uitdr. *Wik en weeg*: "goed nadink oor"

Uitdr. *Die mens wik, maar God beskik*" (lett. die mens oorweeg/oordink maar God bepaal die sake se beloop).

weeg: "(1) die gewig bepaal.

⁶ Vergelyk Lyons (1969: 452): "One final point may be made about synonymy: more than any other sense-relation, it is *context-dependent*".

(2) (fig.) reenskap gee van iets" (HAT)

Die gebruiksfrekwensie van wik is baie laer as dié van weeg, en dit maak van wik eintlik 'n onbekende woord in alledaagse taalgebruik. Die oorspronklike betekenis van wik, en wat tans weinig gebruiklik is, naamlik: "op die hand weeg" stem egter ooreen met die algemene, bekende betekenis van die werkwoord weeg. Die betekenis wat dus eintlik oorspronklik ten opsigte van die idiomatiese woordpaar gegeld het, was op letterlike vlak. Betekenisverskuiwing het mettertyd plaasgevind en die sinonieme neem binne die woordpaareenheid die figuurlike betekenis aan. Hoewel wik en weeg so 'n hegte betekenseenheid vorm as idiomatiese woordpaar, is hulle nie andersins oral kontekstueel uitruilbaar (volkome sinonieme) nie. Vergelyk die volgende:

[2-9e]

Ek <i>wik en weeg</i>	my woorde.	↓
Ek <i>weeg</i>	my woorde.	↓
Ek <i>wik</i>	Ø my woorde.	x
teenoor		
Lank oor 'n saak <i>weeg</i> .		x
Die mens <i>weeg</i> , maar God beskik		x


waar in laasgenoemde nie net die betekenis van weeg in die weegskaaltjie is nie, maar ook die rympatroon wat so dikwels van groot belang is in idiomatiese uitdrukkings (wik - beskik) in die gedrang kom.

Die intensivering wat bereik word deur die semantiese herhaling binne die woordpaar wik en weeg, kan ook aan die hand van die betekenisfasette van die twee elemente geïllustreer word:

wik beteken net "oorweeg"
wik en weeg beteken "goed oorweeg"

In gevalle soos die volgende bestaan daar volkome sinonimie tussen A en B:

[2-9f]



waar *algehele* = *totale*
 en *totale* = *algehele*.

Dit kan semanties egter ook daarop neerkom dat algehele intensiverend optree en "baie" beteken. Vergelyk die woordeboekbetekenisse:

totaal: "heeltemal, volkome"
geheel: "heeltemal, volkome, totaal"

Die volgende betekenisinterpretasie is derhalwe moontlik:

[2-9g]

(A/B + B/A)

Die onderneming is 'n *algehele, totale* mislukking.

Die woord *algehele* is van Germaanse herkoms, terwyl die adjektief *totale* van Romaanse herkoms is. Hierdie soort kombinasie kom dikwels voor en word aanvaar as SHNR-vorme aangesien daar groot semantiese verdraagsaamheid bestaan ten opsigte van die semantiese herhaling van sinonieme Germaanse en Romaanse woorde in kombinasie.

Vergelyk die volgende interessante kontaminasievorm wat op dieselfde plek as die suiwer Germaanse vorm gebruik word:

[2-9h]

Dis *totaal en al* onmoontlik (*totaal*: van Romaanse herkoms)

Dis *geheel en al* onmoontlik (*geheel*: van Germaanse herkoms)

Die Romaanse sinoniem dring die idiomatiese uitdrukking *geheel en al* binne en deel die posisie wat vroeër net deur die Germaanse woord in die uitdrukking bekleed is.

2.3.2.1 VOLKOME SINONIMIE

Cruse (1986: 268) beweer die volgende: "... two lexical units would be absolute synonyms (i.e. would have identical meanings) if and only if all their contextual relations were identical." By implikasie staan volkome sinonieme semanties in 'n een-tot-een-verhouding tot mekaar en kan mekaar in alle optredes vervang sonder dat die waarheidsvoorwaarde verander of dat daar 'n betekenisverskil intree. Volkome sinonieme is leksikale items wat identieke polisemiese paradigmas het. Weens die streng vereistes wat gestel word aan volkome sinonimie is hierdie soort sinonieme skaars. In navolging van ander bevindings maak Cruse die bewering: "Natural synonyms abhor absolute synonyms just as nature abhors a vacuum" (ibid: 270).

In aansluiting by Cruse haal Lyons (1969: 447) vir Ullman aan: "it is almost a truism that total synonymy is an extremely rare occurrence, a luxury that language can ill afford". Uit hierdie en ander analyses van sinonimie blyk dit dat volkome sinonimie selde voorkom; dit impliseer dus dat daar by die meeste sinonieme 'n betekenissooreenkoms, maar ook 'n -verskil is. Dit is belangrik om te bepaal watter gevalle as semantiese herhaling en watter as redundant beskou word in 'n rits van

sinoniem A + sinoniem B

waar A en B volkome sinonieme is en die struktuur ($A = B$) geld, en waar die betrokke elemente almal gevalle van semantiese herhaling is. Hierdie aanvaarbaarheid word veral in hoofstuk 3 (woordvlak), maar ook in hoofstuk 4 (stuk- en sinsvlak) bespreek.

Daar word in die studie ook voortdurend onderskei tussen SHR (onaanvaarbaar) en SHNR (aanvaarbaar) waardeur stilistiese (on)aanvaarheid aangetoon word.

Daar is 'n hele aantal gevalle wat in hierdie studie bespreek word, waar volkome betekenisooreenkoms bestaan tussen element A en B. In daardie gevalle waar 'n diachroniese element B funksioneer as volkome sinonieme element waarmee 'n SH-konstruksie met A gevorm word, is volkome sinonimie aanvaarbaar in taalgebruik juis omdat die sinonimierelasie tussen element A en B vervaag het. In hierdie gevalle is daar sprake van (volkome) konseptuele oorvleueling tussen A en B (in 'n atemporele kader).

In SH-konstruksies waarvan een element sinchronies minder bekend of onbekend is (vanweë die diachroniese aard daarvan of vanweë 'n lae gebruiksfrekwensie) geld hierdie sinonimierelasie; vergelyk:

[2-10a]

-er	in <u>eiers</u>
-el	in <u>krummeltjie</u>
wal-	in <u>walvis</u>
en rot	in <u>rot en kaal</u> .

Die volgende is 'n kort bespreking van SH-voorbeelde wat bestaan as gevolg van die diachroniese element wat op sinchroniese vlak geïnstitusioneel en geleksikalisêr is en derhalwe nie as redundante SH-element geld nie. Die struktuur ($B = A$) geld in hierdie gevalle van semantiese herhaling waar die diachroniese element die semanties ondergeskikte B-posisie in die afleiding beklee, terwyl die sinchroniese suffiks die A-posisie inneem.

Ten opsigte van volkome sinonieme elemente binne die selfstandige naamwoord word daar onderskei tussen diminutiefmorfeemherhaling (meisietjie) en meervoudsmorfeemherhaling (kinders). Onder andere die volgende diachroniese diminutiefmorfeme word aangetref:

[2-10b]

-el soos in *krummel* (< kru(i)m + el)
-jie soos in *mandjie* (< mand + je)

Hierdie diachroniese morfeme kombineer met die sinchroniese diminutiefmorfeem -tjie (en onder bepaalde omstandighede met sy allomorwe).

Die sinchroniese analogievorme met volkome sinonieme diminutiefmorfeme, soos byvoorbeeld in:

[2-10c]

[rok(k) + ie] + *tjie*
[huis + ie] + *tjie*

word in Afrikaans aangetref as aanvaarbare afleidings op 'n analoë patroon soos dié vorme met 'n diachronies sinonieme element.

Ten opsigte van meervoudsmorfeemherhaling word die volgende diachroniese meervoudsmorfeme binne erfwoorde uit Nederlands aangetref:

[2-10d]

-er soos in *eier*

-en soos in *vrouens*

Die sinchroniese meervoudsmorfeem -s word as volkome sinonieme morfeem bygevoeg. Daar is egter op sinchroniese vlak 'n verskil in morfologiese ontleding; in die eerste geval (naamlik *eier*) vorm die stamkomponent en die diachroniese morfeem -er 'n semantiese eenheid; in die twee ander gevalle vorm die diachroniese morfeem -er asook -en 'n semantiese eenheid met die volkome sinonieme meervoudsmorfeem -s. Vergelyk die uiteensetting op sinchroniese vlak:

[2-10e]

<i>[eier]</i>	+	<i>s</i>
<i>kind</i>	+	<i>[er + s]</i>
<i>vrou</i>	+	<i>[en + s]</i>

Na analogie van hierdie volle sinonieme morfologiese herhaling, word daar veral in kindertaal afleidings gevorm soos:

[2-10f]

boef > *w + ens*

in plaas van

boef > *w + e*

'n Verdere kategorie waar die sinchroniese suffikse volkome sinonieme is, is van die volgende soort:

[2-10g]

(A = B)

<i>[vangs(t)]</i>	+	<i>e]</i>	+	<i>s</i>
<i>[graf(t)]</i>	+	<i>e]</i>	+	<i>s</i>
<i>[deug(d)]</i>	+	<i>e]</i>	+	<i>s</i>

Uit hierdie paar voorbeelde lyk dit asof meervoudsvorms wat eindig op -te/-de die geneigdheid het om die SH-morfeem -s te aanvaar. Sowel die sinchroniese analogiekategorie op -te/-de + s as dié op -ens + s word vanuit 'n normatiewe oogpunt as voorbeelde van SHR gesien. Die twee laaste groepe voorbeelde is juis stilisties gemerk, onderskeidelik ten opsigte van kindertaal (*boewens*) en informele styl (*vangstes*).

Daar is 'n groot klomp selfstandige naamwoorde van Romaanse herkoms wat twee erkende meervoudsvorms het in Afrikaans, naamlik die vreemde en die Afrikaanse vorm; vergelyk:

[2-10h]

memorandum: memorandums, memoranda

Na analogie van die bekende Afrikaanse *-s*-meervoudsuffiks vind daar egter SHR plaas wanneer die erkende meervoudsvorm, byvoorbeeld memoranda nie (meer) deur die sprekers as 'n meervoud ondervind word nie, en die bekende Afrikaanse *-s*-meervoudsmorfeem aangelas word:

(A = B)

memoranda + s

Die diachroniese element *-el* kom (ook) voor as frekwentatiefmorfeem in die frekwentatiefwerkwoord, byvoorbeeld hakkel. Hierdie morfeem vorm 'n semantiese eenheid met die werkwoord hak- en is sinchronies gesproke semanties leeg. Vervolgens word die frekwentatiefprefiks ge- as substantiveerder aan die werkwoordstam gekoppel om gehakkel te vorm. Die volkome sinoniemfrekwentatiefsuffiks, naamlik *-ery* (wat ook 'n substantiveerder is) word aan hierdie afleiding gekoppel (vergelyk Combrink, 1990: 29). In hierdie en soortgelyke voorbeelde bestaan daar dus volkome sinonieme morfeme op sinchroniese vlak; vergelyk die kontaminasievorm:

[2-10i]

$$\begin{array}{lcl} (A/B & = & B/A) \\ \text{gehakkel} + \text{hakkelry} & > & \\ \text{gehakkelry} & & \end{array}$$

Dieselfde vorm/relasie van volkome sinonimie bestaan tussen hierdie affikse *ge-* en *-(e)ry* ten opsigte van die duratiefwerkwoord, byvoorbeeld loop met die volgende kontaminasievorm:

[2-10j]

$$\begin{array}{lcl} (A/B & = & B/A) \\ \text{geloop} + \text{lopery} & > & \\ \text{gelopery} & & \end{array}$$

Volkome sinonieme elemente binne die adjektief kom ook voor, soos byvoorbeeld in die analogieformasie wettiglik teenoor die erkende wettig (die verskynsel word ook in hoofstuk 3 bespreek). Na analogie van 'n sterk paradigma op *-iglik* word talle woorde op *-ig* gekoppel aan *-lik* om dus op *-iglik* te eindig. Daar is geen betekenisverskil tussen woordpare soos wettig en wettiglik binne 'n bepaalde konteks nie; vergelyk die volgende:

[2-10k]

Hierdie motor is *wettig* myne.Hierdie motor is *wettiglik* myne.Daar is 'n *wettige* kontrak opgestel.Daar is 'n *wettiglike* kontrak opgestel.

Vergelyk ook:

[2-10l]

My rok is <i>rooier</i>	as joune.	↓
My rok is <i>rooierder</i>	as joune.	x

met 'n byna vormlik identieke toevoeging as redundante tweede vergrotendetrappomorfeem.

Terwyl die voorgaande bespreking gehandel het oor volkome sinonimie op affiksvlak, bestaan daar op stamvlak ook 'n relasie van volkome sinonimie tussen bepaalde stamme binne 'n woord. Die eerste afdeling wat hier onderskei word ten opsigte van volkome sinonimie is dié van toutologie; vergelyk:

[2-10m]

$$(A = B)$$

doelwit < *doel* + *wit* (: "doel")

$$(B = A)$$

brokstuk < *brok* + *stuk*

In die geval van doelwit bestaan die samestelling as semantiese geheel. Daar is volkome inhoudelike/konseptuele oorvleueling tussen die twee stamme van die samestelling. Soos aangetoon in hoofstuk 3 bestaan daar sintagmatiese verskille tussen hulle (ook diachronies gesien). Dit is egter belangrik dat hierdie twee elemente saam in 'n enkele konstruksie voorkom en dat daar 'n bepaalde sinoniemrelasie tussen hulle bestaan, hoewel wit nie meer op sinchroniese vlak gebruik word nie.

Tussen die stamme van sommige meertaalvorme bestaan daar ook volkome sinonimie tussen die onderskeie elemente; vergelyk:

[2-10n]

$$(B = A)$$

safetypinhaakspeld < *safetypin* + *haakspeld*

waar

$$safetypin = haakspeld$$

en waar die geheelbetekenis van A volkome sinoniem is aan dié van B. Element B en A het dieselfde verwysing, maar hulle verskille lê op vlakke soos taal van herkoms en die morfologies semantiese veld waartoe die samestellende elemente behoort: safety het te doen met 'kenmerk', en haak met 'funksie'.

Duplikasievorme berus op vormlik identieke elemente wat direk naas mekaar in 'n rits voorkom, hetsy as twee elemente (geskryf met 'n koppelteken) (soos wat die elemente in 'n rits voorkom op woordvlak), of as analoogduplikasievorme (soos wat die elemente in 'n rits voorkom in 'n sinstuk):

pappapnat
baie, baie nat

Die vormlik identieke elemente wat 'n bepaalde duplikasiekonstruksie vorm, is nie 'n samestelling nie, maar element B is 'n volkome kopiëring van A. Die funksie van hierdie soort duplikasievorme is dié van intensivering. (Duplikasie en die uitbreidings hierop word verder bespreek in hoofstuk 3 en 4).

Ten opsigte van volkome sinonieme moet daar onderskei word tussen sense en reference/verwysing; vergelyk Lyons, 1977 en 1969: 427: "By the sense of a word we mean its place in a system of relationships which it contracts with other words in the vocabulary" en verder: "Since sameness of meaning, synonymy, is a relation which holds between two (or more) vocabulary-items, it is a matter of sense, not reference".

Waar voorgaande bespreking gewy is aan volkome sinonimie tussen morfeme binne 'n woord, word vervolgens aandag gegee aan enkele gevalle van volkome sinonimie op stuk-en sinsvlak. Vergelyk:

[2-10o]

Die omstandighede wat *nou tans* heers, is ideaal
met
nou as A = *tans* as B

Op hierdie stadium is die *kondisies* en *toestande* net reg
met
kondisies as A = *toestande* as B (4.2.1.4)

Dit is 'n *gesonde, voedsame* bord kos
met
gesonde as A = *voedsame* as B (4.2.1.1)

Lyons (1977: 417) noem die volgende en soortgelyke SH-patrone/-konstruksies toutologieë: "Tautologies are of not infrequent occurrence in everyday language-behaviour. They are very commonly used, metalinguistically, in order to explain the meaning of an unfamiliar word". Hierdie soort sinonimiegroepering word die kopulakonstruksie genoem; dié konstruksie word breedvoerig bespreek onder (4.2.2.3). Vergelyk:

Die *neuroloog* is 'n *breinspesialis*
met
neuroloog as A = *breinspesialis* as B
(Romaanse herkoms) (Germaanse herkoms)

Hierdie voorbeelde sluit aan by die volgende gevalle waar volkome sinonieme dikwels gebruik word in kombinasie met bepaalde soorte voegsinsnedes, onder andere: met ander woorde, dit wil sê, of, ofte wel, en ook genoem; vergelyk:

[2-10p]

$$Dit \text{ is 'n poema, } \left\{ \begin{array}{l} \text{met ander woorde} \\ \text{dit wil sê} \\ \text{of} \\ \text{ofte wel} \\ \text{ook genoem} \end{array} \right\} \text{ 'n bergleeu}$$

Die voegsinsnedes het 'n neweskikkende funksie, staan tussen sin 1 en sin 2, en stel die betrokke lekseem in sin 1 gelyk aan die sinonieme lekseem in sin 2:

Sin 1: *Dit is 'n poema, met ander woorde/...../.....*

Sin 2: *Dit is 'n bergleeu*

waar *poema* $\supset$ *bergleeu*
 en *bergleeu* $\supset$ *poema*

Daar bestaan dus wedersydse implikasie tussen s.nw. 1 in sin 1 en s.nw. 2 in sin 2 (vergelyk 2.3.3, Hiponimie, vir 'n bespreking van onder andere laasgenoemde sinonieme in semantiese relasie tot mekaar as ko-hiponieme, en tot die superordinaat as hiponieme).

Dit is interessant om daarop te let dat 'n bergleeu nie 'n leeu is nie, maar lyk soos 'n leeu; dat 'n jagluiperd nie 'n luiperd is nie maar lyk soos 'n luiperd. Hierdie twee gevalle is voorbeelde van 'n vergelyking:

'n bergleeu lyk soos 'n (jong leeu/wyfie) leeu
'n jagluiperd lyk soos 'n luiperd (o.a. weens sy kolle)

Hier is spesialiskennis van belang; die gewone taalgebruiker gaan moontlik nie hierdie betekenisooreenkoms/-verskil, bevraagteken nie.

Daar bestaan wel volkome konseptuele oorvleueling tussen bergleeu en poema, tussen jagluiperd en cheetah:

(A/B = B/A)
eiewoord leenwoord

bergleeu = *poema*
jagluiperd = *cheetah*

Poema en cheetah is leenwoorde uit nie-inheemse tale, terwyl dialektiese sinonieme benewens eietaalvorme, heel dikwels leenwoorde uit inheemse Suider-Afrikaanse tale insluit; vergelyk:

<u>eiewoord</u>	<u>swart taal</u>
<i>flap</i>	<i>sakaboela</i>
<i>reënwurm</i>	<i>shongelola</i>
<i>misbredie</i>	<i>moroggo</i>

Die relasie van volkome konseptuele oorvleueling kom ook voor tussen die verskillende lede van dieselfde dialektiese klasse. In gevalle soos hierdie kom leksikale item A vir die bepaalde saak in een streek van die land voor, terwyl items B/C/D, ens. vir dieselfde saak in die ander streek/streke van die land voorkom. Daar is verskillende benamings vir byvoorbeeld dieselfde voël-, insek-, dier- of plantnaam wat so verspreid voorkom. Vergelyk in hierdie opsig die volgende

[2-10q]

'n Flap staan ook bekend as 'n sakaboela
of 'n Ander naam vir flap is sakaboela

Daar word volstaan met die volgende voorbeelde:

hoep-hoep (*Upupa africana*): doringduif, evashennetjie, koekoek, kuifkop, perdevoëltjie, stinkvoël

flap (*Diatropura progne*): sakaboela, balkstert, flapper, papkuil, slapstertvind, grietlangstert, koningslangstertflap.

lewerik (*Mirafra apiata*): mooiweervoëltjie, droëtydjie, donderweervoëltjie, piet-piet

Daar is heelwat ander benamings wat ook soos lede van hierdie groepe 'n relasie van volkome sinonieme vertoon, maar wat na 'n heel ander saak verwys en deur die dialektspreekers verkeerd benoem is/word (vergelyk Van Aardt, 1976).

Voorgaande sinonieme vorm een van die groepe woorde wat as volkome sinonieme gekategoriseer kan word. Die lede van hierdie dialektiese sinoniemgroepe kan dus soos volg geformuleer word:

A $\supset$ B	<i>flap</i>	$\supset$	<i>sakaboela</i>
B $\supset$ A	<i>sakaboela</i>	$\supset$	<i>flap</i>
A $\equiv$ B	<i>flap</i>	$\equiv$	<i>sakaboela</i>
B $\equiv$ A	<i>sakaboela</i>	$\equiv$	<i>flap</i>

en ook	A $\supset$ B	<i>flap</i>	$\supset$	<i>sakaboela</i>
	B $\supset$ C	<i>sakaboela</i>	$\supset$	<i>papkuil</i>
	A $\supset$ C	<i>flap</i>	$\supset$	<i>papkuil</i>
	A $\equiv$ C	<i>flap</i>	$\equiv$	<i>papkuil</i>

In hoofstuk 4 word ook voorbeelde van volkome sinonimie op stuk- en sinsvlak bespreek.

'n Belangrike en interessante groep voorbeelde is die hendiadispare met die struktuur (B = A); vergelyk die volgende:

[2-10r]

(B	=	A)
<i>pais</i>	<i>en</i>	<i>vrede</i>
<i>wik</i>	<i>en</i>	<i>weeg</i>
<i>stukkies</i>	<i>en</i>	<i>brokkies</i>

In die woordpaar pais en vrede is pais die leenwoordelement wat sinchronies onbekend is en derhalwe semanties belig moet word; pais en vrede is egter volkome sinonieme in 'n atemporele perspektief. Dieselfde geld ten opsigte van wik en weeg waar wik die sinchronies onbekende element is, maar diachronies sinoniem is aan weeg. In al hierdie gevalle word daar egter teruggeval op die semantiese toeganklikheid van die sinchroniese element.

Daar is 'n ander groep SH-konstruksies met die volgende gemeenskaplike struktuur:

(A	+	B)
<u>idiomatiese uitdrukking</u>	+	<u>parafrase</u>

Die volgende idiomatiese uitdrukking en sy woordeboekbetekenis dien as voorbeeld:

[2-10s]

Idiomatiese uitdrukking:

iemand se hande is afgekap: "hy is magteloos, kan niks doen nie"

In hierdie en soortgelyke gevalle van semantiese herhaling gebruik die spreker 'n bepaalde idiomatiese uitdrukking. In die neweskikkende sin in (a) en (b) word die idioom se betekenisfasette afsonderlik gebruik. In die laaste voorbeeld word albei betekenisvariante van die idioom saam met die idioom gegee. Daar is derhalwe 'n groot (oor)aanbod van inligting: In (a) en (b) vind daar semantiese herhaling (parafrasering in B) plaas tussen A en B; in (c) vind daar semantiese herhaling plaas tussen A, B en C waar $A = B = C$; vergelyk

- | | | | |
|-----|---|--|---|
| | A | ⊃ B | ⊃ C |
| (a) | [<i>Ek staan daar met my afgekapte hande</i>] | <i>en ek kan niks doen om hulle te help nie.</i> | |
| (b) | [<i>Ek staan daar met my afgekapte hande</i>] | <i>en ek is magteloos om hulle te help.</i> | |
| (c) | [<i>Ek staan daar met my afgekapte hande</i>] | <i>en ek voel magteloos</i> | <i>en kan niks doen om hulle te help nie.</i> |

In hierdie gevalle bestaan daar semantiese herhaling tussen sin 1 en sin 2 en/of sin 3. Sin 1 bevat die idiomatiese uitdrukking ek staan daar met my afgekapte hande en sin 2 (en 3) bevat die parafrasering van daardie uitdrukking.

Daar is ten opsigte van sulke voorbeelde sprake van 'n fokusverskil tussen pare soos:

[*Ek staan daar met my afgekapte hande*] en [*ek kan niks doen (om hulle te help) nie*].

Die sintuk niks doen verwys terug na die idiomatiese uitdrukkings Ek staan daar met my afgekapte hande, dit wil sê hande wat afgekap is en nie aktief kan optree om te help nie.


2.3.1.2 GEDEELTELIKE SINONIMIE

Daardie sinonieme wat nie 'volkome' sinonieme is nie, val in die kategorie **gedeeltelike sinonimie**, ook genoem **skynkongruensie** (vergelyk Schutte, 1977). Soos reeds gesien in 2.3.1 verwys gedeeltelike sinonimie na die verskillende grade van betekenisinsluiting of -oorvleueling wat bestaan tussen A en B. Meyer (1975: 59) kom tot die gevolgtrekking dat sinonieme in die meeste gevalle nie volkome gelykwaardig is nie en haal vir Bolinger aan wat beweer: "..... Synonyms are words which overlap in ranges. Do any two words different in form ever have exactly the same range of meaning? If they are words in common use, probably not. Interpretative change will differentiate them".

In aansluiting hierby sê Lyons (1969) dat die ooreenkomste tussen woorde wat as basis vir die begrip sinonimie aangeneem word, van kognitiewe (verstands-/intellektuele) aard is en nie van affektiewe (emosionele) aard nie en skryf die volgende: "It seems preferable to restrict the term 'synonymy' to what many semanticists have described as 'cognitive synonymy'" (ibid.: 438).

Cruse (1986: 277) gebruik ook die term **cognitive synonyms** en skryf in hierdie verband die volgende: "Lexical items differing only in respect of inherent expressive traits, or potential expressivity - jolly and very, father and daddy, cat and pussy, infant and baby, go on and continue - are cognitive synonyms". Ten einde kognitiewe sinonieme te wees, moet twee leksikale items wel sekere gemeenskaplike semantiese eienskappe hê. Daar is egter maar net enkele pare kognitiewe sinonieme wat volkome sinonieme is; in die oorgrote meerderheid gevalle moet die leksikale item ten minste in sekere opsigte in betekenis verskil van enige van sy kognitiewe sinoniemmate. Daar is 'n baie groot hoeveelheid gevalle wat in hierdie studie bespreek word waar gedeeltelike betekenisoreenkoms bestaan tussen element A en B.

Die voorbeelde wat ressorteer onder gedeeltelike sinonimie op woordvlak, word soos volg uiteengesit:




Ten opsigte van die toutologie word morfologies analiseerbare toutologieë, onder andere walvis en tortelduif, onderskei. Elkeen van hierdie toutologieë bestaan uit stam 2 (as bepalelement) wat ten opsigte van 'n bepaalde semantiese kenmerk ooreenstem met stam 1 (as kernelement). Vergelyk die voorbeeld spanningsriller wat heel moontlik 'n kontaminasievorm is van

[2-11a]

spanningsverhaal + riller

In 'n spanningsverhaal kom daar spanningsvolle episodes voor. 'n Spanningsverhaal is ook 'n bepaalde verhaalsoort. 'n Riller word gedefinieer as "boek, prent, toneelstuk wat 'n mens van spannings, vrees, e.d. laat ril" (HAT). Vergelyk:



Die woord spanning- is noodsaaklik in die samestelling spanningsverhaal om hierdie soort verhaal te onderskei van die kinderverhaal, jeugverhaal, speurverhaal, ens. (Cruse (1986) verwys ook na sulke gevalle waar 'n semanties inherente kenmerk van 'n leksikale item uitgelig word as bepalelement). In die geval van spanningsriller is spanning- 'n semanties redundante element, aangesien spanning 'n inherente semantiese kenmerk van 'n riller is en derhalwe nie eksplisiet gestel hoef te word nie. Dit kan egter wees dat spanning eksplisiet gestel word ter wille van semantiese klem.

Vergelyk ook die voorbeeld oogtrane waar semantiese oorvleueling bestaan tussen -trane en oog- binne hierdie samestelling. Die primêre betekenis van traan word aangedui as "druppel wat by sekere kliere uit 'n oog vloei; oogvog" (HAT). In hierdie geval waar -traan voorafgegaan word deur oog- is laasgenoemde komponent semanties redundant. Die element -traan verwys na 'n vermoë van die oog om trane/oogvog te vorm, en van die funksie van die traan om die oog te bevogtig. Traan is deel van die oog as geheel (vergelyk deel-geheel-relasie in Lyons, 1977: 311-317).

Vergelyk die volgende semantiese patroon in kombinasie:

entiteit + funksie
in
 oog *trane*

waar trane net uit die oog kom en dui op een van die funksies van die oog. Die stel van oog in hierdie verband sou dus redundant wees.

Die verskil is egter dat hierdie samestelling geskep is deur 'n driejarige. Uit die onderhawige navorsing het dit duidelik geblyk dat hierdie en soortgelyke SH-vorme kenmerkend is van kindertaal. Die kind voer die semantiese bevestiging tot waar dit vir hom duidelik genoeg is. Hy gebruik die kernelement A en die belangrikste semantiese

kenmerkgewende aspek as bepalerelement B saam om sodoende 'n SH-konstruksie as 'n baie duidelike saakbevestigende aanduider te vorm.

Vergelyk die volgende twee kindertaalvoorbeelde waar agterstert en agterbak op dieselfde patroon as oogtrane gevorm word:

[2-11b]

Daar is klere in die *agterbak* van die kar
Die vuurpyl se *agterstert* brand

waar die semantiese kenmerke [+lokaliteit], [+agter] beklemtoon word. Vergelyk die NS-konteks waarin hierdie samestellings gebruik word:

die agterbak van die kar
die vuurpyl se agterstert

Daar is verskillende motiverings vir die proses van oorpresisering by kinders en vir dié by volwassenes. By laasgenoemde is verslyting van betekenis 'n belangrike faktor; by kinders nie. Dit lyk of kinders poog om die grense van die konseptuele domein van 'n leksikale item vir hulself af te baken, terwyl volwassenes op bepaalde komponente wil fokus, of, soos by verslyting, inhoud daaraan wil gee.

Die verdraagsaamheid ten opsigte van sodanige SH-vorme wat geskep word deur kinders, is baie hoër as teenoor dié wat geskep word deur volwasse sprekers. Die kinders se pogings word aanvaar as voorbeelde van taalkreatiwiteit. Die volwassenes se pogings word afgekeur as voorbeelde van semantiese redundansie. In gevalle soos bogaande, word die belangrikste onderskeidende semantiese kenmerk van die kern geneem en eksplisiet gestel as die bepalerelement - teen die reëls van die ekonomiebeginsel. Hierdie en soortgelyke voorbeelde is nie 'n vorm van duplikasie of van een of ander van die 'erkende' SH-taalpatrone nie; derhalwe word hulle beskou as SHR-vorme indien hulle gebruik word deur die volwasse spreker.

In gevalle soos pragtig-mooi en woedend kwaad bestaan daar semantiese ooreenkoms tussen pragtig en mooi, en woedend en kwaad. Die adjektief pragtig intensiveer die betekenis van mooi:

[2-11c] *mooi* → *baie mooi* = *pragtig*

Daar is talle voorbeelde aangeteken wat ontleed word as die tradisioneel benoemde taalverskynsels, naamlik pleonasmes en/of kontaminasievorme. Sommige hiervan is SHNR, terwyl 'n groot hoeveelheid voorbeelde SHR en gevolglik semanties stilisties onaanvaarbaar is. Die volgende SH-sinstukke verteenwoordig slegs enkele van die kategorieë wat in die loop van hoofstuk 4 onder die loep kom:

[2-11d]

Die *goue verguldsels* is baie werd.
Hy het sy betoog *ten slotte afgesluit*.
Hy *lag agteraf in sy vuur* vir ons.


Hy *lieg en bedrieg* almal.

Daar is talle SH-voorbeelde waar die betekenis van die een element in 'n mate, maar nie volkome nie, ingesluit word by die betekenis van die ander; vergelyk die konstruksie:

[2-11e]

adjektief + s.nw.
goue *verguldsels* ⁷

Op die oppervlak beskou, lê die primêre semantiese probleem daarin dat die mineraal-kwaliteit wat deur die adjektief *goue* as bepaler benoem word, deel uitmaak van die inherente semantiese kenmerke van die s.nw.-kern *verguldsels*. Daar bestaan betekenisoorvleueling tussen die twee elemente wat soos volg voorgestel kan word:



Betekenisoorvleueling

(B + A)
goue verguldsels

waar $A \supset B$ (*verguldsels* $\supset$ *goue*)

Dit lyk asof daar redundante semantiese herhaling bestaan tussen die adjektief *goue* en die s.nw. *verguldsels*; hierdie legering kán niks anders wees as 'n goudlegering nie. Maar wanneer die gebruik van *verguld*- van naderby beskou word, lyk dit asof iets interessants gebeur het met hierdie enigszins argaïesie vorm.

Uit die volgende voorbeelde kan afgelei word dat daar 'n betekenisverskuiwing plaasgevind het: *verguld* het nou vir baie sprekers slegs die betekenis "oorgeblaas met" en nie meer "oorgeblaas met GOUD" nie. In die advertensiebrochure waarin hierdie voorbeeld voorgekom het, het ook die volgende semantiese variasies voorgekom:

ses vergulde goue teelepels
goudvergulde versierings
met goudversierde verguldsels

In 'n latere uitgawe van bogaande advertensiebrochure is die volgende verbetering aangebring:

goud-geplateerde messeset

Hierteenoor word *versilwerde (teestel)* gebruik, aangesien daar nie etimologiese verwarring by die lesers behoort te wees soos in die geval van *goud - verguld* nie. Let op na die opbou tot 'n kontaminasievorm waardeur gepresiseer word:

⁷ Vergelyk Lyons (1977: 314) oor die deel-geheel-relasies soos aangehaal onder 2.3.3.

	<i>goue teelepels</i> :	"teelepels van/uit goud"
+	<i>vergulde teelepels</i> :	"enige teelepels wat met goud oorgeblaas is/met 'n lagie bladgoud bedek"
=	<i>goudvergulde teelepels</i>	

Semantiese verslyting het plaasgevind; verguld kry die primêre betekenis "oorgeblaas/bedek" sodat dit nodig geword het om te spesifiseer waarmee die teelepels bedek is. In die voorbeeld: goue vergulde lepels is daar naas die paradigmatische relasie goue - verguld ook sprake van die sintagmatiese relasie

adj.	adj.	s.nw.
<i>goue, vergulde teelepels</i>		

Dus: goue tree op as spesifiseerder van verguld. Vergelyk ook die voorbeeld: goudversierde verguldsels waar substantivering plaasgevind het en waar ook gepresiseer word deur die adjektief goudversierde.

Benewens die groot mate van betekenisoreenkoms wat tussen die lede van hierdie SH-konstruksie bestaan, is dat egter ook semantiese onversoenbaarheid. Vergelyk in hierdie opsig die ontleding van die verskillende voorbeelde soos hierbo genoem:

Die kombinasie goue verguldsels beteken dat die verguldsels, dit wil sê daardie items wat met goud geplateer is, inderdaad van goud gemaak is. Ook albei die voorbeelde:

vergulde goue teelepels
en *goue vergulde teelepels*

impliseer dat die teelepels wat van goud gemaak is, daarna toe nog met goud geplateer is! Dieselfde semantiese parallel kan ook tussen die onderstaande voorbeelde getref word:

goudvergulde versierings
goudversierde verguldsels

Daar bestaan klaarblyklik vir die opstellers van hierdie advertensiebrochure nie 'n betekenisverskil tussen goudvergulde en goudversierde nie, en albei impliseer blykbaar "met goud bedek/versier/mooi gemaak". Ook in die geval van die s.nwe. versierings en verguldsels bestaan daar blykbaar ook nie 'n betekenisverskil tussen die twee s.nwe. nie, en albei beteken ongeveer die volgende: "mooi voorwerpe (+adj. "van goud gemaak/met goud geplateer")".

Uit die bespreking van die volgende voorbeelde blyk die verskil wat daar bestaan tussen volkome en gedeeltelike sinonimie. In hierdie konstruksies kom twee sinonieme sake direk naas mekaar voor. Waarom die konstruksies in die volgende geval neerkom op SHR, sal uit die ontleding blyk. Vergelyk:

[2-11f]

(B + A)

Hy het sy betoog *ten slotte afgesluit*.

Binne die struktuur (B + A) is die werkwoord afgesluit die kernelement A, terwyl ten slotte die bepaler-element B is.


- * A kan selfstandig optree in hierdie konteks;
as kern is A neweglaatbaar
- * B is gedeeltelik sinoniem aan A, maar kan nie selfstandig optree in hierdie konteks nie;
B is weglaatbaar, aangesien daar geen betekenisverlies plaasvind ten opsigte van afgesluit indien ten slotte geskrap word nie.

Indien elementskrapping plaasvind, gebeur die volgende:

(B	+	A)	
Hy het sy betoog	0	<i>afgesluit</i> .	↓
Hy het sy betoog <i>ten slotte</i>	0		x

Die vaste konstruksie ten slotte en die werkwoord afgesluit bevat die sinonieme elemente slot en sluit. Hierdie twee woorde hoort tot dieselfde woordveld waarvan onder andere sluit, slot, sleutel en geslote lede is.

Die volgende woordeboekverklarings (uit HAT) sal die betekenisoorvleueling ten slotte en afsluit nog beter toegelig word:



Ten slotte en afsluit het dus "einde/end" as gemeenskaplike semantiese kenmerk. Indien die woordgroep ten slotte alleenstaande in hierdie betrokke konteks gebruik word, sal 'n sintaktiese herstrukturering moet plaasvind om ten slotte te akkommodeer. Die element A en B is dus nie volkome sinonieme nie, maar toon wel 'n belangrike semantiese ooreenkoms.

Die volgende konstruksie met skynkongruensie tussen A en B dien as kontrasvoorbeeld:

[2-11g]

(A/B + B/A)

Hy *lag agteraf in sy vuus* vir ons.

Twee sinonieme konstruksies word onderskei indien sin 1 (in isolasie) semanties met sin 2 (in isolasie) vergelyk word.

(A/B)
Hy *lag agteraf* vir ons =

(B/A)
Hy *lag in sy vuus* vir ons.

Hier is 'n geval van kontaminasie van 'n idiomatiese uitdrukking (lag in jou vuus) en die parafrase daarvan (lag agteraf). Enigeen van A of B kan geskrap word sonder betekenisverlies ten opsigte van die oorgeblewe element(e). Enigeen van A of B kan selfstandig optree in die sin. Indien A en B egter in dieselfde sin optree (soos aanvanklik gegee), is die sinsposisie van die twee sinoniemkonstruksies nie omruilbaar nie; vergelyk:

2 1
Hy *lag in sy vuus agteraf* vir ons x

Die sinsposisievoorkeur word bepaal deur kontaminasie van die handelingsimplikasie, naamlik

om agter jou vuus te lag + in jou vuus lag >
om agteraf in jou vuus te lag

Gedeeltelike sinonimie geld ook ten opsigte van die idiomatiese woordpaar lieg en bedrieg. Die twee lede van die idiomatiese uitdrukking is nie volkome sinonieme nie, maar hulle deel wel 'n belangrike semantiese kenmerk. Albei hierdie woorde het die betekenissenmerk [+negatief]. Daar bestaan ook die volgende mate van betekenisoorvleueling:

[2-11h]

		<i>bedrieg</i>
	1	'n fout begaan, jou vergis
<i>lieg</i>	2	iemand mislei deur leuens
1	2	met opset onwaarheid praat
hom verloën		

waar die werkwoorde lieg en bedrieg soos volg vergelyk kan word:

liegbedrieg

"met opset"	⊃ "mislei"
"onwaarheid"	= "leuen"

In die meeste gevalle waar Germaanse eiegoed en Romaanse leengoed ter sprake is, is daar van skynkongruensie sprake, dit wil sê naas daardie gevalle van werklike betekenisoorvleueling, vertoon baie van hierdie woordpare verskille; hulle staan ook in 'n verhouding van betekenisuitsluiting of -insluiting tot mekaar (vergelyk Schutte, 1977). Wat opvallend is, is dat hierdie en ander Romaanse leenvorme dikwels die volgende semantiese funksies vervul:

- (1) Heelwat van hierdie vorme besit 'n plusfaktor wat hulle 'n betekeniswaarde gee van "groter/meer as" hul Germaanse teenhangers. Die Romaanse woorde tree op as die intensiewe van die Germaanse vorme. Omdat hierdie Romaanse en Germaanse vorme nie gevalle van volkome sinonimie is nie maar slegs van gedeeltelike sinonimie, kan hierdie vorme saam binne 'n bepaalde konteks gebruik word sonder om toutologies of semanties redundant te wees.
- (2) Oor die algemeen verleen die gebruik van hierdie vreemde dikwels redelik onbekende woorde status aan 'n gesprek en is dus 'n stilistiese plusfaktor. Die gebruik van Romaanse leengoed lei daartoe dat die spreker beïndruk en die hoorder beïndruk word.⁸ Romaanse vorme word by uitstek gebruik in (veral sekere) sosiolekte en vaktalomgewings.

Die feit dat nóg die spreker nóg die hoorder dikwels die volle betekenis van die leenwoorde ken, plaas hoegenaamd nie 'n demper op die gebruik daarvan nie. Omdat die groot mate van betekenisoorvleueling as gevolg van hierdie onkunde nie bekend is nie, word die Romaanse vorm met groot vertroue langs sy Germaanse gedeeltelike sinoniem gebruik. Hierdeur word groter krag/intensiteit verleen word aan die betrokke uiting; dit gebeur ook dat die kombinasie Romaans + Germaans daartoe lei dat 'n wyer betekenisveld gedek word as dit wat deur veral die Romaanse vorm gedek word.

Die kombinasie moontlikhede gee verder aanleiding daartoe dat woordsoortwisseling ook plaasvind. In baie gevalle verander die Romaanse leenwoord se woordsoortfunksie na die van 'n bepaler, hetsy adjektiwies of bywoordelik.

Die volgende twee groepe woorde word verdeel in Romaanse leengoed met elk 'n Germaanse teenhanger voorafgegaan deur 'n adjektief. Die sinoniem van die Romaanse lid is dan die Germaanse teenhanger met die Germaanse adjektief as voorafgaande graadbepaling.

Die Romaanse vorm is telkens 'n 'intensief'-s.nw. (in enkele gevalle 'n 'intensief'-werkwoord). Hierdie leenwoord se Germaanse teenhanger verbind met 'n adjektief; hierdie kombinasie adjektief + s.nw./ww. vorm saam die intensiefsinoniem vir die Romaanse intensief. Die Romaanse intensief het met verloop van tyd van hierdie

⁸ Vergelyk De Villiers (1975: 61): " 'n Baie ingewikkelde toestand van sake ontstaan wanneer sprekers 'n vreemde woord gebruik terwyl daar wel ekwivalente in die moedertaal bestaan. Dit is 'n maatskaplike verskynsel wat kan dui op 'n minderwaardigheidsgevoel teenoor die sg. meerderwaardigheid van die vreemde taal, of dit kan 'n blote gril wees, 'n drang na andersheid, na vermyding van die bekende."

intensiteit verloor, vir sover die Romaanse vorm spontaan met dieselfde adjektief/bywoordbepaling verbind om 'n sinonieme konstruksie te vorm wat semanties gelyk staan aan die Germaanse kombinasie. Vergelyk byvoorbeeld:

[2-12a]

anargie = *volslae wanorde* > *volslae anargie*
 waar *volslae wanorde* = *volslae anargie*

Die Romaanse vorm kombineer wel met die adjektief maar die Romaanse leenwoord dra steeds meerdere intensiewe betekenis en is semanties swaarder gemerk as sy Germaanse skynekwivalent. Daar bestaan dus semantiese herhaling tussen die adjektief en die Romaanse intensief in die nuutgevormde sintaktiese groep:

intensief-adj. + intensief-s.nw.

Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

Romaans	Germaans	Germaans + Romaans
s.nw. intens.	adj. + s.nw.	adj. + s.nw. intens. graadbepaling
<i>anargie</i>	: (volslae) wanorde	> volslae anargie
<i>chaos</i>	: (algehele) wanorde	> algehele chaos
<i>debakel</i>	: (algehele) mislukking	> algehele debakel
<i>dispuut</i>	: (ernstige) geskil	> ernstige dispuut
<i>fraksie</i>	: (klein) gedeelte	> klein fraksie
<i>katastrofe</i>	: (groot) ramp	> groot katastrofe
<i>konflik</i>	: (hewige) stryd	> hewige konflik
<i>konsternasie</i>	: (groot) ontsteltenis	> groot konsternasie
<i>misterie</i>	: (diep) raaisel	> diep misterie
<i>pandemonium</i>	: (geweldige) lawaai	> geweldige pandemonium
<i>predikament</i>	: (ernstige) moeilikheid	> ernstige predikament
<i>trauma</i>	: (ernstige) skok	> ernstige trauma
<i>triomf</i>	: (algehele) oorwinning	> algehele triomf
ww. intens.	graadbep. + ww.	graadbep. + ww. intens.
<i>dresseer</i>	: (deeglik) afrig	> deeglik dresseer
<i>eksploteer</i>	: (ten volle) ontgin	> ten volle eksploteer
<i>ignoreer</i>	: (heeltemal) verontagsaam	> heeltemal ignoreer
adj. intens.	graadbep. + adj.	graadbep. + adj. intens.
<i>irrasioneel</i>	: (heeltemal) onredelik	> heeltemal irrasioneel
<i>imposant</i>	: (hoogs) indrukwekkend	> hoogs imposant
<i>kardinaal</i>	: (uiters) belangrik	> uiters kardinaal ? van kardinale belang

Wat hier van belang is, is dat gebruikers met die bewuste gradering van die Romaanse vorm of voel, of blyke laat gee dat by die onbepaalde Romaanse vorm die element "hoogste graad van" verslyt het of nie langer as deel van die onbepaalde vorm beskou word/is nie.

Vergelyk die voorbeeld uiters kardinaal wat heel vreemd is; hierteenoor is die vaste uitdrukking van kardinale belang baie algemeen (en) bekend. Die leksikale item kardinaal kombineer met die s.nw. belang; die Germaanse adjektief belangrik word die kernelement in die konstruksie waarin 'n omgekeerde woordorde geld: hierdie keer Romaans + Germaans en nie andersom soos in al die ander gevalle nie. Dat hierdie kombinasie semanties aanvaarbaar is, word weer eens moontlik gemaak deur die gebruik van die twee fonologies nieverwante vorme: van kardinale belang is in der waarheid net so semanties herhalend soos *van uiters belangrike belang. Eersgenoemde is egter nieraedundant en aanvaarbaar vanweë voorgaande redes; laasgenoemde is egter swak geformuleer en bevat fonologies redundante elemente.

Vergelyk:

[2-12b]

van kardinale belang x van uifers belangrike belang

(’n Bespreking van fonologiese beperkings vind in 2.4.2 plaas.)

Die volgende bespreking word gewy aan voorbeelde van gedeeltelike sinonieme wat as ’n hegte sintaktiese eenheid gebruik word, met of sonder die koppelteken:

[2-12c]

	<i>perfek</i>	(-)	<i>volmaak</i>
<i>waar</i>	<i>perfek</i>	=	<i>volmaak</i>
<i>en</i>	<i>volmaak</i>	=	<i>perfek.</i>

In al die gevalle kan die twee adjektiewe saam optree maar adjektief 1 bepaal nie noodwendig adjektief 2 nie. Hulle kan verder uiteengeplaas word en tree dan neweskikkend op wanneer die voegwoord en gebruik word. Verder kan hulle geskei word deur ’n komma. Die twee adjektiewe wat as gedeeltelike sinonieme naas mekaar voorkom, kan sowel attributief as predikatief gebruik word. Hulle vorm in al die gevalle ’n hegte semantiese eenheid, hoewel die sintaktiese funksie van bepaler 1 verander en na gelang van die konteksbeplasing bywoordelik of adjektiewies optree.

Die verskillende fyner betekenisonderskeidings verander na gelang van konteks. Die betekenis wat byvoorbeeld in konteks A aan bepaler 1 gegee word, gaan verskil van die betekenis wat ten opsigte van dieselfde bepaler in konteks B gaan geld. Die onderlinge betekenisverskille wat wel tussen element A en B bestaan, veroorsaak dat daar semantiese herhaling plaasvind wat as ’aanvullend’ tipeer kan word; daar vind dus nie semantiese redundansie plaas nie. Die woordeboekbetekenisse van twee van hierdie pare woorde [2-12d] 1. en 2. gee ’n aanduiding van die patroonmatigheid wat bestaan tussen die pare leksikale items:

dinamies: "vol beweging; vol krag, **kragtig**; bedrywig"

kragtig: "wat krag besit; wat geestelike krag besit; wat ’n groot uitwerking kan hê"

eksoties: "**uitheems**, uit ander streke afkomstig"

uitheems: "vreemd, buitelandse, uitlandse"

Die betekenis van die Romeanse woord sluit die Germaanse sinoniem in as een van sy betekenisfasette; die teendeel geld egter nie:

<i>dinamies</i>	$\supset$	<i>kragtig</i>
<i>kragtig</i>	$\not\supset$	<i>dinamies</i>

<i>eksoties</i>	$\supset$	<i>uitheems</i>
<i>uitheems</i>	$\not\supset$	<i>eksoties</i>

Vergelyk die volgende kontekste:

[2-12d]

1. Die besturende direkteur is baie *dinamies(-)kragtig* in sy optrede.
Die besturende direkteur se optrede is baie *dinamies-kragtig*.
Die besturende direkteur se optrede is baie *dinamies en kragtig*.
Die *dinamiese en kragtige/dinamiese, kragtige* optrede
2. Dit is sulke heerlike *eksoties(-)uitheemse* kossoorte.
Die *eksoties-uitheemse* kossoorte is heerlik.
Die *eksotiese en uitheemse/eksotiese, uitheemse* kossoorte is heerlik.
3. Die omstandighede is *ideaal(-)volmaak* - net waarop ons staatgemaak het.
Die *ideaal(-)volmaakte* omstandighede is net waarop ons staatgemaak het.
Die *ideale en volmaakte/ideale, volmaakte* omstandighede
4. Die weer is *perfek(-)volmaak* vir die toernooi; dit kon nie beter gewees het nie.
Die *perfek(-)volmaakte* weer kon nie beter gewees het vir die toernooi nie.
Die *perfekte en volmaakte/perfekte, volmaakte* weer
5. Hy is baie *konserwatief(-)behoudend* in sy oortuigings.
Hy is baie *konserwatief en behoudend* in sy oortuigings.
Sy *konserwatief behoudende* oortuigings
6. Die uiters deeglike navorsing is *universeel omvattend* in die beskrywing en hantering van die probleem.
Die *universeel omvattende* navorsing is uiters deeglik.
Die *universele en omvattende/universele, omvattende* navorsing
7. Die optrede was so *radikaal ingrypend*, dat dit die publiek geskok het.
Die *radikaal ingrypende* optrede het die publiek geskok.
Die *radikale en ingrypende/radikale, ingrypende* optrede het die publiek geskok.
8. Die redenasie was so *pragmaties(-)nugter* dat dit almal verbaas het.
Die *pragmaties-nugter(e)* redenasie het almal verbaas.
Die *pragmatiese en nugter(e)* redenasie het almal verbaas.
Die *pragmatiewe, nugter(e)* redenasie het almal verbaas.
9. Sy was *sinies(-)ongevoelig* in haar kil optrede.
Haar *sinies-ongevoelige* optrede was kil.
Haar *siniese en ongevoelige* optrede was kil.
Haar *siniese, ongevoelige* optrede was kil.
10. Die ingewikkelde saak was *betreklik relatief*.
Die *betreklik relatiewe* saak was ingewikkeld.
Die *betrekklike en relatiewe/betrekklike, relatiewe* saak was ingewikkeld.

In hierdie laaste groep voorbeeldsinne 10. is bepaler 1 die Germaanse vorm en bepaler 2 die Romaanse vorm. Die graadbepalende funksie van betreklik is baie prominent. Dit is ook so dat die posisie van die Germaanse vorm (naamlik die eerste posisie) die onbekendheidsfaktor wat juis deur die gebruik van die Romaanse vorm veroorsaak word, ophef. Die bekendheid en verstaanbaarheid van die Germaanse vorm "verklap" as 't ware die semantiese geheim.

Omdat die spreker en hoorder weet wat betreklik beteken, is die gebruik van relatief semanties redundant. Die ander betekenisfasie van betreklik in hierdie kombinasie is "redelik" soos in

[2-12e]

betreklik = *redelik* + *relatief*

Die bekleding van 'n bepaalde, vaste sinsposisie is van groot belang in die suksesvolle kombinasie van hierdie naasmekaarstaande gedeeltelike sinonieme. Hierdie sinsposisie kan daartoe lei dat die semantiese herhaling aanvaarbaar is en dat dit nie verander na 'n vorm van semantiese redundansie nie. Sprekerskennis van die Romaanse vorm sal egter hierdie oordeel beïnvloed en sommige hoorders/moedertaalsprekers sal dit nog as redundant beskou.

Die volgende sinonieme is in sinne 1. - 10. semanties met gemak gekombineer:

[2-12f]

<u>Romaans</u>	<u>Germaans</u>
<i>dinamies</i>	<i>kragtig</i>
<i>eksoties</i>	<i>uitheems</i>
<i>ideaal</i>	<i>volmaak</i>
<i>perfek</i>	<i>volmaak</i>
<i>konserwatief</i>	<i>behoudend</i>
<i>universeel</i>	<i>omvattend</i>
<i>radikaal</i>	<i>ingrypend</i>
<i>pragmaties</i>	<i>nugter</i>
<i>sinies</i>	<i>ongevoelig</i>

Buiten 10. se SH-kombinasie staan al die ander Germaanse woorde in kernposisie binne die kombinasie (B + A). Element B besit die kenmerk van intensivering, want in hierdie gevalle het die bepalerelement die semanties implikasies [intensiverend] en [kenmerkspesifiserend] ten opsigte van A se belangrikste betekenisfasie(te):

[2-12g]

<i>universeel omvattend</i>	= "baie/geheel omvattend"
<i>radikaal ingrypend</i>	= "uiters ingrypend"
<i>konserwatief behoudend</i>	= "behoudend met kenmerke van konserwatisme"
<i>pragmaties nugter</i>	= "nugter met kenmerke van pragmatisme"

(Die Romaanse vorms en hul Germaanse teenhangers word verder bespreek in hoofstuk 4).

In die volgende afdeling word enkele van die funksies/aanwendings van sinonieme elemente en konstruksies bespreek. In die loop van hoofstuk 3, 4 en 5 word hierdie en nog heelwat ander belangrike aspekte ondersoek.

Sinonimie word dikwels gebruik ten einde 'n bepaalde gespreksdoelwit te bereik. Dit kan gebeur dat daar stylverwarring is in die aanwend van sinonieme sinstukke. Die volgende is goeie voorbeeldmateriaal van stilistiese onversoenbaarheid:

[2-13a]

Nagmaalritueel:

Formeel *Broers en susters, u word uitgenooi om by die tafel te kom aansit*

U kan maar kom aansit, die kos word opgedien

Kom eet, asseblief

Informeel *Val maar weg, mense!*
 (val maar weg = "begin eet")

Indien die predikant so informeel is om die laaste voorbeeld te gebruik, sal die gemeente nie sy uitnodiging aanvaar nie, want hy verbreek die formele gespreksreëls geheel en al, en die algemene kode van die gemeenskap ten opsigte van die situasie word oortree!

Semantiese herhaling word in der waarheid in voorgaande voorbeeldsinne toegepas, want elke volgende geval is 'n gedeeltelik sinonieme konstruksie van die vorige; wat wel verskil, is die register waarin hierdie sinonieme inligting aangebied word. Die registerverandering lei later tot onaanvaarbaarheid binne die gespreksituasie, afgesien daarvan of sinonieme konstruksies gebruik word. In hierdie geval geld 'n soort welgevormdheidsvoorwaarde wat gestel word ten opsigte van diskoers.

Volgens Ervinn-Trip (1973: 321) in Wybenga (1988: 12) berus die keuse uit die paradigmas op sogenaamde co-occurrence rules (stylkongruensiereëls). Volgens hierdie reëls stem die register ooreen met die omstandigheid waarbinne die uiting gemaak word. In die volgende voorbeeld word die reëls bewustelik verbreek:

[2-13b]

Hoe's dinge, Regter?

Hallo, u Edele!

Die volgende is 'n voorbeeld uit die kinderliteratuur waarin mindere karaktertjies die hoofkarakter te na kom deur 'n registerverandering in te voer van hoflikheid/formeel na parmantigheid/informeel.

[2-13c]

(Verhaal-agtergrond: Basie, 'n eerbiedwaardige ratel, help die klein diertjies van sy omgewing wat aan die ander kant van die dam wil kom, en laai hulle op sy vlot. Hy ry heen en weer en is naderhand moeg en moedeloos omdat die stroom passasiers nie

ophou nie.

"Daar lê drie muise op hul rûe en wag. "gewee jy sal vroeër of later kom,'
sê hulle vir Basie. 'Was nie lus vir loop nie.' Sonder om eers te vra, skarrel
hulle op die vlot en lê ~~daar~~ met hul sterte in die water terwyl Basie hom
boeglam roei. 'Dankie vir die rit, Baas,' roep hulle parmantig uit toe hulle
aan die ander kant kom." (Uit: Kincaid, 1980: 46-47).

Die eienaam van die ratel word herhaal, maar in hierdie herhaling lê ook 'n semantiese wysiging. Hierdie aanspreekvorm is 'n doelbewuste toespeling op die semantiese verskil tussen Basie [+positief] en Baas [-positief]. Daar bestaan nou sowel gedeeltelike fonologiese as morfologiese herhaling waardeur 'n registerverandering bewerkstellig word:

[ba:s]	[ba:si]	:	foneties
baas	baas + ie	:	morfologies

Die twee eienaam-variasies tree op as antesedente verwysend na dieselfde onderwerp, terwyl die anafoor *jy* 'n semantiese dualiteit bekleed in kombinasie met die eenaamsvorms:

Basie + jy	:	[+positief], [+hoflik]
Baas + jy	:	[-positief], [-hoflik]

Die registerverandering kan waargeneem word uit die gesindheidsverskil soos weerspieël in Basie teenoor Baas.

Die gespreksgebied verwys na die onderwerp of gebied van diskoers: daar is byvoorbeeld leksikale (en grammatikale) kenmerke van onder andere regs-, wetenskaps- en advertensietaal, verkoopstaalategie, politieke toesprake, sportkommentaar, ens. Vergelyk die volgende sinonieme:


troue x huwelik x in die eg verbind

asook die gebruik van hierdie oënskynlik volkome sinonieme in 'n sin:

[2-13d]

Hulle *troue* was nie sommer elke dag se *huwelik*
nie - hulle is omtrent deftig *in die eg verbind*!

Hierdie sinonieme woorde is bruikbare voorbeelde om registerverskille aan te toon op die volgende skaal:



Modus verwys na die manier waarop 'n (taal)boodskap oorgedra word, hetsy deur die geskrewe of gesproke woord, per telefoon, ens. Ook hier is moontlikhede vir sinonieme, waar die sinonieme snedes insake en in verband met met formele sakekorrespondensie in verband gebring word. Hierdie snedes is derhalwe dubbeld gemerk: sowel vir gespreksgebied as vir modus. Die sinonieme konstruksies is dus stilistiese merkers wat binne 'n bepaalde milieu gebruik word. Die behoefte bepaal die keuse van sinonieme; vergelyk die informele

Hallo jy!

Haai!

teenoor die formele *Goeie môre/Goeie dag/Goeie naand.*

Ten opsigte van semantiese modus word proposisionele en ekspressiewe modus onderskei: dit is daardie betekenisfasette wat die spreker hoofsaaklik gebruik en direk manipuleer ten einde sy boodskap te kan oordra. Maar die volgende wat belangrik is ten opsigte van semantiese herhaling, moet wel in berekening gebring word: "There are other aspects of the meaning of words, however, whose primary sphere of operation is not the interface between speakers' intentions and language, but the interactions amongst linguistic items constituting a discourse. The primary function of these semantic properties is not so much to encode message components directly as to place restrictions on what linguistic items can occur together normally within the same sentence, or within the same discourse. In normal utterances, these restrictions have the effect of adding informational redundancy to the message, and cohesiveness to the discourse (thereby facilitating the hearer's task of decoding)" (Cruse: 1986: 277). Vergelyk in hierdie opsig die sintagmatiese verskille tussen sinonieme soos dit geblyk het in die bespreking van brok en stuk, wik en weeg, en algeheel en totaal. Vergelyk 2.4.4 vir 'n verdere bespreking.

Ekspressiewe kom voor (1) as intensiewe (en is geldig vir die spreker op 'n bepaalde tyd en plek van segging), (2) as uitroep, en het (3) emotiewe funksie of houding, byvoorbeeld van hoop, onsekerheid, verbasing, erns, afwagting, ens. Sommige ekspressief-konstruksies neem ekspressiefeienskappe aan uit die konteks en fokus, en beklemtoon hulle; vergelyk:

[2-13e]

Hou aan om die medisyne *te gebruik*. (minder formeel)

Gaan voort om die medisyne *te neem*. (meer formeel)

Hoewel daar min betekenisverskil bestaan tussen die twee werkwoordgroepe, is daar beslis 'n registerverskil.

Leksikale items wat kenmerkend is van informele styl is daarom meer geneig om ekspressief-aanduiders te wees as items wat tot formeler stylvlakke behoort. Daar bestaan


skynbaar 'n korrelasie tussen ekspressiwiteit en leksikale groepe soos idiome, geslote frasewerkwoorde, metafore, en vaste uitdrukkings.

Bepaalde stylvorme is van besondere belang, want dit is op hierdie gebied waar daar (volgens Cruse: 1986) die meeste gewoener word met kognitiewe sinonieme. Die sinoniem-woordvelde is die opvallendste gemerk in die geval van woorde wat verwys na gebiede wat van hoogs emotiewe belang is - in ons samelewing byvoorbeeld dié oor geld godsdienste en die dood. Vergelyk die volgende sinonieme woorde en idiomatiese uitdrukkings ten opsigte van laasgenoemde:

Paradigma:

*doodgaan, sterf, styfskop, lepel in die dak steek,
die gees gee, bokveld toe gaan*

[2-13f]



Vervolgens word aandag gegee aan die ander fasette van betekenisoorvleueling en -insluiting, naamlik hiponimie en polisemie.

2.3.3. HIPONIMIE

Hiponimie is een van die fundamenteelste paradigmatische betekenisrelasie in terme waarvan die woordeskat gestruktureer en georganiseer word. Hiponimie is derhalwe van groot belang in die bestudering van semantiese herhaling, aangesien dit verwys na betekenisinsluiting.

Hiponimie hou verband met sinonimie aangesien laasgenoemde kan optree as simmetriese hiponimie. Die volgende verskille wat bestaan egter tussen sinonimie en hiponimie:

[2-14a]

SINONIMIE	HIPONIMIE
1. Simmetriese/wederwydse implikatiewe relasie: $A \supset B$ $B \supset A$	1. Eensydige implikatiewe relasie: $A \supset B$ $B \not\supset$ noodwendig A
2. Sinoniem impliseer sinonieme konjunktief: $A \rightarrow \text{én } X \text{ én } Y \text{ én } Z$	2. Superordinaat impliseer hiponieme diskunktief: $A \rightarrow \text{óf } X \text{ óf } Y \text{ óf } Z$

Hiponimie is 'n oorganklike relasie:

as X 'n hiponiem is van Y en Y 'n hiponiem van Z,
 dan is X ook 'n hiponiem van Z.


Superordinate kan in 'n analitiese sin ingespan word om te bepaal of twee lekseme wel in 'n relasie van hiponimie staan. So kan daar gesê word:

X is 'n soort Y (waar X 'n hiponiem van Y is)
gembok is 'n soort *bok*

Die verwantskap van betekenisinsluiting van 'n spesifieker term in 'n algemener term staan bekend as die logika van klasse. Daar bestaan talryke klasse en subklasse in 'n taal. Die volgende dien as illustrasie: die betekenis van bul is ingesluit in die betekenis van bees, terwyl bees se betekenis weer ingesluit is in die betekenis van dier.

Vergelyk die uiteensetting van Lyons (1977: 294) wat aansluit by die hiërargiese voorstelling van superordinaat - hiponieme waar die hoof superordinaat aan die bopunt van die hiërargie aangedui word:


[2-14b]



Indien voorbeelde uit 'n klein deeltjie van die woordeskat geneem word soos in voorgaande hiërargiese voorstelling, blyk die volgende: In hierdie geval is dier die superordinaat van bees, skaap, ens. Bees en skaap is hiponieme van dier en ko-hiponieme. Bees is op sy beurt die superordinaat van bul en koei, en skaap die superordinaat van ram en ooi. Dié vier elemente is ko-hiponieme maar ook hiponieme van onderskeidelik bees en skaap. Hierdie ko-hiponieme word vanweë hul betekenisverfyning gegroepeer volgens bepaalde onderskeidende semantiese kenmerke ten opsigte van genus: koei en ooi besit die semantiese kenmerke [-genusneutraal], [+vroulik], terwyl bul en ram die kenmerke [-genusneutraal], [-vroulik] besit. Hoe meer verfynd sodanige spesifisering raak, hoe eenduidiger/spesifieker raak die definisies van die items. Een van die besondere kenmerke van hiponimie is juis dat dit die taalgebruiker in staat stel om algemener of spesifieker te wees na gelang van gespreksomstandighede.

In die gevalle waar klaslidmaatskap ter sprake is en die superordinaat en een van sy hiponieme kombineer, bestaan daar semantiese wrywing tussen die superordinaat en hierdie hiponiem. Vergelyk die volgende voorstelling:

[2-14c]



waar	<i>hond</i>	$\supset$ <i>corgi óf poedel óf rifrug óf boerboel</i>
terwyl	<i>corgi</i>	$\supset$ <i>hond</i>
	<i>poedel</i>	$\supset$ <i>hond</i> , ens.

Die verskillende honderasse ressorteer almal onder die superordinaat hond. In sodanige SH-gevalle waar albei stamme op sinchroniese vlak verstaanbaar is, is die superordinaat as algemene klasnaam semanties redundant:

<i>corgihond</i>	$\supset$ <i>hond</i>
<i>corgi</i>	$\supset$ <i>hond</i>

Aangesien daar geen ander klasnaam bestaan wat die semantiese duidelikheid van corgi as

synde 'n hond bedreig nie, is die stel van die superordinaat -hond in corgihond redundant. Weens die krag van analogie kan dit ook wees dat sulke SHR-vorme soos corgihond gevorm word in navolging van ander samestellings soos kombinasies met -bok soos springbok, bosbok, ribbok, reebok, ens.

Hoewel 'n superordinaat nie gewoonlik sy hiponiem impliseer nie, is dit dikwels die geval dat die situasie/konteks of die sintagmatiese modifikasie van die superordinaat dit determineer in die betekenis van een van sy hiponieme - dit is die bron vir konteksafhanklike sinonimie. Vergelyk byvoorbeeld die volgende betekenisverskil tussen die semanties gemerkte term teef (hiponiem) en die ongemerkte term hond (superordinaat) wat geneutraliseer word in 'n konteks waar ander elemente byvoorbeeld kenmerkbepalend is; vergelyk:

[2-14d] *Die hond het kleintjies.*

Hierdie sin impliseer dat die superordinaat hond ([-vroulik]) verwys na teef [+vroulik]; hierdie implikasie word bepaal deur die NS kleintjies.

Dieselfde gebeur in die volgende geval waar die onderskeid tussen die gemerkte term byvoorbeeld hen en die ongemerkte term byvoorbeeld hoender geneutraliseer word:

Die hoender lê eiers.

Die werkwoord en die voorwerp dui die genus aan van die ongemerkte leksikale item hoender. Vergelyk ook hoender- en volstruiseier waar die superordinaat gebruik word saam met eier:

[2-14e]

eier afkomstig van/gelê deur 'n
wyfiev~~ol~~struis/volstruiswyfie [+vroulik]

teenoor

**hoenderheneier*, **heneier*,

**wyfiev~~ol~~struiseier*, **wyfie-eier*

Eier impliseer in elk geval [+vroulik] as die produk van 'n hen, wyfie, ens. In die samestellings word die superordinaat gebruik om die spesie te onderskei, naamlik: hoendereier, eendeier, voëleier, ens., en nie die hiponiem nie.

Daar word onderskei tussen (1) superordinaat wat optree in hierdie studie as die kernelement (A) en (2) die hiponieme (B) van die superordinaat wat onderling bekend staan as ko-hiponieme.

'n Verdere illustrasie van hiponimie is voorbeelde van spesialisgebiede in die mediese beroep:

[2-14f]

SUPERORDINAAT Mediese spesialis	<i>kinderarts</i>	=	<i>pediater</i>	}	HIPONIEME
	<i>snydokter</i>	=	<i>chirurg</i>		
	<i>hartspesialis</i>	=	<i>kardioloog</i>		
	<i>breinspesialis</i>	=	<i>neuroloog</i>		
	<i>vrouedokter</i>	=	<i>ginekoloog</i>		

In hierdie en soortgelyke gevalle bestaan daar 'n eensydige implikasie van die superordinaat na die hiponieme. Die hiponieme dra meer inligting as die superordinaat. Vergelyk Meiring (1985: 165): "Die feit dat woorde ook hiërargies georden is in 'n verhouding van super- en subordinansie, het 'n invloed op die hoeveelheid semantiese informasie wat 'n woord bevat". In al bogenoemde voorbeelde bestaan daar vir elke hiponiemgeval twee sinonieme, byvoorbeeld breinspesialis en neuroloog. Lyons (1977: 417) noem hierdie soort kohiponieme soos kinderarts x pediater, snydokter x chirurg, ens. toutologieë - in hierdie en sodanige gevalle verklaar die eietaalvorm (items van Germaanse herkoms) die leenwoord (gewoonlik items van Romaanse herkoms). Vergelyk die volgende in hierdie verband:

Ek kan nie dink dat ek so lank in die teater was nie;
my *narkotiseur* is dan 'n *spesialis*.

Hieruit kan afgelei word dat die spreker óf nie bewus daarvan is dat alle narkotiseurs spesialiste is nie, óf spesialis beteken vir die spreker binne hierdie konteks "iets besonder, die beste". In die spreektaal word mediese dokter gespesifiseer; hierdie semantiese oorgemerktheid is nodig omdat die uitspraak van die doeblette dokter en doktor eenders is (hulle is derhalwe homofone), en ook om te onderskei tussen onder andere mediese, homeopatiese en toordokter.

Volkome sinonimie kan voorgestel word as algehele betekenisinsluiting. Die relevante relasie in die geval van pediater en kinderspesialis teenoor dokter is dat hiponieme in betekenis oorvleuel met hul superordinaat. Semantiese herhaling sal nie geld in 'n geval soos die volgende nie, want hier geld gewone klas-presisering:

[2-14g]

A	(+)	B
superordinaat		subordinaat
<i>dokter</i>		<i>toordokter</i>

Dieselfde geld:

Hy is 'n *dokter*, jy weet 'n *kinderarts*.
Hy is 'n *dokter*, jy weet 'n *algemene praktisyn*.

waar die superordinaat as algemene inligting gegee word, waarna gespesifiseer word deur 'n spesifieker afbakening van beroepsgebied.

Semantiese redundansie kom voor in 'n geval soos

[2-14h]

A	B
subordinaat	superordinaat

Hy is 'n *kinderarts*, jy weet 'n *dokter*

maar in

Hy is 'n *pediater*, jy weet 'n *kinderspesialis*

is hierdie twee woorde sinonieme.

Vergelyk ook die volgende:

Dr. A, die bekende *breinspesialis*, is die enigste *neuroloog*
wat *spesialiseer* op daardie gebied van die *neurologie*.

Dit blyk dat die oënskyklik semantiese redundansie ten volle verantwoord kan word, want breinspesialis, neuroloog en spesialiseer dra elk afsonderlik semantiese gewig: die vervanging van breinspesialis met neuroloog voorkom ongewenste fonetiese redundansie, terwyl 'n spesialis verder kan spesialiseer binne sy spesialisgebied (byvoorbeeld die neurologie).

Bostaande sin is 'n voorbeeld in die klein van dit wat ter wille van variasie op 'n lekseemtema gedoen word in 'n gesprek of in 'n geskrewe stuk. Tensy daar weens 'n baie besliste/spesifieke rede semanties herhalend geformuleer word, bestaan die voortdurende neiging om soveel moontlik lekseemvariasie in 'n teks te bring. Die intuïtiewe weerstand teen fonologiese herhaling dwing die spreker om gebruik te maak van sinonieme (maar) wat foneties verskil. Daar word derhalwe in die loop van byvoorbeeld 'n gesprek nie voortdurend net gebruik gemaak van woord A nie, maar van 'n sinonieme woord B of C van sinonieme adjektiewe, sinonieme werkwoordparafraserings, ens. (Vergelyk in hierdie opsig 2.4.4, diskoersreëls (fonologiese beperkings)).

Tog bestaan daar vir die hiponiempare (op die oog af volkome sinonieme wat hul primêre betekenis betref) ook konteksbeperkings; so byvoorbeeld is pediater 'n formeler benaming as kinderarts wat weer formeler as kinderdokter is. Binne die mediese terminologie is pediater die aanvaarde spesialisbenaming, terwyl kinderarts en kinderdokter as algemene benamings aanvaarbaar is.

Om hoordergerig te wees, is van groot belang vir die spreker; ten einde terugvoering te kry, is die spreker bereid om aanpassings te maak of wysigings aan te bring in sy uitinge ter wille van duidelikheid. Afhangend van die gespreksituasie en die bevatlikheid en vermoë van die spreker en van sy gehoor, sal die spreker hom aanpas by hierdie veranderende situasies. Die spreker neig om te parafraseer of sinonieme te gee as hy vermoed dat die ontvanger nie sal verstaan nie, byvoorbeeld:

Ons *pediater*, jy weet *kinderspesialis*,

In hierdie en soortgelyke gevalle is die gee van sinonieme of 'n parafrase funksioneel. Hierdie *jy weet* is ook 'n presiseringsformule in die breë sin van die bevatlikheid van 'n teks (vergelyk hoofstuk 5).

Die voegsnedes eintlik en die negatief nie eintlik nie kom gewoonlik voor met pare leksikale items waarvan die semantiese verskille relatief onbelangrik is; vergelyk:

[2-14i]

Is daar 'n mistigheid oor die vallei?

Nie eintlik nie; dit is eerder 'n motreëntjie wat uitsak.


Die voegsnede eintlik word gewoonlik gebruik om 'n minder belangrike semantiese eienskap te kanselleer of uit te skakel, en om 'n effense regstelling te maak. Daarom moet die twee leksikale items op dieselfde spesifiseringsvlak lê. Indien een van die leksikale items egter 'n hiponiem is van die ander, sal nie eintlik nie normaal daarmee kombineer en slegs indien dit die hiponiem kwalifiseer:

[2-14j]

Is die man vermoor?

Nie eintlik nie; maar hy is wel *gedood*.

Die volgende is 'n uiteensetting van die superordinaat en onderskeie hiponime:



Die **deel-geheel-relasie** is 'n afdeling wat ook ten opsigte van semantiese herhaling belangrik is. Hoewel hierdie betekenisrelasie verskil van hiponimie noem Lyons (1977: 314) die volgende:

"The difference between hyponymy and part-whole relations, it was said, is clear enough in cases like arm:body, wheel:bicycle; i.e. when the lexemes in question are nouns denoting discrete physical objects. Most of the discussion of part-whole lexical relations by linguists has been restricted in such cases. It is arguable, however, that other parts of speech besides concrete nouns denoting discrete physical objects may stand in a part-whole relation; and the distinction between the two relations in such cases is often far from obvious. For example, gold is both a kind of matter and a part of matter. We can say equally well *This substance has gold in it* or *This substance consists of/is composed of gold (and other metals)* and *This substance is gold*. We cannot sensibly say: *This animal consists of a cow (and other mammals)* Abstract nouns, like concrete mass nouns, with which they have a certain logical affinity, may also be related both as hyponyms to a superordinate and as parts to a whole." Vergelyk in hierdie opsig die bespreking van goue verguldsels en die variante hiervan ([2-11e]). Tussen die lede van idiomatiese woordpare ([4.2.2.2]) soos vuur en vlam,

huid en haar, huis en haard, en wind en weer bestaan daar ook 'n deel-geheel relasie. Hierdie relasie geld ook heelwat versamelname (in hoofstuk 4 word versamelname bespreek).

2.3.4 POLISEMIE

Semantiese herhaling is die resultaat van die polisemiese geskakeerdheid van 'n leksikale item. Alvorens oorgegaan word tot 'n bespreking van voorbeelde om hierdie bewering toe te lig, word eers aandag aan die begrip **polisemie** gegee soos wat dit van belang is ten opsigte van semantiese herhaling. 'n Leksikale item het verskillende betekenisonderskeidings. Gewoonlik tree die konteks niemeerduidig op en selekteer die relevante betekenisonderskeiding. In neutrale (niemeerduidige) kontekste sou die spreker verder moes presiseer om die relevante betekenisonderskeiding te laat blyk. Hierdie strategie wat soms ook in disambiguerende kontekste aangewend word, lei tot semantiese redundansie.

Swanepoel (1991: 221) skryf: "Die term **polisemie** word op algemene wyse in die taalkunde gebruik om te verwys na die verskynsel dat twee of meer semanties verwante betekenisonderskeidings met dieselfde woordvorm geassosieer word". De Villiers (1975: 69) beskryf polisemie as "die verskynsel dat een en dieselfde woord verskillende fasette, of nosies of waardes van een betekenis het". Polisemie word gedefinieer as 'n intraleksikale betekenisbetrekking teenoor sinonimie en hiponimie wat gedefinieer word as interleksikale betekenisbetrekkinge.

Een leksikale item het dus dikwels meer as een betekeniswaarde met 'n aantoonbare semantiese verband tussen die onderskeie waardes. Gevolglik word daar dan nie van verskillende betekenis van dieselfde woord gepraat nie maar van 'n woord se verskillende betekenisonderskeidings. Hierdie leksikale item se verskillende betekenisonderskeidings staan bekend as die poliseme van hierdie woord.

Die volgende is van die verskillende gevalle van polisemie wat ter sake is in die verhouding A tot B en wat nou geanaliseer gaan word. (Hierdie en talle ander voorbeelde wat handel oor die polisemantiese betekenissenmerke van die onderskeie SH-elemente word reeds in die onderhawige hoofstukke bespreek.) In hierdie voorbeelde word die oorvleuelende kenmerke geïsoleer en met semantiese herhaling tussen A en B in verband gebring. 'n Bepaalde poliseem van woord A kombineer met 'n betekenisverwante poliseem van woord B om 'n SH-konstruksie te vorm met die gemeenskaplike betekenissenmerk van A en B as oorheersende kenmerk van die konstruksie.

Daar bestaan polisemantiese verbande tussen A en B in die woordpaar gal en edik. Die ooreenstemmende betekenisfasette van A en B veroorsaak 'n semantiese verbondenheid tussen die twee lede van die woordpaar binne hierdie konteks. Die kruispunt van semantiese ooreenkoms word op twee asse aangedui:

[2-15a]



Nommer 2 is die gemeenskaplike semantiese kenmerk van *gal* en van *edik*; die idiomatiese uitdrukking se geheelbetekenis is dan ook: "wat baie bitter is".

In die volgende voorbeeld vind kontaminasie plaas van die idiomatiese uitdrukking en sy parafrasering:

[2-15b]

(A/B = B/A)
Hy lag agteraf in sy vuus vir ons.

Die idiomatiese uitdrukking lag in sy vuus beteken "met leedvermaak, agteraf lag" en hy lag agteraf vir X beteken "stilletjies, in die geheim lag". Die twee kontaminante staan op dieselfde semantiese vlak, en die kontaminasie dra by ter versterking van 'n bepaalde negatiewe semantiese aspek. Die negatiewe semantiese somtotaal van hierdie handeling kom op die volgende neer:

in sy vuus lag 1. met *leedvermaak* lag
2. *agteraf* lag
2.1 *stilletjies* lag
2.2 *in die geheim* lag

Enigeen van die kontaminante is weglaatbaar sonder verlies van betekenis. Die semantiese waarde van die herhaling is dat die bepaalde semantiese aspek, naamlik [negatief] hierdeur versterk word.

In die SH-konstruksie onderste afsaksel met die struktuur (B + A) stem die belangrikste betekenissenmerk van die s.nw. as kern ooreen met die betekenis van die voorafgaande adjektief as bepaler waarmee dit sintakties kombineer. Die bepalerelement B is sinoniem met die hoofkenmerk (onderskeidende betekenissenmerk) van A. Die betekenissenmerke wat semanties van onderskeidelik onderste en afsaksel in die metaforiese x niemetaforiese sin van hierdie SH-konstruksie bevind word, toon die mate van semantiese oorvleueling duidelik aan:

[2-15c]

afsaksel: (lett.) "wat afgesak het"*afsak*: "ondertoe, tot op die boom sak"*onderste*: "laagste deel van iets; afsaksel"

In die betekenis van die kern afsaksel is die betekenis van die bepaler ingebed. Die bepaler onderste kan ook dien om die laagste "laagheid" van afsaksel te beklemtoon; in sodanige geval is daar regverdiging vir semantiese herhaling. Hierdie konstruksie kan in totaliteit ook metafories gebruik word:

afsaksel: "(fig.) mense wat verarm is, agteruit geraak het"*onderste*: "laagste deel" binne konteks "die armste van die mense wat verarm het"

Redundante semantiese herhaling word omskep in nieredundante semantiese herhaling omdat intensivering betrokke is.

In suinige vrek ([2-15q]) met die struktuur (B + A) word die belangrikste betekeniskenmerk van A semanties herhaal in B. Maar in hierdie geval is dit die kernelement A wat die betekenis van die bepaler B verruim na analogie van die betekeniskenmerke van ander adjektiewe wat gewoonlik met vrek kombineer: 'n Mens is geneig om die aanname te maak dat vrek die semantiese kenmerk "suinigheid" bevat. Die ontleding van die onderskeie semanties verwante adjektiewe, naamlik gierig, hebsugtig en inhalig bring egter interessante aspekte ten opsigte van hierdie betekenisverwantskap aan die lig. Volgens die betekeniskenmerke bestaan daar 'n besliste, noue verwantskap tussen vrek en die bepalers gierig, hebsugtig en inhalig as kwalifiserende/intensiverende adjektiewe: almal dra die semantiese kenmerk [negatief] vanweë hul gemeenskaplike betekenis van "gierigheid" en "hebsug". Hoewel suinig ("oordrewe spaarsaam, wat nie veel gee nie, karig") nie hierdie negatiwiteit het nie, word sy betekenis verruim om dit in te sluit, indien suinig met vrek kombineer. Dit is die s.nw. vrek wat 'n ekstra betekenisfaset toevoeg tot die adjektief suinig.

In die geval van die adjektief mooi en sy poliseme wat selfstandig optree as sinonieme, bestaan daar 'n aansienlike mate van semantiese oorvleueling, waarvan die leksikale items se onderskeie gemeenskaplike semantiese eienskappe getuig. Vergelyk:

[2-15d]

*Sy is mooi - eintlik aantreklik.**Sy is mooi - aantreklik, om presies te wees.**Sy is mooi - om presies te wees: aantreklik.*

waar mooi gepresiseer word as aantreklik. Hier is 'n geval van drie sinonieme waarvan die eerste (mooi) as 'n soort vaer genusterm aangevoel word, en presisering met behulp van aantreklik ingevoer word om die juiste betekeniswaarde te omlyn.

Die voegsinsnede, naamlik eintlik en om presies te wees, word binne SH-verband gebruik wanneer 'n stelling gemaak word wat deur 'n bepaalde sinoniem gespesifiseer word vanweë die inherente semantiese verskille wat daar tussen lekseem A en lekseem B bestaan.

Die gebruik wat in hierdie geval gemaak word van die semantiese presiseerders, ken aan mooi die betekenisfasie van "aantreklik" toe. Die semantiese relasie wat bestaan tussen mooi en aantreklik is dat aantreklik 'n enkele leksikale item is en een van die betekenisonderskeidings van mooi. Sinonieme moet egter nie net tot 'n groot mate semanties oorvleuel nie, maar hulle moet ook 'n mate van implisiete betekenisverskil hê, soos byvoorbeeld die verskille wat bestaan tussen mooi, aantreklik en aanvallig:

	<i>mooi</i>	(veral wat voorkoms betref)
Die meisie is	<i>aantreklik</i>	(wat voorkoms en innerlike betref)
	<i>aanvallig</i>	(wat voorkoms en innerlike betref)

Vergelyk ook die volgende:

Die *mooi* meisie is **nog aantreklik en aanvallig ook**

waar die sinonieme verskillende karaktereienskappe onderskei juis vanweë die fyn nuanseverskil tussen die sogenaamde sinonieme; die lekseme nog, en en ook beklemtoon die bykomende kenmerke.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dat 'n bepaalde betekenisonderskeiding van mooi met die gebruik van mooi geaktueer word en dat nie al die betekenisonderskeidings geaktiveer word nie. Gewoonlik is dit so dat 'n spesifieke betekenisonderskeiding in 'n bepaalde konteks geaktiveer word. Hier is egter 'n neutrale konteks (vergelyk byvoorbeeld Sy het 'n mooi karakter) en dus sou hier verwag kon word dat presiserende (en dan dikwels SH-elemente) bygevoeg word om die juiste betekenisonderskeiding te aktueer.

Die polisemiese paradigma van 'n leksikale item verwys na sy volle reeks betekenisonderskeidings. Die strukturele semantiek (vergelyk Lyons 1977: 230 - 335) onderskei die volgende:

[2-15e]

betekenisbetrekkinge			
paradigmatiese betekenisbetrekkinge		sintagmatiese betekenisbetrekkinge	
adj.	lw.	adj.	s.nw.
<i>lelik</i>	<i>die</i>	<i>lelike</i>	<i>hond</i>
<i>onaangenaam</i>	<i>die</i>	<i>onaangename</i>	<i>taak</i>
<i>misvorm</i>	<i>die</i>	<i>misvormde</i>	<i>kind</i>
<i>ongunstig</i>	<i>die</i>	<i>ongunstige</i>	<i>resensie</i>
<i>aaklige</i>	<i>die</i>	<i>aaklige</i>	<i>geskreeu</i>
<i>hinderlik</i>	<i>die</i>	<i>hinderlike</i>	<i>gekras</i>
<i>naar</i>	<i>die</i>	<i>nare</i>	<i>gegrom</i>
<i>laag</i>	<i>die</i>	<i>lae</i>	<i>vent</i>
<i>gemeen</i>	<i>die</i>	<i>gemene</i>	<i>dief</i>

Die adjektief lelik se betekenisonderskeidings (wat sy geheelbetekenis uitmaak) kan elk met die rits sinonieme vertaal/vervang word. Lelik kan egter in enige van die relevante kontekste gebruik word, en juis van die oorkoepelende betekenis daarvan dan gepresiseer word, byvoorbeeld:

[2-15f]

- Hy is a. 'n *lelike mens*
 b. 'n *lelike, onaangename mens*
 c.

Sodra dít egter gedoen word, aktueer lelik soms 'n ander betekeniswaarde: (a) is in hierdie opsig vaag, maar in (b) beteken lelik "nie fisies mooi nie".

Voorgaande lys adjektiewe is in der waarheid die polisemiese paradigma van die adjektief lelik soos aangegee in die HAT. Hoewel een van die betekenisfasette van lelik wel misvormd kan wees, vervang lelik nie misvormd in sinsverband nie, maar lelik kan wel op 'n ander karakter- of fisiese kenmerk van die onderwerp wys. Wat hier van belang is, is dat 'n bepaalde betekenisonderskeiding in konteks geaktiveer word. Vergelyk:

[2-15g]

die *lelike* kind: *lelik*: adjektief

"Die kind is ongehoorsaam/

Die kind het 'n lelike gesig"

die *lelike misvormde* kind: *lelik*: adjektief

"Die kind se fisiese is misvorm en die kind is ongehoorsaam/

Die kind se fisiese is misvorm en die kind het 'n lelike gesig."

die *lelik misvormde* kind: *lelik*: graadbepaling

"Die kind is erg misvorm."

Indien daar byvoorbeeld 'n beklemtoning van die semantiese aspek van "lelikheid" wou wees en hierdie adjektief en sy sinonieme kom in 'n SH-rits voor, is dit semanties aanvaarbaar op voorwaarde dat die s.nw. in semantiese kombinasie versoenbaar is met al die betrokke adjektiewe:

[2-15h]

Die lelike, aaklige, nare, lae, misvormde mens!

Lelik tree op as

oorkoepelende leksikale item +
betekenisonderskeiding 1 +
betekenisonderskeiding 2 +
.....+

In hierdie geval waar lelik in 'n rits voorkom, staan dit op dieselfde vlak as sy ander semanties verwante sinonieme adjektiewe ter wille van die bereiking van die bepaalde semantiese oogmerk van klem. Hulle dra almal by om 'n bepaalde semantiese boodskap oor te dra, hoewel hulle nie volkome sinonieme is nie maar semantiese skakerings van die oorkoepelende leksikale item.


Indien 'n semantiese presiseerder egter gebruik word, word die oorkoepelende woord afgestem op die bepaalde betekenisonderskeid wat deur die presiseerder aangedui word; vergelyk die sin teenoor die uitbeelding:

Die lelike, aaklige, nare, lae, misvormde mens!

ongespesifiseerde rits:



Die lelike, om presies te wees, nare mens!




In terme van begrippe soos 'wye betekenisomvang', 'oop toepassingsmoontlikhede', 'afgeleide betekenis', ensovoorts, kan polisemie dus as een voorbeeld dien van vaagheid in taal, teenoor homonimie wat op grond van uiteenlopende kenmerke van die homonieme, nie vaag is nie, maar wel dubbelsinnigheid tot gevolg kan hê as die konteks nie dubbelsinnigheid ophef nie (Meiring: 1985: 151).

Volgens Meiring is die verskil tussen polisemie en homonimie duidelik op die pragmatiese vlak waar misverstand moontlik is. "Kontekstuele spesifisering is in die geval van homonieme nodig terwyl dit by die toepassing van 'n poliseem nie misverstand verhoed of opklaar nie, maar oorbekende inligting inperk tot 'n enger meer spesifieke interpretasie" (ibid.: 154).

Die spreker voer semantiese herhaling in wanneer homonieme (woorde met verskillende betekenis, maar met dieselfde vorm) gebruik word in 'n sin en daar interpretasieverwarring binne 'n bepaalde konteks ontstaan. Vergelyk die homonieme van boom in hierdie verband:

[2-15i]

AFRIKAANS



SH-elemente word ingevoer ter wille van disambiguering van homonieme, maar dit word dan semantiese herhaling as die korrekte interpretasie van die homoniem geselekteer is.

In die loop van die navorsing word baie bespreking afgestaan aan die vasstelling en analisering van bepaalde gemeenskaplike semantiese kenmerke van A en B 'n verhouding ($A = B$) of ($A + B$). Die volgende is van die voorbeelde wat breedvoerig bespreek is ten opsigte van polisemantiese geskakeerdheid: wik en weeg, afsluit x ten slotte, guur x onguur, primitiewe barbaar, anargie x algehele wanorde, emosies en gevoelens, kontrole en beheer, slot en grendel en raap en skraap.

2.3.5 GEMERKTHEID

Semantiese gemerktheid is van beduidende belang ten opsigte van semantiese herhaling. Twee soorte lekseme word onderskei, naamlik dié wat gemerk is en dié wat ongemerk is ten opsigte van bepaalde semantiese kenmerke. Ten opsigte van semantiese herhaling lei oorgemerktheid van 'n bepaalde lekseem tot redundansie, aangesien sulke konstruksies neerkom op "te veel"-gemerktheid. Volgens Lyons (1969: 79) is dit "... frequently the case that of two units in contrast one will be positive, or marked, the other being neutral, or unmarked". Verder beweer Lyons (ibid.): "... the unmarked term has a more general sense, neutral with respect to a certain contrast ..."

Deur die loop van die onderskeie hoofstukke is daar talle voorbeelde aangetoon waar oorgemerkttheid neerkom op redundante semantiese herhaling. Op woordvlak verteenwoordig onder andere die volgende voorbeelde bepaalde afdelings wat bespreek word in hoofstuk 3: boewens, byeenkomstes, graftes, antibiotikas, memorandas, goedkoperder, rooierder, mees belangrikste, vorentoeder, onmagteloos, selfstandiglik, onnodiglik, bangigheid, kwaaiigheid, guur x onguur, spanningsrillers, mansekretaris en ministeres.

Genusonderskeiding in Afrikaans (wat in hoofstuk 4 bespreek word) is 'n interessante toepassingsterrein vir gemerktheid x ongemerktheid. Neem byvoorbeeld die lekseem persoon met die semantiese kenmerk [+genusneutraal] teenoor man en vrou wat [-genusneutraal] is en van mekaar verskil ten opsigte van geslag wat aangetoon word met die kenmerkspesifikasie [-vroulik] (man) en [+vroulik] (vrou). Die formeel gemerkte item, in hierdie geval vrou, is gewoonlik meer beperk wat semantiese konteks betref. Vergelyk ook onderwyser x onderwyseres met die vroulike vorm wat morfologies [+vroulik] gemerk is en die manlike vorm wat ongemerk is ten opsigte van genus. Die ongemerkte item, naamlik onderwyser kom in meer kontekste voor as sy vroulik-teenhanger:

[2-16a]

Die *man* is 'n goeie *onderwyser*. ↓

Die *vrou* is 'n goeie *onderwyser*. x

Al die *onderwysers* van die skool was by die vergadering. ↓

In laasgenoemde sin is onderwysers meerduidig en kan verwys na mans en dames as onderwysers, of na mans alleen.

Die betekenis van 'n hiponiem kan oor die algemeen geanaliseer word as 'n produk van die betekenis van sy superordinaat. Vergelyk in hierdie opsig die ongemerkte vorm teenoor die gemerkte vorms:

[2-16b]

student [+genusneutraal]

manstudent [-genusneutraal], [-vroulik]

damestudent [-genusneutraal], [+vroulik]

Elemente binne 'n bepaalde konteks kan in die afwesigheid van byvoorbeeld genusgemerkte aanduiders, wel dié kenmerke spesifiseer. In

[2-16c]

My maat is 'n verpleegster


bepaal die [+vroulik]-morfeem -ster die geslag van die ongemerkte, neutrale vorm maat.

Onaanvaarbare semantiese redundansie kom (dikwels) neer op semantiese oorgemerktheid: in die gevalle waar daar te veel oorvleueling van gemeenskaplike semantiese kenmerke bestaan, word die gemerktheidslimiet oorskrei. Neem die volgende ter illustrasie:

[2-16d]

SUPERORDINAAT

HIPONIEME




Wanneer die neutrale (dit wil sê minder informatiewe) superordinaat (wat hier binne die skool-konteks gebruik word), egter semanties gelaai word tot

*SKOOL*onderwyser

is die samestelling oorgemerkt, aangesien daar in die stel van onderwyser die implikasie: "aan 'n skool" semanties ingebed lê. Aan die een kant kan dit wees dat skool- as bepaler aan -onderwyser toegevoeg word. Dit is dus 'n soort oormarkering omdat die konteks as woordelement gepresiseer word. Aan die ander kant gaan dit dalk hier ook weer om die feit dat onderwyser as versuimkenmerk/inherente kenmerk "verbonde aan 'n skool" het en dat dit as woordelement geleksikalisier word met die kenmerk [aan skool verbonde].


Die volgende hiponime binne die skool-konteks is presiserend ten opsigte van die betrokke vakgebiede:



Wanneer skoolonderwyser egter as hiponiem gekontrasteer word met 'n kundige wat onderrig

buite die skool-konteks aanbied, is skool-, ens. presiserend en die stel van skool- is dan nie semanties redundant nie.

Vergelyk:



Dit is belangrik om in bogaande gevalle die volgende twee aspekte uiteen te hou:

(1) die (inherente) leksikale betekenis van 'n woord (los van konteks), en (2) betekeniswaardes deur die konteks geaktiveer.

Gemerktheid is 'n eienskap van sowel die (geïsoleerde) leksikale sisteem as van die konteks. Vergelyk die volgende opbou tot presisering:

onderwyser: enige persoon wat onderwys gee (algemeen) - presisering
dan ten opsigte van instelling of vakgebied; vergelyk
ten opsigte van instelling die leksikale presisering
met behulp van *onderwyser* x *dosent*

onderwyser: persoon wat aan 'n skool onderrig (gespesialiseerde betekenis)


onderwyser: presisering dan net ten opsigte van skoolvak

Sodra dit handel oor presisering en by implikasie oor (oor)gemerktheid, kom die semantiese inhoude en relasies van 'n hele semantiese veld ter sprake.

In 'n streekskoerant (Verwoerdburgnuus, 1985) het 'n berig verskyn van die twee "pryswenner-leerlinge" van die (buiteskoolse) Skool vir Skeppende Kunste wat baie goed gevaar het; hulle en ander "leerlinge" (van bogenoemde skool) het deelgeneem aan 'n kunskompetisie vir "skoolleerlinge". Hoewel skool- in skoolleerling semanties redundant is binne skool-konteks, word dit hier vereis om 'n bepaalde soort leerling aan die dui. Deur die stel van skoolleerlinge word die deelnemers beperk tot daardie kinders wat (nog) skoolgaan, afgesien daarvan of hulle deur hul onderskeie dagskole of 'n privaatinstansie ingeskryf is.

Aanvaarbare semantiese herhaling kom neer op semantiese gemerktheid waar die (soms oënskynlike) betekenisstapeling of -oorvleueling van semantiese kenmerke van leksikale elemente nie as oorlading (en derhalwe as oorgemerktheid) gevoel word nie - juis vanweë die funksionaliteit van die elemente; vergelyk die status van -koei in:

[2-16e]



Indien vroulike in vroulike onderwyseres net as genusaanduider funksioneer, is dit semanties herhalend, want die -es-suffiks vervul reeds hierdie funksie. Indien die stel van vroulike egter 'n besondere eienskap van die betrokke onderwyseres beklemtoon, is dit nie semanties redundant nie, maar wel funksioneel en aanvaarbaar:

[2-16f]

Sy is 'n baie fyn en vroulike onderwyseres.

Dieselfde geld

[2-16g]

Dit is darem vir jou 'n manlike man daardie!

(In hoofstuk 4 word semantiese herhaling binne genusonderskeiding in Afrikaans verder bespreek.)

2.4 GESPREKSREËLS

2.4.1 INLEIDING

Daar is bepaalde gespreksreëls waaraan voldoen (moet) word ten opsigte van semantiese herhaling, naamlik dié van (1) **informatiwiteit** (wees so informatief moontlik, maar nie te informatief nie); (2) **relevansie**, en (3) **eenduidigheid** (formuleer duidelik en vermy dus meerduidigheid en vaagheid). Indien die vereiste welgevormdheidsreëls nagekom word, word SHNR-konstruksies gevorm. Daardie konstruksies waarin die reëls egter oortree word, is voorbeelde van redundante semantiese herhaling.

In die onderskeie hoofstukke word daar in die analisering van bepaalde SH-konstruksies soos kontaminasievorme (waardeur pleonasmes gevorm word), seleksiebeperkings gestel. In die besprekings blyk watter sintaktiese/grammatiese reëls geld, en in watter mate daardie reëls oortree word deur watter soort SH-konstruksies. Semantiese herhaling word aangewend om veral semantiese vaagheid en meerduidigheid op te hef/te voorkom, en om semantiese intensivering/beklemtoning te verkry. (SH-konstruksies is in baie gevalle kontaminasiekonstruksies wat tradisioneel bekend staan as toutologieë en pleonasmes.)

SH-konstruksies (hetsy redundant of niredundant) kom neer op 'n herhaling van ou of reeds gegewe inligting. Semantiese fenomene soos anomalie (wat in hierdie geval verwys na toutologie as vorm van semantiese herhaling) en betekenisvolheid (eintlik betekenisOORvolheid!) kom voor binne SH-konstruksies (vergelyk Van Jaarsveld, 1981: 14).

Vervolgens word van die reëls gepostuleer na aanleiding van morfologiese, sintaktiese en fonologiese seleksiebeperkings wat geld ten opsigte van semantiese herhaling (redundant en niredundant).

2.4.2 SELEKSIEBEPERKINGE EN BETEKENISKENMERKE

Binne die raamwerk van die Interpretatiewe Semantiek (soos gestel deur o.a. Katz en Fodor (1963) word daar van semantiese seleksiebeperkings gebruik gemaak om rekenskap te gee van die semantiese welgevormdheid en anomalie van sinne. Van Jaarsveld (1981) gebruik bogenoemde semantiese raamwerk in sy navorsing oor semantiese seleksie in Afrikaans en onderskei tussen semantiese en sintaktiese seleksiebeperkings. Seleksiebeperkings het te doen met die semantiese fenomene betekenisvolheid, anomalie⁹ en meerduidigheid (ibid.: 14). Semantiese merkers word intuïtief gebruik om die sistematiese semantiese verhouding tussen lekseme uit te druk (ibid.: 14 e.v.).

⁹ Vergelyk Lyons (1979: 416-17) wat anomalieë verdeel in toutologiese en kontradiktoriese konstruksies; toutologieë is vir die SH-doel belangrik.

Wat hier egter belangrik is ten opsigte van semantiese herhaling, is dat die betekenis van 'n leksikale item as 'n reeks semantiese komponente geanaliseer kan word en dat semantiese herhaling tipies voorkom indien 'n inherente semantiese kenmerk van 'n kern van 'n konstruksie as bepalererelement herhaal word.

Vergelyk:

[2-17a]

(B + A)
onnosele idioot

waar die adjektief onnosele as die bepalererelement B die inherente semantiese kenmerk van die s.nw. idioot as die kernelement A herhaal en op hierdie wyse intensiveer.

In die loop van die volgende bespreking gaan verskeie seleksiebeperkings in die vorm van reëls gestel word. Hierdie reëls kulmineer uiteindelik in die postulering van 'n hoofseleksiereël wat aan die einde van die afdeling gestel word.

Met die eerste oogopslag lyk dit asof die volgende seleksiebeperkingsreël (soos wat dit by implikasie deur die tradisionele grammatici gestel kon gewees het) ten opsigte van alle gevalle van semantiese herhaling kan geld:

'N BEPALERELEMENT MAG NIE 'N SEMANTIESE
HERHALING VAN INHERENTE SEMANTIESE
KENMERKE VAN 'N KERN WEES NIE.

Die geldigheid/volledigheid van hierdie reël word egter bevraagteken deurdat die volgende SH-voorbeelde wel semanties aanvaar word:

[2-17b]

(B + A)
skatryk miljoenêr

waar skatryk as bepalererelement die hoof semantiese komponent van miljoenêr beklemtoon/intensiveer.

[2-17c]

(B + A)
krum(m) el tjie
wik en weeg

waar 'n diachroniese element (B) (byvoorbeeld -el) deel vorm van die stamkomponent (byvoorbeeld krummel), of deel vorm van die sinstukgeheel (byvoorbeeld wik) en altyd semanties sinoniem (volkome of gedeeltelik) aan element A (byvoorbeeld (en) weeg) is.

Vergelyk verder:

[2-17d]

(A/B + B/A)

essensiële *noodsaaklike* aminosure
perfek *volmaak*

waar Romaanse en Germaanse sinonieme kombineer.

Die volgende kontaminasievorm is egter semanties onaanvaarbaar en voldoen aan die beperking wat die seleksiebeperkingsreël daarstel:

[2-17e]

(A/B = B/A)

Die *plaaslike boere van die omgewing* was by die vergadering.

plaaslike **boere** +
boere van die omgewing

waar plaaslik beteken "van die omgewing".

Omdat die algemene beperking egter nie in al die gevalle geld nie, moet daar 'n verfyning maar terselfdertyd 'n korrekte veralgemening wees ten opsigte van sodanige algemene seleksiebeperkingsreël.

Binne die studiegebied van semantiese herhaling word semantiese seleksie toegepas en inherente semantiese eienskappe bepaal. Ten opsigte van semantiese herhaling is daar nie gevalle van kontradiksie aanwesig nie. Soos wat vervolgens aangetoon gaan word, is die konstruksies wat as semanties herhalend gekategoriseer word konstruksies waarin daar 'n ooraanbod is van bepaalde aspekte van gegewens, hetsy morfologies, sintakties of fonologies.

Morfologiese beperkings

In die gevalle binne 'n woord waar die affiks (suffiks) slegs nog diachroniese waarde het, het hierdie morfeem mettertyd so vasgegroeï aan sy stam dat daar nie meer 'n afsonderlike morfeem onderskei word nie; vergelyk *-el* in *krummeltjie* en *-er* in *eiers*. Die betekenisrelasie (B = A) geld wel in hierdie gevalle waar B verwys na die diachroniese element met semantiese 0-waarde en A na die sinchroniese element waarmee diminutief of meervoud aangetoon word.

In die gevalle waar A en B volkome sinonieme is, bestaan daar geen kern-bepaler-verhouding nie en A en B dra eweveel semantiese gewig; die een element is nie semanties ondergeskik aan die ander nie. Die volgende voorbeelde is ter sake:

[2-17f]

<u>Woordvlak</u>	(B = A)		<u>Analogievorme</u>
krum(m)	<i>el</i>	<i>tjie</i>	rok(k) <i>ie</i> <i>tjie</i>
ei	<i>er</i>	<i>s</i>	
vrou	<i>en</i>	<i>s</i>	
			boew <i>en</i> <i>s</i>

Sinsvlak diachr. sinchr.

wik *en* *weeg*
hiet *en* *gebied*

Hierdie semantiese beginsel word ook op sinsvlak deurgevoer waar een van die twee morfeme in sodanige woordpaar as diachroniese element nie selfstandig optree nie; die sinchronies bekende element besit 'n bepaalde betekenis. Die volgende reël kan gepostuleer word:

'N DIACHRONIESE ELEMENT (B) WAT VOLKOME SINONIEM IS AAN 'N SINCHRONIESE ELEMENT (A) BINNE DIESELFDE WOORD OF SINSTUK, IS SEMANTIES AANVAARBAAR.

Na analogie van hierdie semanties morfologies aanvaarbare affiksherhalings word 'foutkonstruksies' gevorm deur onder andere kontaminasie:

[2-17g]

deugdes < [*deug* + *de*] + *s*
boewens < [*boew* + *en*] + *s*
memorandas < *memoranda* + *memorandums*
rooierder < [*rooi* + *er*] + *der*

Duplikasie (dit wil sê die semanties en/of vormlik identieke herhaling (2 identieke elemente direk langs mekaar) en die uitbreidings hierop, naamlik triplikasie (3 sodanig identieke elemente direk langs mekaar) en kwadruplikasie (4 sodanig identieke elemente direk langs mekaar) is 'n erkende en baie bruikbare SH-meganisme. Hierdie soort gevalle word nie beskou as synde redundante semantiese herhaling nie, maar as voorbeelde van intensivering:

[2-17h]

([B2=B1]+A)
kurk-kurkdroog (semanties en vormlik identiek)

teenoor

([B2=B1]+A)
kurkhoringdroog (semanties identiek)

In hierdie voorbeeld is kurk- en horing- semanties identiek en in kombinasie met die adjektief beteken albei "baie". Die elemente kurk- en horing- is volkome 'sinonimies' in dié sin dat hulle intensiveerders is:

<i>kurkdroog</i> :	"baie droog"
<i>horingdroog</i> :	"baie droog"
<i>kurkkurkdroog</i> :	"baie, baie droog"
<i>kurkhoringdroog</i> :	"baie, baie droog"

In semanties soortgelyke gevalle van intensivering waar geen vormlik identieke herhaling is nie, is die semantiese impak dus dieselfde.

Op sinsvlak is duplikasie (en die onderskeie uitbreidings, naamlik triplikasie en kwadruplikasie) ook onder andere 'n belangrike en erkende wyse van intensivering en beklemtoning:

[2-17i] (A = B = C)
baie, baie, baie droog

Die volgende reël kan gepostuleer word:

DUPLIKASIE (TRIPLIKASIE EN KWADRUPLIKASIE) IS 'N ERKENDE SH-PATROON WAT SEMANTIES AANVAARBAAR IS IN GEVALLE WAAR BEKLEMTONING EN INTENSIVERING TER SPRAKE IS. SOMMIGE VAN DIE DUPLIKASIEVORME IS GEÏDIOMATISEERDE VORME WAT AS SEMANTIESE GEHEEL 'N ANDER BETEKENIS AS DIE ENKELWOORD HET (BV. *LAG-LAG*, *NOU-NOU*).

Daar bestaan 'n groot mate van SH-verdraagsaamheid ten opsigte van die gebruik van 'n Romaanse vorm en 'n sinonieme Germaanse vorm hetsy op woord-, stuk- of sinsvlak. Die kontaminasie van 'n Romaanse meervoudselement en dié van 'n Germaanse meervoudselement in geval van 'n woord van Romaanse herkoms, kom veral in spreektaal voor. Vergelyk:

[2-17j]
memoranda + *memorandums* > *memorandas*
sentra + *sentrums* > *sentras*

Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

<u>Adjektief</u>		
<u>Germaans</u>	<u>Romaans</u>	
<i>algehele</i>	<i>totale</i>	<i>ordeloosheid</i>
<i>algehele</i>	<i>totale</i>	<i>anargie</i>
		} s.nw.: Germaans
		} s.nw.: Romaans

waar algehele volkome sinoniem is aan totale, en algehele ordeloosheid sinoniem is aan anargie; in laasgenoemde geval word 'n 'nuwe' SH-konstruksie gevorm met die kombinasie van algehele + anargie/totale + anargie > algehele totale anargie.

Die volgende reël kan gepostuleer word:

INDIEN TWEE SEMANTIES IDENTIEKE ELEMENTE 'N SH-KONSTRUKSIE VORM (MORFOLOGIES OF SINTAKTIES) WAARVAN EEN VAN DIE LEDE 'N ROMAANSE VORM EN DIE ANDER 'N GERMAANSE VORM IS, LEI DIE BESONDERE ONDERLINGE SEMANTIESE VERDRAAGSAAMHEID TOT AANVAARBARE KONTAMINASIE.

Sintaktiese beperkings

In die sin:

[2-17k]

Sy is 'n *vroulike onderwyseres*

is die semantiese kenmerk [+vroulik] reeds vervat in die -es-suffiks in onderwyseres; daarom kom die stel van vroulike in die primêre betekenis van genusaanduiding neer op semanties redundante inligting. Vergelyk ook die volgende geval:

[2-17l]

Die *verpleër* is 'n *man*

waar verpleër (wat die gemerkte vorm verpleegster as genusteenhanger het) slegs as [-vroulik] geld in teenstelling met byvoorbeeld advokaat wat 'n genusneutraal-inskrywing is. Die stel van verpleër in kombinasie met 'n man is semanties redundant. Hierteenoor hef die voorplasing van die man hierdie probleem op, maar hiermee saam hang 'n betekenisverskil:

Die man is 'n verpleër.

In hierdie geval word gewerk vanaf die superordinaat man na die hiponiem verpleër wat op dieselfde hiponieme vlak staan as dokter, onderwyser, boer wat almal duidelik [-vroulik] gemerk is. (Semantiese herhaling se rol ten opsigte van genusonderskeiding word ook in

hoofstuk 4 bespreek.)

Vergelyk verder:

[2-17m]

Die *swanger prokureur* is 'n vrou ¹⁰

Indien 'n selfstandige naamwoord soos prokureur in kombinasie is met die adjektief swanger gebruik word, word die semantiese kenmerk [+vroulik] ten opsigte van prokureur geïmpliseer. Die selfstandige naamwoord se genusneutraliteit word hierdeur derhalwe opgehef. Die inherente betekenis van die adjektief swanger beïnvloed die semantiese status van die selfstandige naamwoord waarmee dit verbind binne die NS:

Die prokureur: [+genusneutraal]

Die swanger prokureur: [+vroulik]

In hierdie geval bevestig die stel van *swanger* twee sake, naamlik:

- (1) genus
- (2) die feit van swangerskap

In die geval van

[2-17n]

Die swanger onderwyseres

word genus reeds morfologies aangetoon in die selfstandige naamwoord met die [+vroulik]-morfeem -es.

In albei die volgende gevalle vind daar egter semantiese redundansie plaas met die opstapeling van betekenisimpliserende en -herhalende elemente:

SHR

[+vroulik] [+vroulik] [+vroulik]

Die swanger prokureur is 'n vrou.

SHR

[+vroulik] [+vroulik] [+vroulik]

Die swanger onderwyseres is 'n vrou.

In die geval van sinsomstelling vind die volgende plaas:

SHNR

[+genusneutraal] [+vroulik] [+vroulik]

Die prokureur wat 'n vrou is, is swanger.

¹⁰ Vergelyk Cruse (1986: 52)

SHR

[+vroulik] [+vroulik] [+vroulik]
Die onderwyseres wat 'n vrou is, is swanger.

Ten opsigte van Naturifikasie in Afrikaans (vergelyk Liebenberg, 1991: 76-77) geld die volgende wat betref genusassosiasie tussen 'n bepaalde diernaam en die mens:

[+genusneutraal] *bobbejaan, uilskuiken*
 [-vroulik] *ramkat, buffel*
 [+vroulik] *geitjie, tierkat*

Met hierdie genusassosiasie kom die stel van die volgende neer op SHR:

[2-17o]

[+vroulik] [+vroulik]
An is 'n vroulike geitjie

[-vroulik] [-vroulik]
Jan is 'n manlike ramkat

Hierteenoor is die eksplisiete stel van 'n geïmpliseerde semantiese eienskap soos in die volgende geval nie semanties redundant nie:

[2-17p]

Jou onnosele aap!

Aan die aap word daar onder meer die semantiese kenmerk "domheid" toegesê, en indien 'n persoon 'n aap genoem word, word hierdie kenmerk geïmpliseer en op die persoon oorgedra. Met behulp van die adjektieftoevoeging van presies daardie kenmerk word semantiese herhaling bewerk. Die semantiese herhaling wat plaasvind is aanvaarbaar, aangesien die adjektief 'n bepaalde persoonlikheidskenmerk intensiveer. Daar is talle persoonlikheidskenmerke ten opsigte waarvan die mens deur adjektiewe benoem kan word, maar daar is slegs [$\pm$ vroulik] ten opsigte waarvan die mens genusonderskeidend benoem kan word.

In die volgende voorbeeld word die belangrikste betekeniskenmerk van die kern A semanties herhaal in die bepaler B:

[2-17q]

(B + A)
Die suinige vrek spandeer niks.

Sou dit korrek wees om die aanname te maak dat vrek die semantiese kenmerk "suinigheid" bevat? Die ontleding van die onderskeie semanties verwante woorde bring egter interessante aspekte ten opsigte van hierdie sogenaamde betekenisverwantskap aan die lig:

- vrek*: "iemand wat baie gierig, inhalig is" (HAT)
gierig: "hebsugtig, inhalig, skraapsugtig, vrekkerig" (HAT)
hebsug: "sterk begeerte om dinge te besit; heblus, gierigheid, inhaligheid"
inhalig: "behep met die begeerte om soveel moontlik in die hande te kry: hebsugtig, gierig" (HAT)
suinig: "oordrewe spaarsaam, wat nie veel gee nie, karig" (HAT)

Daar bestaan 'n besliste, noue betekenisverwantskap tussen die kern vrek en die bepalers gierig, hebsugtig en inhalig as kwalifiserende adjektiewe. Aan hierdie leksikale items word die semantiese kernmerk [negatief] gekoppel deur hul gemeenskaplike betekenis gierigheid en hebsug. Hoewel suinig nie hierdie negatiwiteit in sy woordeboekinskrywing het nie, word sy betekenis eintlik 'verruim' om dit in te sluit, indien suinig met vrek kombineer. Dit is die s.nw. wat 'n ekstra betekenisfaset toevoeg tot die adjektief suinig. Die gemeenskaplike semantiese kenmerk van hierdie vier woorde is ongeveer die volgende:


"sterk begeerte om dinge te besit;
 behep met die begeerte om soveel moontlik in die hande te kry"
 dit wil sê "om te besit"

waar [+besit] > [+hê].


Ten opsigte van die betekenisfaset "soveel te besit" word semanties gelykgestel met suinig se "wat nie veel gee nie". Die betekenisaspek "in die hande kry" dus om te besit en "om nie te gee nie" dus om te behou, lei daartoe dat om te besit en om te behou as sinonieme betekenisfasette beskou word:



" 'n gierige, hebsugtige, inhalige persoon"



om te behou + om te besit = om te hê



In die volgende sinne is daar ook sintaktiese reëls wat oortree word:

[2-17r]

Dit is die besem *waarmee* ek die huis *mee* gegee het.
Geeneen van die mense was *nie* daar *nie*.

In die geval van waarmee + mee is daar semantiese redundansie, aangesien daar onnodige herhaling is van die setsel met > mee. Die (tweede) losstaande element mee is semanties oortollig en word ook weens die stilistiese reël van welgevormdheid geskrap. (Hierdie verskynsel word verder in hoofstuk 4 bespreek; vgl. ook Ponelis, 1979).

Die sintaktiese reël in Afrikaans bepaal dat die dubbele ontkenning gehandhaaf word. Die algemene ontkenningvorm is nie nie. Indien die element geen gebruik word, word die gebruik van die eerste nie geblokkeer. Indien geen + nie + nie binne dieselfde konstruksie gebruik word, is daar 'n sintakties semantiese ooraanbod van ontkenningselemente; die redundante element moet ter wille van sintaktiese welgevormdheid geskrap word (vergelyk hoofstuk 4).

Die volgende kort bespreking handel oor semanties redundante herhaling wat voorkom wanneer ontkenningselemente gebruik word in kombinasie met sekere werkwoorde waar

daardie werkwoorde die gemeenskaplik inherente semantiese kenmerk [+keer] het. Die aanwesigheid van hierdie semantiese kenmerk blokkeer die gebruik van die ontkenning in kombinasie daarmee. Indien hierdie blokkeringsreël oortree word deur ontkenningselement-byvoeging, bevat die eindproduk redundante elemente; die redundante elemente moet ter wille van sintaktiese welgevormdheid geskrap word. Vergelyk die volgende werkwoorde wat verteenwoordigend is van 'n veel groter paradigma:

[2-17s]

belet

verhoed

Jy moet hom *belet* om te kom.

Jy moet hom *belet* om *nie* te kom *nie*.

Indien die spreker die eerste sin bedoel maar die tweede sin konstrueer, is sy uiting dus teenstrydig met sy bedoeling en die ontkenningselemente is semanties redundant. Indien die spreker wel dit bedoel wat in die tweede sin geformuleer is, bevat hierdie uiting dus nie semanties redundante elemente nie.

Fonologiese beperkings

Daar bestaan ook fonologiese beperkings ten opsigte van SH-konstruksies. Semantiese herhaling word as semantiese redundansie beskou wanneer daar fonologiese herhaling van elemente binne dieselfde konstruksie voorkom wat nie volgens die patroon van duplikasie is nie. Vergelyk:

[2-17t]

Die skoolhoof van die skool is streng

Uit vorige besprekings het reeds geblyk dat hierdie konstruksie neerkom op kontaminasie; ten einde 'n semanties aanvaarbare lesing te hê, moet daar op een of ander wyse 'n semantiese inkorting wees van die element skool. Daar is ook reeds gewys op die oplossing van die fonologiese probleem deur die Romaanse vorm prinsipaal te gebruik in die plek van skoolhoof/hoof (van die skool).

Hierdie semantiese redundansie kan ook opgehef word deur herformulering van die kontaminasievorm deur die skraping van redundante elemente. Tog is die volgende nie semanties redundant nie:

Die skoolhoof is 'n streng skoolhoof

waar hierdie skoolhoof lid is van 'n **klas** streng skoolhoofde; die eienskap "strengheid" word hierdeur gepresiseer.

Die betrokke elemente hoof nie noodwendig vormlik identiek te wees nie, maar kan byvoorbeeld stammorfeem-variasie toon, soos skriftelik en geskryf, en handig en hande in die volgende twee sinne:

[2-17u]

Die *skriftelike* eksamen word Maandag *geskryf*.
Hy is *handig met sy hande*.

In eersgenoemde geval kom die adjektief skriftelike voor saam met die werkwoord geskryf. Die gebruik van skriftelik en geskryf wat semanties morfologies te nou verwant is, maak die gelyktydige gebruik van hierdie vorms ook stilisties onaanvaarbaar. Deur geskryf te vervang met byvoorbeeld die werkwoord afgelê, word die fonologiese redundansie opgehef.

Die volgende sinne bevat elk vormlik identieke elemente maar omdat hierdie vormlik identieke elemente nie 'n direkte/duidelike betekenisverband met mekaar het nie, is hierdie gevalle nie semanties redundante herhalingskonstruksies nie.

[2-17v]

Hoor hier, Seun, *hier* is die goed waarna jy soek, *hoor!*
(homonieme)

Krap kan ek hom nie *krap* nie.
(streekstaalvorm)

Hierteenoor staan vormlik identieke SH-kombinasies wat binne 'n vasgelegde en bestaande taalpatroon van duplikasie, triplikasie of kwadruplikasie op sowel woord- as sinsvlak aanvaarbaar is:

[2-17w]

- (i) *pap-papnat* *pap-pap-papnat* *pap-pap-sopnat*
- (ii) Die rok is *gras-grasgroen*.
- (iii) Die seun *skuur-skuur* so oor die teer soos hy val.
- (iv) *Baie, baie, baie dankie vir alles!*

Soms kies die spreker selfs 'n ander taal as afwisseling indien daar hinderlike fonologiese semantiese herhaling voorkom; vergelyk:

[2-17x]

Verkoop u *ringtennisringe*?
teenoor
Verkoop u *tenniquoitringe*?

In die konteks waartydens voorgaande twee sinne in 'n werklik opgetekende gesprek kort na mekaar uitgespreek is, het die hoorder/luisteraar nie geweet wat ringtennis is nie; na die twee keer se noem van ring-, herformuleer die spreker en stel die vraag baie duideliker deur die luisteraar tegemoet te kom en die bekender tenniquoit te gebruik - ter wille van eenduidigheid. Die woorde ring-/ringe/ wat klanklik identiek is, val meer op as byvoorbeeld graad- en tydwoorde.

Waar die fonologiese ooreenkoms nie pleonasties van aard is nie en hierdie klanklike

ooreenkoms dus nie op semantiese redundansie dui nie, word sodanige elemente behou. Vergelyk die volgende:

[2-17y]

Ek het die inligting *selektief geselekteer*.

Stap 1: Ek *selekteer* die inligting

Stap 2: Van hierdie *geselekteerde* inligting word weer *geselekteer*.

Oor die algemeen bestaan daar dus by sprekers 'n vermyding van fonologiese herhaling. In die geval van die gebruik van byvoorbeeld 'n duplikasievorm (wat op woordvlak voorkom) soos in [2-17w] is daar aanvaarding van klanklik/vormlik identieke herhaling as 'n erkende vorm van herhaling (onder andere ter bereiking van semantiese klem of intensivering). In gevalle waar vormlik identieke herhaling voorkom sonder dat dit duplikasie is (veral op sinsvlak) word herhaling vermy; vergelyk:

[2-17z]

Die seun loop in die tuin rond en sonder om
op te let waar *hy loop*, *loop die seun* in 'n
houthek vas.

'n Herstrukturering waartydens vormlik identieke elemente verwyder word, kan dalk soos volg lui:

Die seun wandel in die tuin en sonder om op te
let waar *hy loop*, *bots hy* teen 'n houthek.

waar loop afgewissel word met wandel en bots (as kwasi-sinonieme werkwoorde)¹¹ en die seun met hy (as anaforiek - vergelyk hoofstuk 5). Hierdie kwasi-sinonieme werkwoorde hoort egter tot verskillende registervlakke.

In die lig van voorgaande bespreking en die fonologiese beperkings wat geïdentifiseer is, kan die volgende reël gepostuleer word:

VORMLIK IDENTIEKE ELEMENTE IN 'N SH-KONSTRUKSIE ONDERVIND SPREKERSWEERSTAND INDIEN SODANIGE KONSTRUKSIE 'N PLEONASME (KONTAMINASIE) IS, MAAR WORD AANVAAR INDIEN SODANIGE KONSTRUKSIE 'N DUPLIKASIE (OF VARIANTE) BEVAT TWV SEMANTIESE INTENSIVERING.

In die lig van die voorgaande bespreking van SH-aspekte wat aanleiding gegee het tot die postulering van die onderskeie seleksiebeperkingsreëls, word die volgende algemene reël

¹¹

Van Hogen (1991: 68) noem dit "omschreven herhaling"

geformuleer:

SEMANTIES EN VORMLIK/NIE-VORMLIK IDENTIEKE
GEÏNSTITUSIONALISEERDE ELEMENTE EN KONSTRUKSIES WORD
AANVAAR AS SYNDE NIEREDUNDANTE SEMANTIESE
HERHALINGSVORME.

HIERONDER RESSORTEER ONDER ANDERE DIE VOLGENDE:

*DIACHRONIESE ELEMENTE IN SAMEHANG MET SINONIEME
SINCHRONIESE ELEMENTE (WOORDVLAK)

*TOUTOLOGIEË (WOORDVLAK)

*DUPLIKASIE, TRIPLIKASIE EN KWADRUPLIKASIE AS KRAGTIGE
MANIER OM TE INTENSIVEER (WOORD- EN SINSVLAK)

*SINONIEME ROMAANSE EN GERMAANSE ELEMENTE (WOORD- EN
SINSVLAK)

*IDIOMATIESE WOORDPARE/KONSTRUKSIES (SINSVLAK)

In die loop van die ondersoek gaan ook ander semantiese beperkings geïsoleer word en tesame daarmee bepaalde reëls geformuleer word waardeur voldoen kan word aan die vereiste van semanties sintaktiese welgevormdheid.

Vervolgens word aandag gegee aan die beginsel van **relevansie**, en watter rol dit speel in semantiese herhaling.

2.4.3 RELEVANSIE VAN VERDERE KONTEKSTUELE INLIGTING

Op 'n gegewe tydstop bestaan die kognitiewe omgewing van 'n individu uit 'n stel aannames in verband met die wêreld (Sinclair en Winckler, 1991: 14 e.v.). Die individu is op daardie tydstop in staat daartoe om hierdie aannames te konstrueer en hulle te aanvaar as waar of dalk waar. Sinclair en Winckler verwys na Sperber en Wilson (1986: 72) wat beweer dat nuwe inligting relevant is vir 'n persoon indien dit relevant is/blyk te wees vir sy kognitiewe omgewing.

Ten opsigte van semantiese herhaling is die volgende twee aanhalings uit Sinclair en Winckler (1991) belangrik, want hulle illustreer die posisie van nuwe inligting binne 'n konteks:

"New information is relevant, then, in any context in which it has contextual implications. Of course too, the more contextual implications the new information has, the more relevant it is" (ibid.: 16)

"New information is relevant, then, in any context in which it strengthens one or more existing assumptions. The more assumptions it strengthens, and/or the more

it strengthens these assumptions, the more relevant the new information is" (ibid.: 17)

Met hierdie kennis oor die relevansie van nuwe inligting, word 'n paar verteenwoordigende SH-konstruksies getoets daaraan of nuwe inligting wel oorgedra word in die SH-relasie (A + B). Vergelyk in hierdie opsig eerstens die volgende aanname en die inset van nuwe inligting:

[2-18a]

- (1) *As dit reën, bly ek tuis.*
- (2) *Dit reën.*
- (3) *Daarom bly ek tuis.*

Die bestaande aanname soos in (1) waarmee nuwe inligting in interaksie gaan, staan bekend as 'n konteks. Nuwe inligting soos in (2) impliseer inligting soos in (3), kontekstueel. (3) is 'n kontekstuele implikasie van die nuwe inligting vervat in (2).

Vergelyk die volgende toepassing van SH-inligting op die patroon van die voorgaande aanname en opeenvolging van afleidings:

[2-18b]

- (1) *As die man 'n miljoenêr is, is hy skatryk.*
- (2) *Die man is 'n miljoenêr.*
- (3) *Daarom is die man skatryk.*

Gegee dat die man 'n miljoenêr is, impliseer sy miljoenêrskap dat hy skatryk is. Dat die man skatryk is, impliseer nie noodwendig dat hy 'n miljoenêr is nie. Daar bestaan dus 'n eensydige implikasie tussen miljoenêr en skatryk:

teenoor
$$\begin{array}{l} \text{miljoenêr} \supset \text{skatryk} \\ \text{skatryk} \not\supset \text{miljoenêr} \end{array}$$

In die geval van die SH-konstruksie:

Hy is 'n skatryk miljoenêr

vind die volgende plaas:

- (1) *As die man 'n skatryk miljoenêr is, is hy 'n skatryk miljoenêr.*
- (2) *Die man is 'n skatryk miljoenêr.*
- (3) *Daarom is die man 'n skatryk miljoenêr.*

In hierdie en soortgelyke gevalle word geen nuwe inligting toegevoeg tot 'n uiting nie. Daar vind letterlik 'n reduplisering (!) van semantiese inligting plaas. Adjektiewe soos skatryk staan bekend as intensiewe en vervul derhalwe ook spesifiek daardie semantiese funksie. Die woord skatryk verleen intensiteit aan byvoorbeeld die man wat semanties neutraal is ten

opsigte van die kenmerkspesifikasie [materiële vermoë]. Indien die intensief skatryk kombineer met 'n woord soos miljoenêr waarvan die hoof semantiese kenmerk [+materiële vermoë] is, word hierdie semantiese kenmerk gedupliseer. Die adj.-intensief se semantiese funksie van baie + adj. kan ook voorgestel word deur woordelemente soos die volgende:

multi- in *multi-[miljoen + êr]* (skatryk $\supset$ multimiljoen?)
 en *biljoen-* in *[biljoen + êr]* (skat-skatryk $\supset$ biljoen?)

Die volgende kontaminasie-konstruksie dien ook as voorbeeld van 'n semantiese ooraanbod en die gevolglike afwesigheid van nuwe inligting wat op 'n bepaalde aanname volg:

[2-18c]

Die *plaaslike boere van die omgewing* vaar goed.
 waar die *plaaslike boere* $\supset$ *boere van die omgewing*

Die konstruksie wat ontstaan weens kontaminasie, bevat geen nuwe inligting nie, want plaaslike en van die omgewing is sinoniem.

Die sin plaaslike boere van die omgewing is duidelik 'n voorbeeld van redundante semantiese herhaling waarin geen nuwe inligting aangebied word nie, maar ou inligting gedupliseer word.

In daardie gevalle waar een van die SH-elemente 'n diachroniese element is waarvan die betekenis op sinchroniese vlak nie meer bekend is nie, is die spreker nie bewus daarvan dat 'n herhaling van ou inligting plaasvind nie, en daar bestaan nie gebruikersafkeur en -kritiek ten opsigte van sodanige taalmateriaal nie. Vergelyk die volgende:

[2-18d]

[stam + diachr. mv.-suff.] + sinchr. mv.-suff.

<i>[ei er]</i>	+ s
<i>[kind er]</i>	+ s

Hierdie en soortgelyke voorbeelde word breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek.

In die volgende idiomatiese woordpaar word daar ook geen nuwe inligting gebied nie, maar daar is slegs 'n herhaling van semanties identieke elemente:

[2-18e]

Idiomatiese woordpaar: geheelbetekenis op sinchr. vlak
 [diachr./etimologiese element] + sinchr. element

<i>wik</i>	<i>en</i>	<i>weeg</i>
<i>pais</i>	<i>en</i>	<i>vrede</i>

waar *wik* = *weeg*
 en *pais* = *vrede*

Semantiese herhaling kom neer op die herhaling van die betekenis wat vervat is in element A deur 'n bepaalde element B (hetsy 'n morfeem, sinstuk of sin) by te voeg om die semantiese relasie (A + B) te vorm. Element B deel van die belangrikste betekeniskenmerke van element A - in sinonimie lê die semantiese herhaling tussen die elemente.

Vanweë watter rede (stilisties, emotief, ens.) ook al verloor element A met verloop van tyd van sy seggingskrag; daar word derhalwe gesoek na 'n duideliker/nuwe manier van segging. Element B word vervolgens bygevoeg ter wille van semantiese klem. Deur die herhaling van die inligting word daar voldoen aan 'n bepaalde semantiese behoefte by die spreker.

Op (veral) tekstvlak kom semantiese herhaling dikwels voor, juis vanweë die aanbod van ou inligting en die heraanbieding van hierdie identieke inligting. Vergelyk die volgende:

[2-18f]

Sy is na *hierdie hospitaal* oorgeplaas. Haar toestand
 het aansienlik verbeter en sy is reeds die volgende
 dag *uit die hospitaal* ontslaan.

Die ou inligting oor lokaliteit, naamlik: hierdie hospitaal word herhaal in

uit die hospitaal ontslaan.

Gegee die hospitaal as plekbepaling en as bekende inligting, hoef die gegewens nie herhaal te word nie. Die gebruik van ontslaan impliseer reeds dat daar 'n plekbepaling moet wees sodat hierdie handeling gemotiveer kan word. Die semantiese redundansie kan opgehef word deur identiekstuk-skrapping en die paragraaf lees dan soos volg:

Sy is na *hierdie hospitaal* oorgeplaas. Haar toestand
 het aansienlik verbeter en sy is reeds die volgende dag
ontslaan.

Indien daar enige verdere spesifikasie as uit die hospitaal gegee is, byvoorbeeld:

... uit hierdie *puik privaathospitaal*

verval hierdie redundansie-argument, aangesien puik en privaat- nuwe gespesifiseerde inligting is. Gespesifiseerde inligting as nuwe inligting is nie redundant nie.

Die aanbied van ou en nuwe inligting gee aanleiding tot 'n kettingreaksie: veral in gesproke taal waar leestekens, ens. nie as leeshulp dien nie maar waar tempo en intonasie/klem wel ingespan word, raak die spreker dikwels doelbewus semanties herhalend, want hy wil graag hê dat sy boodskap volledig oorkom en begryp word. Hierdie semantiese herhaling kan weer lei tot meerduidigheid of tot 'n ooraanbod van inligting. Die spreker probeer hierdie situasie semanties afskaal en skrap van dié vir hom redundante inligting. Dit kan egter gebeur dat die inligting wat agterbly te skrap is en dat die boodskap semanties te skraal daaraan toe is. Ten einde te verhoed dat die boodskap as gevolg hiervan onvolledig of foutief oorgedra word, word semantiese herhaling nou weer ingevoer. So word die hele proses herhaal. In die meeste gesprekke kom hierdie soort ossilasie gereeld voor tussen oor- en onderspresisering.

In die herwinning van die eksplisiete semantiese inhoud van 'n uiting het die hoorder drie opdragte waaraan hy aandag moet gee, naamlik 'disambiguation', 'reference assignment' en 'enrichment' (Sinclair en Winkler, 1991: 5) van 'n uiting indien die spreker nie duidelik geformuleer het nie. Semantiese herhaling kan egter deur die spreker gebruik word om sy eie formuleringsfoute te herstel en sy uiting semanties suksesvol aan te bied. Dit is 'n belangrike gesprekstategie wat hy, die SPREKER, ter beskikking het om te voorkom dat hierdie drie probleme aan die hoorder oorgelaat word om op te los. Semantiese herhaling soos wat dit gebruik word in die volgende bespreking, kom voor as 'n semantiese (oor)reaksie op onvoldoende, onbevredigende inligting.

*** Meerduidigheid word opgehef deur die invoer van verdere semantiese inligting**

In die geval

[2-18g]

Die *as* lê op die vloer

lê die meerduidigheid in die homonimiese aard van as. Hierdie meerduidigheid word opgehef deur uit te brei op die semantiese inhoud van die bedoelde homoniem:

Die *as* van die sigaret lê op die vloer

Indien hierdie proses van semantiese spesifisering egter te ver gevoer word, loop dit uit op 'n ooraanbod van semantiese en vormlik identieke elemente deur kontaminasie:

Die *sigaretas* van die sigaret lê op die vloer.
 waar sigaretas
 + as van die sigaret

lei tot semantiese redundansie.

*** Onvoldoende referenttoesegging word opgehef met die hulp van verdere semantiese inligting**

In die voorbeeld

[2-18h]

Die *kleintjie* lag lekker

is daar geen genusspesifieke voornaamwoord as referent om die genusneutraliteit van die s.nw. kleintjie te belig nie. Referenttoesegging vind gevolglik plaas:

Die *kleintjie* lag lekker terwyl *hy* speel.

Die genusneutrale s.nw. kleintjie word semanties gemerk deur die spesifieke voornaamwoord hy. Indien daar egter semantiese oorspesifisering plaasvind, lei dit tot semantiese redundansie:

Die *kleintjie* lag lekker terwyl *hy*, die *kleintjie*, speel.

Tensy daar meer as een klein seuntjie is wat ter sprake is en interpretasieverwarring as gevolg daarvan kan plaasvind, is slegs een referent vir genusonderskeiding nodig.

*** Indien semanties onvoldoende inligting verstrek word, word semantiese uitbreiding gedoen**

Die semanties skraal gegewens ten opsigte van tydsaanduiding in:

[2-18i]

Jou horlosie word herstel

word semanties uitgebrei, hoewel tydpresisering nie hoef plaas te vind nie:

Dit sal 'n rukkie duur voordat jou horlosie herstel is.

teenoor

Dit sal ongeveer 'n uur duur voordat jou horlosie herstel is.

asook *Dit sal **amper** 'n uur, so om en by 60 minute duur om jou horlosie te herstel.*

waar amper 'n uur = so om en by 60 minute

Met hierdie soort semantiese herhaling word die inligting met die hulp van sinonieme beklemtoon.

2.4.4 DISKOERSREËLS

Ten einde die rol van semantiese herhaling in perspektief te plaas, word kortliks aandag gegee aan die belangrikheid van suksesvolle gesprekvoering (monoloog en dialoog) waar die spreker die onontbeerlike deelnemer is. Dit gaan hier om die feit dat diskoers ('n monoloog of dialoog) deur die sistematiek van gespreksreëls gestuur word.

Binne 'n gespreksituasie tree die spreker aktief op deurdat hy 'n boodskap oordra aan sy gehoor wat uit een of meer luisteraars (dikwels selfs hy self!) bestaan. Indien die spreker binne 'n gespreksituasie alleen praat, voer hy 'n monoloog. Sodra 'n volgende party/hoorder tot hierdie gespreksarena toetree en daar 'n verbale uitruil van gedagtes is, vind daar dialoog plaas. Gunter (1974: 1, 2) stel die situasie soos volg:

"To perform is to make a sentence, while to listen is simply to entertain the sentence made by another; monolog is a sequence of sentences, A and B, both made by the same speaker, while dialog is a sequence in which one speaker makes sentence A and a second makes sentence B. Thus there are four things to do in conversation: One may perform monolog or merely listen to it; and one may perform or listen to dialog. the speaker is able to make sentences that respond to sentences made by others. And most wonderful of all, he can even stand passively by as two other minds make sentences back and forth - listen and find sense in their responses to each other."

Fowler (1986: 106) som bepaalde aspekte van H.P. Grice se beskouing oor die gespreksituasies soos volg op:

"He (Grice) suggests that conversation takes place under the guidance of a **co-operative principle** which binds speakers to express themselves in such a way as not to impede interpretation - and hearers to assume that whatever is addressed to them is designed to make sense, so that they make an effort to find an interpretation even when the language does offer difficulties."

Teenoor Grice (Fowler, 1986: 106) se ideale spreker wat by al die gespreksreëls hou, staan die gewone/eintlike spreker wat voortdurend bewus of onbewus semanties herhalend is in sy kommunikasie. Daar is van die gespreksreëls deur Grice opgestel, wat relevant is ten opsigte van semantiese herhaling (vergelyk die uiteensetting daarvan). Leech (1983) gee ook 'n

uiteensetting ten opsigte van interpersoonlike en tekstuele retoriek. In sý model is die **koöperatiewe beginsel** (waaronder kwantiteitsreëls en relasiereëls), die **helderheidsbeginsel** en die **ekonomiebeginsel** van belang vir semantiese herhaling. Ten opsigte van daardie aspekte waar semantiese herhaling van belang is, word Sperber en Wilson (1986) se **relevansieteorie** (wat in sekere opsigte aansluit by die modelle van Grice en Leech) ook in verband gebring ¹².

Die volgende gespreksreëls deur Grice stem ooreen met die vereistes vir goeie spreek- en skryfstyl soos voorgestaan en vereis deur die tradisionele grammatici vir wie byna alle vorme van semantiese herhaling neerkom op semantiese redundansie.

IDEAAL	IN PRAKTYK MET SH-INLIGTING
QUANTITY	
* Make your contribution as informative as is required (for the current purposes of the exchange)	+
* Do not make your contribution more informative than is required.	+
QUALITY	
Try to make your contribution one that is true	#
* do not say what you believe to be false	#
* do not say that for which you lack adequate evidence	#
RELATION	
Be relevant	+
MANNER	
Be perspicuous	+
* avoid obscurity of expression	+
* avoid ambiguity	+
* be brief	+
* be orderly	+

(+ : van belang ten opsigte van semantiese herhaling
: nie van direkte belang vir semantiese herhaling nie)

Hieruit volg: "conversational implicatures characteristically arise when a hearer judges that the speaker has deliberately flouted one of the maxims" (Fowler: *ibid.* 107). Die gespreksimplikature ontstaan as daar 'n gespreksreël oortree word. In die loop van die

¹² Retief (1988) bespreek Grice (1975) en Sperber en Wilson (1986) se afleidingsmodel ten opsigte van uitingsbetekenis en -interpretasie.

volgende bespreking word aandag gegee aan die reëls wat oortree word wanneer 'n bepaalde SH-konstruksie redundante inligting bevat, en aan die reëls wat nagekom word wanneer 'n bepaalde SH-konstruksie nieredundante inligting bevat. Aandag word gegee aan sekere soorte afleidings (implikature) wat ontstaan wanneer sekere van die reëls oortree word.

Die volgende drie hoofgespreksreëls van Grice is dus van belang ten opsigte van semantiese herhaling:

Gespreksreël 1

Wees so informatief moontlik maar nie te informatief nie
(vergelyk Leech se *Economy Principle*)

Gespreksreël 2

Wees relevant
(vergelyk Leech se *maxim of relation* en Sperber en Wilson se *relevansieteorie*)

Gespreksreël 3

<u>Formuleer</u>	<u>helder/duidelik</u> <u>logies-geordend</u> <u>sonder woordomhaal</u>
<u>Vermý</u>	<u>dubbelsinnigheid (meerduidigheid)</u> <u>onduidelikheid (vaagheid)</u>

(vergelyk Leech se *Clarity Principle*)

Aandag word vervolgens gegee aan die onderskeie gespreksreëls en die rol van semantiese herhaling daarin.

Gespreksreël 1

Die ekonomiesebeginsel is van groot belang in taalgebruik, en met behulp van onder andere ellips, skapping, vervanging en anaforiek (vergelyk hoofstuk 5) word gepoog om hierdie beginsel te handhaaf. Die beginsel is dus die teenoorgestelde van die beginsel van semantiese herhaling. Die beginsel van semantiese herhaling is ook 'n baie algemene en semanties bruikbare taalmiddel wat weens verskeie aanvaarbare redes aangewend word. Die beginsel van semantiese herhaling maak weer gebruik van 'n ander stel reëls om 'n bepaalde doel te bereik.

Die volgende twee outeurs wat aangehaal word, noem die belangrikheid van die ekonomiesebeginsel; die volgende bewering sluit ook aan by die tradisionele siening dat semantiese herhaling oor die algemeen SHR is: "Speakers do not tolerate synonyms in language. This principle applies to words, affixes, grammatical functions, and even constructions" (Clark, 1990: 413). Presies dít wat Clark hier beweer en impliseer, word ten opsigte van baie voorbeelde weerlê in die onderhawige studie. Die bepaling van die waarde, aard en voorkoms van sinonimie is in hierdie navorsing van die uiterste belang.

Lyons (1969: 450) sluit aan by Clark se bewering dat die sprekers semantiese herhaling oor die algemeen vermy; vergelyk: "Many people deliberately refrain from using the same

word more than once in the same utterance, if they can avoid it".

Ten spyte daarvan dat sprekers weet dat die ekonomiebeginsel (wat 'n beperking lê op die gebruik van sinonieme woorde/konstruksies) toegepas moet word, word hierdie beginsel doelbewus/gemotiveerd oortree met die gebruik van semantiese herhaling. Anaforiese inligting asook ellipskonstruksies, en vervanging van identieke stukke word teengewerk deur die gebruik van SH-inligting. Semantiese herhaling is in heelwat gevalle onaanvaarbaar, omdat dit om een of ander rede indruis teen die beginsel van ekonomie in taal: "twee of meer woorde met presies dieselfde konnotasie is 'n luukse waarteen 'n taal hom verset" (De Klerk, 1979: 103).

Die spreker oortree die ekonomiebeginsel wanneer hy onder andere gebruik maak van

- * sinonieme inligting
- * verklaring deur parafrase, definisie en presisering.

Die ekonomiebeginsel word verontagsaam ter wille van suksesvolle oordrag van boodskapinhoud.

Vergelyk die interessante ontwikkeling van die volgende SH-vorm waar daar woordekonomie toegepas word, maar daarna weer semanties herhalend geformuleer word:

[2-19a]

vaste tydsbepaling (-uitdrukking)

op die huidige stadium >

SH-afleiding < afleiding + SH-suffiks

huidiglik < *huidig* + *-(ig)lik*

Die stap waartydens die afleiding huidiglik gevorm word, is 'n tussenstadium met SH-elemente wat gevorm word na analogie van die groot, uitgebreide -(ig)lik-kategorie in Afrikaans. Die eintlike 'korrekte'/ chronologiese stappe sou wees:

op die huidige oomblik > *teenswoordig/tans/nou*

waar al hierdie lekseme sinonieme is van die vastewoordgroep op die huidige oomblik.

Op diskoersvlak is daar talle faktore wat die spreker beïnvloed om semanties herhalend te wees. Die spreker kommunikeer met die (hoof)doel om sy boodskap suksesvol oor te dra. Die soort aanslag wat geskik is vir oordrag word bepaal deur en aangepas by die hoorder/gehoor. Omdat die spreker oordragsukses wil behaal, bepaal die aard van die gehoor dus in 'n groot mate die inhoud en aard van die boodskap (formeel of informeel, luisteraarsvriendelik of afstandhoudend, ens.).

Die spreker se oordrag sal byvoorbeeld verskillend wees wanneer hy met kleuters of met volwassenes praat ten opsigte van moeilikheidsgraad, argumentasie, woordgebruik (onbekende leenwoorde en moeilik interpreteerbare idioome is buite die kognitiewe bereik van

'n jong kind). Die moontlikheid is sterk dat semantiese herhaling baie dikwels voorkom in kommunikasie met kinders (hoe jonger hoe meer dikwels). Uit die onderhawige navorsing het geblyk dat semantiese herhaling as normale oordragpatroon geld vir kindertaalskeppings op woordvlak asook uit literatuur aangebied vir kinders.

Indien die gehoor van hoë intellektuele vlak is, word anders gekommunikeer as met hoorders uit 'n intellektueel laer vlak.

In sommige dialekgebiede is SH-konstruksies algemeen gebruiklik; vergelyk:

[2-19b]

Krap kan ek hom nie *krap* nie.

In spontane verteltrant is SH-konstruksies 'n gangbare wyse van gemeensame/informele kommunikasie. Vergelyk die teksanalise van '**n Poort deur die koue** (hoofstuk 5) waarin al die kenmerke van semantiese herhaling binne informele diskoers weerspieël word.

Die aard van die onderwerp/boodskap is van belang by die aanwending/invoer al dan nie van SH-konstruksies. Indien die gegewens moeilik is vir die gehoor en die maksimum inset word vereis van hul luistervaardigheid, word hulle in ag geneem deur die invoer van SH-inligting in die loop van die betoog. Vergelyk Janssen (1989: 262):

"Een redundant betoog is een betoog waarin dezelfde informatie op meer dan een plaats (soms in verschillende bewoordingen) verwerkt is, zodat de lezer of luisteraar de informatie op verschillende momente kan oppikken. Door in u betoog redundantie in te bouwen voorkomt u dat iemand die even de aandacht laat verslapen, uw verhaal verder niet meer kan volgen. De luisteraar moet in de gelegenheid worden gesteld de draad op vele plaatsen in u betoog weer op te nemen."

Die spreker poog om met behulp van SH-konstruksies op 'n hele verskeidenheid maniere luisteraarsvriendelik te wees. Hierdie doelwit word bereik deur die aanbied van

'n skema ter inleiding

'n opsomming ten slotte

sinoniemkonstruksies in die loop van die betoog

en op hierdie manier word semanties belangrike aspekte herhaal:

[2-19c]

*75%, dit wil sê drie-kwart van die groep was daar.**Net 10 van die honderd mense, 'n tiende dus, was daar.**51% dit wil sê net effens meer as die helfte van die mense was daar.*

Semantiese herhaling vervul ook nog verskeie ander funksies, onder andere die volgende:

Semantiese herhaling verskerp die geheue

In veral reklame word 'n nuwe produk/iets nuuts bekend gestel. Die betrokke voorwerp se naam word in die geheue van die leser/hoorder ingeskerp deur voortdurende herhaling in die loop van die advertensie.

Semantiese herhaling is ook belangrik ten opsigte van retoriek

Vergelyk die volgende voorbeeld:

[2-19d]

*Wat bly daar na vertaling oor? Wat bly daar na
'n tweederangse vertaling oor? Wat laat 'n
ongeïnteresseerde, dom, onbekwame vertaler
daarvan oorbly?*

Semantiese herhaling vind ook plaas deur opsomming

'n Bepaalde saak of verskynsel word ten aanvang van 'n betoog of geskrewe stuk genoem. Daarna word die die besonderhede telkens genoem.

Semantiese herhaling versterk argumentasie

Die herhaling van 'n bepaalde belangrike aspek, handeling, ens. vestig die aandag daarop; vergelyk:

[2-19e]

*Die storting van chemiese afval.**Die storting van radio-aktiewe afvalwater.**Die storting van*

teenoor die toepassing van ekonomie deur skrapping:

*Die storting van**(1) chemiese afval;**(2) radio-aktiewe afvalwater, en**(3)*

Ten einde bepaalde semantiese inprenting te doen, word semantiese herhaling ook baie

doeltreffend toegepas. Indien die spreker daaraan twyfel of die hoorder/gehoor die boodskap verstaan, wend hy sekere SH-strategieë aan om te probeer verseker dat die gewenste oordrag geskied. Deur SH-elemente te gebruik, bereik die spreker die volgende doelwitte:

- * Verleen krag aan 'n uiting, versterk dit
- * Verleen intensiteit ('n toename in die aantal SH-elemente)
- * Verhoog intensiteit (daar bestaan egter 'n beperking ten opsigte van die aantal semanties identieke elemente, vormlik identiek of vormlik nie-identiek; weens menslike kognitiewe beperkings is daar 'n lengtebeperking wat SH-konstruksies opgelê word)
- * Verleen semantiese klem
- * Verleen affek
- * Versag 'n uiting
- * Beïndruk gehoor

Wat laasgenoemde betref die volgende: veral deur die gebruik van woorde van Romaanse herkoms in kombinasie met 'n sinonieme woord van Germaanse herkoms probeer die Afrikaans-spreker sy gehoor beïndruk. Daar is 'n groot mate van semantiese verdraagsaamheid teenoor sodanige leenwoorde as sinonieme.

Gespreksreël 2

Wees relevant

Sperber en Wilson verwys binne hul relevansiemodel na die rol van semantiese herhaling. Die volgende Afrikaanse voorbeelde is verteenwoordigend van die voorbeelde wat hierdie outeurs gebruik:

[2-19f]

Hier's 'n rooi sokkie, hier is 'n rooi sokkie en hier is 'n blou sokkie.

(daar is twee rooi sokkies, suiwer telfunksie)

Ons het 'n ver, ver ent gaan stap

(‘n baie ver ent, intensivering)

Daar was net huise en huise waar jy kyk

(‘n baie groot aantal huise)

Dit sal nooit, nooit weer gebeur nie.

(beslis nooit weer die betrokke handeling uitvoer nie)

Daar is 'n tier, 'n tier in die tuin!

(beklemtoon gevaar van die situasie)

My kinderdag is vir ewig, vir ewig verby

(emosionele belewing, affek)

Sperber en Wilson (1986) beweer: "..... the task of the hearer faced with these utterances is to reconcile the fact that a certain expression has been repeated with the assumption that optimal relevance has been aimed at. Clearly, the extra linguistic processing effort incurred by the repetition must be outweighed by some increase in contextual effects triggered by the repetition" en verder "In each of these cases the repetition modifies the propositional form and hence the explicatures of the utterance, and achieves extra contextual effects thereby" (220) ¹³.

Semantiese herhaling is derhalwe 'n oorreaksie/ooraanbod ten opsigte van 'n bepaalde stuk inligting.

Gespreksreël 3

Formuleer helder/duidelik, logies-geordend en sonder woordomhaal
Vermyn dubbelsinnigheid (meerduidigheid) en onduidelikheid (vaagheid)

Hierdie gespreksreël impliseer, en stem ooreen met, die beskouing van die tradisionele grammatici ten opsigte van die stilistiese aanvaarbaarheid al dan nie van semantiese herhaling. Uit die navorsing het dit geblyk dat daar meer gevalle is van nieredundante semantiese herhaling as wat daar gevalle van redundante semantiese herhaling is. Met die gebruik van SH-woordelemente en -konstruksies verbreek semantiese herhaling as sodanig nie hierdie gespreksreël nie, maar brei eerder op die volgende vereistes uit:

* Formuleer helder/duidelik en sonder woordomhaal

Deur die gebruik van semantiese herhaling word gepoog om helderder en duideliker te formuleer as wat nodig is (die redes hiervoor is reeds genoem). Die spreker maak letterlik DUBBELD seker dat sy gehoor 'n onbelemmerde boodskap ontvang. Semantiese herhaling kom dus daarop neer dat die spreker probeer om te/baie helder, te/baie duidelik te formuleer. Dit is juis die doel van hierdie navorsing om aan te toon hoe algemeen semantiese herhaling voorkom in taalgebruik en dat dit slegs ten opsigte van enkele soorte konstruksies neerkom op semantiese redundansie.

* Formuleer logies-geordend

Semantiese herhaling is nie 'n bedreiging van hierdie afdeling van die reël nie. In die konstrueer van 'n SH-vorm word daar nie struktuurreëls oortree nie en in die gewone/algemene sintaktiese groepe tree A en B op, onder andere in:

[2-19g]

adj.	+	s.nw.
<i>skatryk</i>		<i>miljoenêr</i>

¹³ My onderstreping

teenoor

$$\begin{array}{ccc} \text{s.nw.} & + & \text{s.nw.} \\ \hline \text{inspektoraat} & & \text{inspekteurs} \end{array} \times$$

Die SHR-konstruksie in inspektoraat inspekteurs is egter nie semanties logies nie, vanweë die onaanvaarbare ooraanbod van sinonieme gegewens (vergelyk 4.2.1.3).

- * Vermey dubbelsinnigheid (semantiese meerduidigheid)
onduidelikheid (semantiese vaagheid)

Met behulp van SH-elemente en/of -konstruksies word semantiese meerduidigheid en vaagheid verminder en/of opgehef. Indien SHR wel voorkom, verg dit (slegs) herformulering om 'n foutkonstruksie te omvorm tot 'n stilisties aanvaarbare uiting. SHNR is 'n semanties aanvaarbare ooraanbod van inligting; SHR daarenteen is 'n semanties onaanvaarbare ooraanbod van inligting wat deur herformulering verkort kan word tot 'n konstruksie sonder redundante semantiese elemente.

In die studie oor semantiese herhaling is die kwessie van **semantiese vaagheid**¹⁴ belangrik. Semantiese vaagheid is een van die oorsake van presisering, en in sommige gevalle skynbare oorspresisering van semantiese inligting. Swanepoel (1991: 263) skryf: "Die term vaagheid verwys in hierdie verband na die verskynsel dat die betekenis van 'n woord ongespesifiseerd kan wees ten opsigte van sekere toepassings/ekstensies daarvan, dit wil sê nie as wesentlike deel van die betekenis daarvan 'n onderskeid maak tussen sekere waardes daarvan nie".

Semantiese herhaling is spreker-georiënteerd. Die spreker, X, is voortdurend besig om keuses namens sy gehoor/luisteraar(s) Y, te maak ten opsigte van dit wat hy X, veronderstel hy/hulle Y weet/nie weet nie. Dit wat X dus veronderstel, vind neerslag in dit wat X oordra aan Y en die manier waarop hierdie oordrag plaasvind.

Soms is die bedoeling van gedagte-oordrag juis om te min te sê en om sodoende inligting doelbewus te weerhou van die hoorder; hierdeur word dit aan die hoorder oorgelaat om self te oordeel wat die uiting impliseer. Te min inligting kan egter daartoe lei dat die hoorder foutiewe afleidings maak met die skraap kennis tot sy beskikking.

Afhangend van die hoorder se kennis oor 'n bepaalde onderwerp, kan gegewe inligting nodig of redundant wees. So kan weerhoude inligting inligting wees waaroor die hoorder reeds beskik, en dan is dit in orde; of die betrokke inligting ontbreek in die hoorder se ervaringsveld en sonder daardie inligting kan hy nie die gesprek volg of sy eie afleidings maak nie. Vergelyk die volgende situasie:

(1) Spreker X weet nie of hoorder Y oor die nodige kennis beskik om die letternaam in die volgende sin te ontsyfer nie, en gee die verduideliking. Hoorder Y kan dus op een van twee maniere reageer:


¹⁴ Vergelyk Cruse (1986: 81) wat verskil van Kempton (1977: 128-34) ten opsigte van die begrippe vagueness, generality en well-defined.

[2-19h]

X: *Die stuk is voorgelê aan die keurkomitee van SAVTO, die Suid-Afrikaanse Vereniging van Taalonderrig.*

Y: *Ja, ek weet. Ek is self 'n lid.*

OF Y: *O. Ek het nie geweet waarvoor dit staan nie.*



(2) Spreker X weet nie of hoorder Y oor die nodige kennis beskik om die letternaam in die volgende sin te ontsyfer nie, maar aanvaar dat Y (dalk) oor die nodige kennis beskik. X gee dus nie 'n verduideliking nie. Hoorder Y kan dus weer op een van twee maniere reageer:

X: *Die stuk is voorgelê aan die keurkomitee van SAVTO.*

Y: *Ja. Ek is self 'n lid.*

OF Y: *O. Waarvoor staan SAVTO?*



In Meiring (1985) se navorsing oor semantiese vaagheid word verskillende aspekte bespreek wat belangrik is vir die onderhawige studie van semantiese herhaling.

Vaagheid in taal word gemanifesteer in onder andere ondeursigtigheid, meerduidigheid, onbepaaldheid, algemeenheid, ongepresiseerdheid, semantiese en sintaktiese onvolledigheid, asook uitgebreide, verswakte en meervoudige betekenis. Meiring (ibid., 134) beweer: "Die gebruikaspek van taal is die sleutel tot die presiseringsmoontlikhede daarvan omdat presiseerbaarheid en interpretasie twee faktore is wat tot geslaagde kommunikasie lei. Om suksesvol te kan verwys, impliseer dat 'n uiting genoeg inligting moet bevat om geïnterpreteer te kan word. Interpretasie kan op grond van kontekstuele leidrade en kennis van die wêreld deur middel van afleiding geskied. Linguistiese kennis is ook nodig, byvoorbeeld kennis van die ekstensie van 'n woord se betekenis vereis ook kennis van die intensionele betekenis van die konsep waarna 'n woord verwys".

Deursigtigheid van betekenis werk presiserend. "Konteksverskuiwing is veral presiserend om die meervoudige betekenis van 'n meerduidige woord/uitdrukking af te baken tot een

spesifieke betekenis. Ondeursigtigheid het in die geval betrekking op onduidelikheid oor watter betekenis ter sake is, nie oor wat die sin beteken nie" (ibid., 143 - 144).

Dit gaan ook verder "oor watter betekenis/referent ter sake is, aangesien slegs een betekenis van 'n meerduidige begrip in 'n spesifieke situasie/konteks ter sake is. Die verskillende betekenis van meerduidige begrippe kan mekaar nie vervang nie" (ibid., 144). Vergelyk in hierdie opsig die volgende:

[2-19i]

Teuns is 'n *bokser* $\begin{cases} \text{" 'n (bokser)hond"} \\ \text{"iemand wat boks"} \end{cases}$

Hier word dus 'n interpretasieprobleem ondervind, naamlik watter betekenis geld. In hierdie geval is die inligting wat verstrekk is, nogtans misleidend vir foutlose, spontane interpretasie. Gegee die stelling

Teuns is 'n bokser

waar Teuns die semantiese kenmerk van [+menslik] of [-menslik] kan hê, kan semantiese herhaling ingespan word: die probleem word opgelos deur in die een geval te spesifiseer, en in die ander geval te oorspesifiseer:

Teuns is 'n belese bokser (belese: $\supset$ [+menslik])
Teuns is 'n bokserhond (-hond: $\supset$ [-menslik], [+dierlik])

Dit word gedoen met inagneming van bepaalde semantiese kenmerke, byvoorbeeld belese wat 'n [+menslik]-kenmerk is, en presisering van bokser as bokserhond. Die spesifisering van bokser tot bokserhond val in die paradigma:

wolfhond
worshond
bulhond

Meiring (1985: 144 e.v.) skryf dat daar by meerduidigheid nie 'n gebrek aan spesifiekheid is nie, slegs 'n gebrek aan spesifikasie ten opsigte van watter stel voorwaardes geld. Elke betekenis het 'n afsonderlike stel voorwaardes wat nie oorvleuel nie. Waar voorwaardes tussen stelle oorvleuel, is die betekenis vaag. In 'n spesifiserende konteks, waarin 'n spesifieke stel voorwaardes geld, word 'n spesifieke betekenis(waarde) van 'n geheelbetekenis geaktueer.

Vergelyk in hierdie opsig die volgende welgevormde, meerduidige sinne; die meerduidigheid kan opgehef word deur meer inligting te verstrek. Hierdie inligting kom neer op SH-elemente wat bygevoeg word ter wille van semantiese duidelikheid:

[2-19j]

Sin 1: *Dis die hond wat die man jaag*

Lesing 1: Die man jaag die hond

Lesing 2: Die hond jaag die man

(a) Meerduidighedsopheffing:

SH-konstruksie

Dis die man wat vir die hond jaag.

Dis die hond wat vir die man jaag.

Die bygevoegde semantiese element: vir hef die meerduidigheid op.

(Hierdie SH-verskynsel word in hoofstuk 4 bespreek.)

[2-19k]

Sin 2: Ek ken Ans *langer* as Berta.

SH-konstruksie

Lesing 1: Ek ken Ans langer as *wat ek Berta ken.*

Lesing 2: Ek ken Ans langer as *wat Berta haar (Ans) ken.*

Die lesings kan soos volg uiteengesit word sodat dit duidelik kan wees watter leksikale elemente nodig is vir die opheffing van semantiese onduidelikheid:

Sin: Ek ken Ans langer as Berta

Lesing 1: Ek ken Ans langer as *wat ek Berta ken*

Lesing 2: Ek ken Ans langer as *wat Berta haar ken*

Dit hang dus in al hierdie gevalle af van die semantiese elemente wat bygevoeg moet word om sodoende die meerduidigheid van die twee sinne onderskeidelik op te hef. Ten einde semanties ondubbelsinnig geïnterpreteer te word, is die invoeging van hierdie ekstra items nodig. Op hierdie wyse is semantiese herhaling toegepas om foutlose interpretasie te bewerkstellig. Semantiese herhaling kom dus voor vanweë die verskynsel van meerduidigheid en vaagheid.

In die volgende gevalle word die semantiese konstruksie gewysig deur die toevoeging van inligting. Hierdie semantiese elemente wat ingevoeg word, kom neer op noodsaaklike semantiese herhaling ten einde die meerduidigheid op te hef:

[2-19l]

Sin 3: Tydens 'n teepartytjie het *iemand* 'n glips gekry en toe van *haar tee* op *haar rok* gestort.

Die semantiese probleem is om te bepaal wie is hierdie iemand en die haar; is dit een persoon of is daar twee persone: is die onderwerp iemand 'n vrou waarna die haar verwys of is dit die onderwerp met haar as indirekte voorwerp.

Die semantiese lesing kan verander word deur elementinvoeging tot onder andere:

Lesing: Tydens 'n teepartytjie het 'n vrou 'n glips gekry en toe van *haar tee* op *haar eie rok* gestort.

Soos reeds aangetoon: wanneer daar gespesifiseer word (byvoorbeeld die vrou en eie) is die elemente nie semanties redundant nie.

[2-19m]

Sin 4: *Die dronk mens kan niemand help en verstaan nie.*

Lesing 1: Die dronk mens kan *vir niemand* help en verstaan nie.

Lesing 2: *Niemand* kan *vir die dronk mens* help en verstaan nie.

Die invoeging van die leksikale element vir is nodig ter wille van 'n eenduidige semantiese lesing. Daar word van veral een SH-strategie gebruik gemaak, naamlik die vir-invoeging (vergelyk hoofstuk 4 in hierdie verband).

2.5 SAMEVATTING

Semantiese herhaling het te doen met semanties konseptuele oorvleueling. Dit kom neer op die verbreking van die ekonomiebeginsel. Die kragtige ekonomiebeginsel wat teenoor semantiese herhaling staan, het tot gevolg dat ellips, skrapping, vervanging en anaforiek sinvol aangewend word in taalgebruik. Semantiese herhaling word weer toegepas omdat die gebruikers SH-reëls toepas om 'n bepaalde doel te bereik.

Die tradisionele beskrywing van semantiese herhaling handel meestal oor die stilistiese onaanvaarbaarheid van elemente wat semanties herhalend is. In min gevalle word aandag of erkenning gegee aan die positiewe bydrae wat semantiese herhaling lewer ook tot die gesprekstilistiek en nie net as literêre stylmiddel nie.

'n Aantal paradigmatische betekenisrelasies waarvan semantiese herhaling die kernpunt vorm, is in hierdie hoofstuk bespreek (vergelyk konseptuele oorvleueling). Onder **sinonimie** (wat 'n subgeval van betekenisoorvleueling vorm) word volkome en gedeeltelike sinonimie onderskei. Die betekenisrelasie wat in SH-konstruksies tussen element A en B bestaan, kom voortdurend onder die soeklig. In die enkele gevalle van volkome sinonimie word die struktuur (A = B) gebruik. In die meerderheid gevalle van gedeeltelike sinonimie word die struktuur (A + B) gebruik. Benewens sinonimie is **polisemie** (wat dui op die betekenisgeskakeerdheid/betekenisonderskeidinge van 'n bepaalde leksikale item) ondersoek. **Hiponimie** as 'n ander relasie ten opsigte waarvan semantiese herhaling geld, berus op

eensydige implikasie tussen 'n superordinaat en sy hiponieme. Ten opsigte van die semantiese begrip **gemerktheid** word ongemerktheid en gemerktheid onderskei, met semantiese herhaling as oorgemerktheid.

Ten opsigte van die aanvaarbaarheid van SHNR-vorme geld die volgende algemene reël: semanties en vormlik/nie-vormlik identieke geïnstitusioneeliseerde elemente en konstruksies word aanvaar. Hieronder ressorteer onder andere die volgende: diachroniese elemente; toutologieë; duplikasie, triplikasie en kwadrukasie; sinonieme Romaanse en Germaanse woorde, en idiomatiese woordpare/konstruksies.

Ten opsigte van die onaanvaarbaarheid van SHR-vorme geld die volgende algemene waarnemings: redundante semantiese herhaling kom voor (1) wanneer 'n bepaalde geïnstitusioneeliseerde herhalingspatroon nageboots word om op sinchroniese vlak 'n analoogvorm te skep en (2) wanneer pleonasmes op sins- en stukvlak gevorm word.

Die rol van semantiese herhaling in die aanbieding van ou en nuwe inligting is nagegaan: semantiese herhaling het te doen met die herhaling van ou inligting. Semantiese herhaling word gebruik as semantiese oorreaksie op onvoldoende, onbevredigende inligting en bereik daardeur die volgende: meerduideligheid en vaagheid word opgehef; onvoldoende referent = toesegging word gebruik en in die geval van semanties onvoldoende inligting word semantiese uitbreiding gedoen. Hoewel die gespreksreëls van Grice en Leech oortree word, word die volgende bereik deur SH-konstruksies: verleen krag aan 'n uiting, versterk dit; verleen intensiteit; verleen semantiese klem; verleen affek; versag 'n uiting; probeer gehoor beïndruk.